

Waarheid en Dwaling

Weerlegging van die dwalinge van die
vernaamste sektes en strominge in ons land

deur

Predikante van die Gereformeerde gemeentes
in Suid-Afrika

Inhoud

DIE APOSTELSEKTE.	4
Die geskiedenis van hierdie sekte.	4
A. — Die kerklike ampte.	5
I. — Die apostelamp.	5
II. — Die ander ampte.	6
B. — Die genademiddels.	7
I. — Die genademiddel van die goddelike Woord. Wat	7
II. — Die genademiddel van die sakramente.	7
DIE HEILSLEËR.	9
DIE MORMONE.	12
A. — Die Geskiedenis van die Mormonisme.	12
B. — Die Leer van die Mormonisme.	12
C. — Kritiek op die Leer van die Mormonisme.	13
DIE A.E.B.	16
CHRISTIAN SCIENCE.	25
1. Geskiedkundige oorsig.	25
2. Die vernaamste grondstelling van Christian Science.	26
3. Hierdie grondstelling getoets aan Gods Woord.	29
4. Die kerkinrigting van Christian Science.	31
5. Enige opmerkinge.	31
DIE RUSSELLIETE (RUTHERFORDISTE).	33
1. — Ontstaan.	33
2. — Vernaamste Grondstelling.	33
3. — Die Onsterflikheid van die Siel.	34
4. — Die Persoon van Christus en die H. Drie-eenheid.	36
5. — Die Versoeningswerk van Christus.	38
6. — Die Ewige Straf.	40
7. — Die Toekoms van Christus.	42
DIE SABBATARIËRS.	44
I. — Geskiedenis.	44
II — Hul Leer.	44
III. — Waarom vier die kerk die eerste en nie die sewende dag nie?	45
(a) Wat was die gebruik by die ou Christelike kerk?	45
(b) Wat is die antwoord van die Skrif?	47
Jesus en die Sabbat.	48
Waarom moet juis die eerste dag van die week (Sondag) gevier word?	48
Tog het die Here die viering van Sondag gewil en indirek beveel.	49
DIE WEDERDOPERS.	51
Histories.	51
Inleidende opmerkinge.	51
(A)—Wat leer die Skrif en Skrifverband ons oor die kinderdoop?	51
(B)—Besprenkeling of/en Onderdompeling?	57
(C) — Die Geestesdoop.	59
DIE SPIRITISME.	62
1. — Inleiding.	62
2. — Geskiedenis.	62
3. — Leer.	63
4. — Verskynsels en hul verklaring.	63
5. — Gevare.	66

6. — Die Spiritisme en die Bybel.....	67
7. — Slot.....	68
VRYMESSELARY.....	71
Inleiding.....	71
I. Die geskiedenis van Vrymesselary	72
II. Sy tipiek en simboliek.....	73
III. Die leer oor God, Gods Woord en die godsdiens.	76
IV. Slotsom :—	79
DIE OXFORD-GROEP.....	80

DIE APOSTELSEKTE.

(Ds. L. S. VAN DER WALT.)

Hierdie sekte is bekend onder verskillende name, soos: "Die Apostels" of ook: "Die Apostelkerk". Die offisiële naam is egter: "Die Apostoliese Kerk", sodat hierdie sekte nie verwar moet word met die Wederdoper-sekte wat gewoonlik "Die Apostoliese" genoem word nie. Later in sy geskiedenis word dit genoem: "Nu-Apostoliese Kerk" en "Ou-Apostoliese Kerk".

Die geskiedenis van hierdie sekte.

Edward Irving, gebore in 1792, is die vader van die sekte. Hy was predikant van die Skots-Presbiteriaanse Kerk en het opgetree in 'n tyd toe by baie mense die hoop geleef het dat die wederkoms van Christus spoedig sou plaasvind. Dit was naamlik kort ná die Franse Rewolusie en die oorloë van Napoleon, toe baie verlangend uitgesien het na die dag van Christus.

In 1822 kom Irving in aanraking met 'n godsdienstige kring, gestig deur die bankier Drummond. Op sy landgoed, Albury Park ten suide van Londen, het hierdie groep gereeld saamgekom vir Skrifondersoek en gebed. Irving word, nadat hy tot hul leier gekies is, die siel van die beweging. Hy tree op as geesdriftige boetprediker, wys op die naderende koms van Christus en profeteer dat die wêreld einde in 1864 sal plaasvind. Die kerk word van groot afvalligheid en sonde beskuldig omdat dit die ampte, wat in Efese 4:11 genoem word, nie meer onderhou nie, naamlik apostels, profete, evangeliste, herders en leraars.

Irving word later deur sy kerk afgesit vanweë sy dwaalleer insake die menslike natuur van Christus, waarop Drummond vir hulle 'n eie kerk stig. Hy roep egter Irving nie uit as apostel nie, maar wel 'n sekere advokaat Cardale, 'n ander lid van die kring, terwyl Irving ná verloop van tyd aangestel word as "engel". Ook die ander ampte word in eer herstel. Die gawes van die Heilige Gees kon nou weer ontvang en die wederkoms van Christus afgewag word. In 1833 word nog ses gemeentes in Londen gestig.

Op twee-en-veertigjarige leeftyd is Irving oorlede te Glasgow (1834), nadat hy erken het dat hy soms naywerig was omdat hy dit nie verder kon bring as "engel" nie.

Ná die dood van Irving is reeds vyf apostels benoem en in 1835 sou die twaalf voltallig word. Op 14 Julie 1835 vind die plegtige afsondering van die apostels plaas wat voortaan sou werk vir die heil van die hele kerk. Vir 'n jaar gaan die twaalf apostels saam met sewe profete na Albury, die landgoed van Drummond, om daar die Bybel te ondersoek. Op 15 Julie 1836 verdeel die twaalf apostels die hele Christendom onder hulle en elkeen kry 'n stam waaruit hy 12,000 verseëldes moet versamel. Aan Cardale word die stam Juda, dit is Engeland, toegewys. Eers rig die apostels 'n getuienis aan die koning en die biskoppe van die Engelse staatskerk en daarna gaan elkeen, vergesel van 'n profeet, 'n evangelis en 'n herder en leraar, om sy stam te besoek. So brei die arbeidskring uit, ook na die vasteland van Europa, en veral in Duitsland word 'n aansienlike aanhang verkry.

Gaandeweg het daar stryd en verdeeldheid in die apostelkerk gekom. Verskeie apostels is oorlede en Mackenzie, een van die twaalf wat Noorweë en Swede as sy arbeidsveld ontvang het, begin twyfel aan sy apostelskap. Gevolglik onttrek hy hom aan die kring. Groot teleurstelling is ook veroorsaak deur die feit dat Christus se wederkoms nie plaasgevind het op die tye wat deur die apostels voorspel is nie, soos bv. 1835, 1838, 1842, 1845 en 1855. Ook die bewering dat die wederkoms sou plaasvind voordat die twaalf apostels sterf, is deur die feite geloënstraf. In 1901 is Woodhouse, die laaste van hierdie apostels, oorlede en daarna het die Irvingianisme 'n kwynende bestaan gevoer.

Geyer, 'n profeet uit Berlyn, het gemeen dat die oopgevalle plekke van oorlede apostels weer opgevul moes word. Hy benoem dan ook twee wat egter nie algemene goedkeuring wegdra nie en nadat hy nog 'n derde en vierde apostel benoem het, word hy in 1862 van sy ampsbediening geskors.

As gevolg hiervan stig Geyer en die "engel" van Hamburg, Schwarz, 'n nuwe sekte met die naam: "Hersteld-apostoliese Zendingsgemeente." Schwarz, wat die leiding aangee in hierdie nuwe beweging tot 1895. word aangestel as apostel van Nederland en België.

Ná die dood van Schwarz word Krebs, 'n gewese spoorwegbeampte, die hoofapostel. Onder sy kragtige leiding groei die nuwe beweging en word naderhand genoem: "Hersteld-apostoliese Zendingsgemeente in die eenheid der Apostelen". Krebs is die vader van die eenheid en hy word in 1905 opgevolg deur Niehaus, wat aan sy voorganger hulde betoon deur te verklaar dat hy met die Krebsgees vervul is en met Krebsvet ingesmeer is. As Krebs sterf pas Niehaus woorde van Jesaja 53 op hom toe: "As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien", ens.

Sedert 1907 is die naam "Nu-apostoliese Kerk". Onder die leiding van stamapostel Niehaus het die Nu-apostoliese Kerk uitgebrei na Amerika, Australië, Indië en Afrika. In Suid-Afrika is die naam Nu-apostoliese Kerk (Afrika) en ook Ou-apostoliese Kerk met apostel Klippe as stigter.

Laat ons nou die vernaamste leerstukke van hierdie sekte ondersoek en toets aan die Woord van God.

A. — Die kerklike ampte.

I. — Die apostelamp.

Die kerklike ampte is volgens hierdie sekte die volgende (in opklimmende orde van belangrikheid): diakones, diaken, priester, evangelis, herder, ouderling, profeet, biskop, apostel-helper, apostel en stamapostel, wat die belangrikste is.

Soos elke sekte één leerstuk het wat eensydig beklemtoon word, so is die apostelamp die fondament van hul leer. Die apostelamp word deur hulle verheerlik en beskryf as "die Godgewilde plaasvervanging van Jesus Christus in die vlees". Verder sê hulle: "'n Ander versoening met God is daar nie as alleen deur genade en apostelamp". In die "Zondagsblad" van 20 Julie 1924 lees ons die volgende: "Wij ontvangen het licht uit den stamapostel en de gemeenten weer uit hun apostel". En verder: "Voor ons Apostolischen bestaat er geen ander weg onder de zon den Vader Zijne eer te doen toekomen, dan door gehoorzaamheid, trouw en huldebetoon te bewijzen aan den ons gegeven apostel, onze geestelijke vader". Die apostel-volgeling voel hom onmagtig om selfs "het kleinste geloofsvruchtje te kunnen kweken buiten de levensgemeenschap van onze geestelijke vader". Hulle praat selfs van die in die apostel gelegde Jesus-vermoë.

Dergelike aanhalinge toon duidelik aan hoe hierdie sekte die apostelamp in die plek van die middelaarskap van Jesus Christus skuif. Die sieleheil van die gelowige is afhanklik van sy geloof in die apostel. So is ook hul liedere grotendeels 'n verheerliking van die apostelaat, soos blyk uit die volgende woorde van 'n lied: "'t Apostelambt is onze rots. waarop wij moeten bouwen. Hij is in 't heden onze God, waarop wij ons vertrouwen".

Laat ons nou hierdie dwaalleer toets aan die Woord van God. Die leer oor die apostelamp word deur die sekte veral gegrond op Efésiërs 2:20 waar ons lees: "Gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is". Verder op Mattheüs 16:18 wat lui: "En Ek sê vir jou: jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou"

Die groot fout van hierdie sekte is dat hulle hierdie twee tekste laat slaan op die lewende apostels. Die fondament waarvan sprake is in Efésiërs 2: 20 is nie die lewende apostels nie, maar hul leer en getuigenis as grondleggers van die Christelike kerk. Die apostels het die fondament gelê; hulle is nie die fondament self nie. Die fondament waarop die kerk rus is dus nie die persone van die lewende apostels nie. Daarom onderskei Paulus in 1 Kor. 3:10 homself duidelik van die fondament waar hy sê: "Volgens die genade van God het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê en 'n ander bou daarop". Hy laat die kerk nooit op sy persoon rus nie, soos verder blyk uit vers 11: "Want niemand

kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie; dit is Jesus Christus". Die fondament van die kerk is derhalwe nie die lewende apostels nie, maar die belydenis dat Jesus, die Christus, die Seun van die lewende God is.

'n Ander geliefkoosde teks van die apostelsekte is Efésiërs 4:11, 12: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hul dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus....."

Uit hierdie teks word dan afgelei dat dit die wil van God is dat die apostelamp en die ander ampte hier genoem, moet bly tot aan die voleinding. Maar hier is niks wat so 'n opvatting regverdig nie. Die apostels was die grondleggers van die Christelike kerk en het buitengewone gawes ontvang vir hul buitengewone werk. Toe die Christelike kerk gevestig was, het die buitengewone gawes van God die Heilige Gees ook opgehou, eweas die buitengewone ampte. God die Heilige Gees het verder aan sy kerk die gewone geestesgawes geskenk en die gewone ampte van diakens, ouderlinge, herders en leraars.

So is dit ook baie duidelik uit die Heilige Skrif dat die bedoeling van God nie was dat die apostelamp vir altyd moes voortbestaan nie, as ons naamlik let op die kenmerke en vereistes van die ware apostels van die Heilige Skrif.

Wat was die kenmerke van die ware apostels:

- (1) Die apostels van die Bybel is deur Christus self geroep en in die amp gestel. So was dit met die eerste twaalf apostels en ook met Paulus (Gal. 1:1) en Matthias wat in die plek van Judas gekies is: die Heilige Gees het hom deur die lot geroep tot die apostelskap. Die apostels van die sekte word aangestel deur mense. Wat 'n groot verskil!
- (2) Die Bybelse apostels was oog- en oorgetuies van Jesus se woorde en werke, vgl. Handl. 1:8 en 1 Kor. 9:1, Die sekte-apostels beantwoord ook nie aan hierdie vereiste nie en stel hul eie woorde bokant die Woord van God.
- (3) Die apostels van die Heilige Skrif moes getuies wees van die opstanding van Jesus Christus; hulle moes Jesus self gesien het. In Handl. 1:21 en 22 lê Petrus hierop nadruk voor die verkiesing van Matthias. Ook Paulus vestig die aandag hierop wanneer hy vra: "Is ek nie 'n apostel nie? Het ek nie Jesus Christus, onse Here, gesien nie?" (1 Kor. 9:1).
- (4) Die Bybelse apostels was 'n geslote kring van twaalf en hul name word verskillende kere in die Nuwe Testament genoem. Hul getal hou verband met die twaalf stamme van Israel. Die latere apostels, soos Paulus, en Barnabas, is vir 'n besondere doel geroep. Ná die dood van Jakobus het niemand meer daaraan gedink om 'n apostel in sy plek te kies nie. Kan hierdie sekte één teks noem waarin die bevel gegee word om nog apostels aan te stel? Intendeel, Gods Woord waarsku in 2 Kor. 11 en veral in vers 13 teen valse apostels. Ook die geval van die apostel Paulus verleen geen opening om nog apostels aan te stel nie. Paulus het 'n spesiale roeping ontvang en was die instrument in Gods hand om die apostolaat van die twaalf apostels tot grondslag van die hele Christelike kerk te lê. Hy het dan ook baie duidelik die kenmerke van 'n ware apostel vertoon.

II. — Die ander ampte.

Saam met die apostels het die evangeliste en profete opgetree. Die **evangelis** het ook 'n buitengewone amp beklee en het deelgeneem aan die grondleggende arbeid van die apostels (1 Thess. 3:2). Hulle moes natmaak wat die apostels geplant het. Ná die vestiging van die kerk het hulle, net soos die apostels, van die toneel verdwyn.

Die **profete** het eweneens 'n buitengewone roeping ontvang en die apostels bygestaan in die opbouende en lerende werksaamheid, waarna hierdie amp opgehou het om te bestaan as buitengewone. Alle gelowiges is vandag profete kragtens die amp van die

gelowiges; as sodanig bely hulle die naam van die Here en behoort hulle lewende getuies te wees vir die saak van Jesus Christus.

Ook die **priesteramp** het weggeval, want Jesus was die groot priester oor die huis van God en aan sy versoeningswerk ontbreek niks nie (Hebr. 10:12, 14). Die gelowiges is vandag almal priesters wat hulleself aan God toewy as lewende dankoffers. 'n Altyddurende versoeningswerk ken die Bybel nie — dit is 'n Roomse denkbeeld.

Die amp van "**engel**" is geen afsonderlike amp nie. Die engel van die gemeente is sy predikant, sy herder en leraar.

B. — Die genademiddels.

I. — Die genademiddel van die goddelike Woord.

Wat die opvatting van die apostelsekte is oor die bediening van die Heilige Woord deur die ampsdraers, blyk uit die volgende aanhalinge: "Luie en trage herders drenken hun dorstige schapen met het vuile putwater van den Bijbel". Krebs se volgeling spreek met groot minagting oor die Bybel: "De Bijbel is gelijk aan het verdorde hooi; hoeveel beter is het versche malsche gras van de levende apostelen voor de grazende kudde der geloovigen". Die woorde van die apostels is vir hierdie mense baie meer werd as die Woord van God. Daarom word die heilswaarhede van Gods Woord, met Jesus Christus as sentrale inhoud, op die agtergrond geskuif. Die apostel kry voorkeur bokant Christus; hy word verafgood en van die verlossingswerk aan die kruis word weinig gehoor, terwyl die werk van die apostel as noodsaaklik en onmisbaar op die voorgrond geskuif word. Die apostel matig hom dit ook aan dat hy sondes kan vergewe, 'n weldaad wat God alleen kan gee (vgl. Jes. 43:25).

II. — Die genademiddel van die sakramente.

Ook ten opsigte van die sakramente dwaal hierdie sekte ver van Gods Woord af. Hulle spreek van die Heilige Nagmaal as 'n herhaalde offerande. Hier is die Roomse suurdeeg duidelik merkbaar. Nee, die Nagmaal is vir ons die fees van verlossing wat ons dankbaar vier tot gedagtenis van Christus se volbragte offer aan die kruis.

Net soos by die Roomse Kerk word ook by hierdie sekte kinders aan die Nagmaal toegelaat en dit ten spyte van die eis van selfbeproeving wat Gods Woord so duidelik noem in 1 Kor. 11:28. Op die vraag of 'n kind die liggaam en bloed van Christus kan onderskei, antwoord hulle deur te vra of 'n kind kan onderskei wanneer hy gedoop word. Hulle beweer verder dat die ouers by die Doop in die plek van die kind staan en netsowel kan hulle by die Nagmaal ook vir hul kinders staan. "Het geloof der ouders staat als bemiddeling voor de kinderen om het Avondmaal te ontvangen".

Maar waar leer die Bybel iets dergeliks? Nee, kinders word nie gedoop omdat die ouers in hul plek glo nie, maar omdat hulle deur hul geboorte uit gelowige ouers in die Verbond van God inbegrepe en in Christus geheilig is (1 Kor. 7: 14). Maar deelneem aan die Nagmaal is heeltemal iets anders. Wie dit doen, moet homself eers beproef en hoe kan 'n kind dit doen? By die Doop is die mens lydelik, maar die Nagmaal is die sakrament van die opwassing in die genadelewe en dit veronderstel 'n bewuste handeling by die deelneming. Die Nagmaal versterk die bewuste geloofslewe.

Die Verseëling.

Volgens hierdie sekte is daar drie sakramente: Doop, Nagmaal en Verseëling. Onder "verseëling" verstaan hulle "dat die gedoopte gelowiges deur handoplegging van 'n lewende apostel, en alleen deur só een, met die Heilige Gees moet verseël word tot die verkryging van die 'eerstelingskap'." Deur die verseëling ontvang die gelowige uit die hand van die apostel die vervulling met die Heilige Gees of die vuurdoop en word verseël as verlost wat deel sal uitmaak van die 144,000 verseëlde van Openbaring 7 en 14.

Vir hierdie derde sakrament het die sekte geen grond in die Bybel nie. Waar het Christus hierdie sakrament ingestel? Die sakrament van die heilige Doop verseël die afwassing van die sonde en die gawe van die Heilige Gees. Volgens Handeling 2: 38 ontvang die gelowige met sy Doop ook die verseëling deur die Heilige Gees.

In Handeling 8:15 en 19:6 is sprake van die buitengewone gawes van die Heilige Gees wat die apostels met handoplegging meegedeel het. Dit was 'n mag wat die apostels alleen besit het. Doop en Verseëling deur die Heilige Gees word also deur die sekte geskei en die heerlike gawe van die verseëling deur Gods Gees word afhanklik gemaak van die handoplegging deur die apostel. Hierdie verseëling-sakrament van die sekte is nou verwant aan die Roomse sakrament van die konfirmasie. Verreweg die meeste kinders van God, sowel in die Bybelse tyd as tot vandag toe, ontvang die Heilige Gees, deur wie hulle verseël is, sonder handoplegging. Die gawe van die Heilige Gees is nie gebind aan handoplegging van 'n priester nie; dit is 'n regstreekse gawe van God (Hand. 10:44 en 45).

Die Doop vir die Dode.

Die sekte leer verder dat die gelowiges op aarde die sakramente kan ontvang tot heil en saligheid van afgestorwenes. Hiervoor beroep hulle hulle op 1 Kor. 15:29 waar ons lees: "Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop?" Paulus refereer hier na 'n praktyk wat hy glad nie goedkeur nie. Daarom spreek hy hier van "hulle", waardeur hy homself uitsluit. Die dode word hier deur Paulus slegs voorgestel as die motief waarom die lewendes hulle laat doop het. Omdat hulle wat in Christus ontslaap sal opstaan, het daardie mense hulle laat doop sodat daar ook vir hulle 'n opstanding kan wees. Die doop verseël immers die opstanding uit die dood. Paulus leer hier dus glad nie dat die lewendes hulle kan laat doop tot heil en saligheid van afgestorwenes nie. Hier is iets te bemerk van die Roomse leer van die vagevuur en die voorbidding vir afgestorwenes. Verder straal ook die gedagte deur van 'n tweede kans tot bekering ná die dood, waarteenoor Gods Woord duidelik stel: "Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van verlossing" (2 Kor. 6:2b).

DIE HEILSLEËR.

(Ds. W. F. VENTER).

In my kort bespreking van hierdie geloofsrigting wil ek handel oor vier sake:

1. Die Stigting;
2. Die Inrigting van die Heilsleër;
3. Die Leer van die Heilsleër;
4. Ons Besware teen die Heilsleër.

1. Die vader van hierdie geloofsrigting is William Booth, gebore 1829, gestorwe 1912. Sy ouers het behoort aan die Engelse staatskerk (die Anglikaanse Kerk). Booth was van sy jeug af 'n gevoelsmens en het hom blykbaar nie besonder aangetrokke gevoel tot die "High Church" met sy starre en strakke seremonie-diens nie, want op veertienjarige leeftyd het hy die kerk van sy ouers verlaat en hom gevoeg by die Metodiste-kerk. Dat die jong Booth besondere begaafdhede besit het, word bewys deur die feit dat hy op sewentienjarige leeftyd reeds benoem is tot lekeprediker. Vyftien jaar lank het Booth die Metodiste-kerk gedien, maar toe het sy rustelose gees hom gedryf tot meer selfstandige optrede; hy het gevolglik sy betrekking met die kerk afgebreek en as rondreisende prediker selfstandig begin optree. Ná 'n vierjarige rondreis het hy in Londen aangekom en hom gewend na Whitechapel, 'n besonder digbewoonde agterbuurt van Londen. Hier het hy sy eintlike werk begin, nl. om die uitgestotenes van die maatskaplike lewe, die dakloses, die dronkaards, die ontslane gevangenes op te soek, hulle op te hef en aan hulle die Evangelie te verkondig.

Aanvanklik het die mense min notisie van die straat-prediker geneem en hy en sy paar volgelingen is met meer beskimping as belangstelling bejeën. Booth het egter volgehou en allerlei planne beraam om die aandag op hom en sy groep te vestig. So het hy 'n orkes op die been gebring en saans en Sondae optogte georganiseer en, terwyl nuuskieriges die optog naloop, het Booth en sy volgelingen al "marsjerende" gesprekke aangeknoop met die meelopers om hulle so na die vergaderlokaal te lok. Ná dertien jaar van sodanige onvermoeide arbeid het Booth se beweging sover gevorder dat hy kon begin met die organisasie wat hy homself tot doel en ideaal gestel het, nl. die inrigting van sy gemeente volgens die model van 'n leër.



2. Die inrigting van die Heilsleër is geheel-en-al volgens die model van 'n leër. Die grondgedagte van Booth se godsdienstige beskouing is dat die lewe van die Christen 'n "heilige oorlog" moet wees teen alle vorme van sonde. Om nou hierdie "heilige oorlog" doelmatig te kan voer, moet die Christene georganiseer wees soos 'n leër. Booth se strewe was na "'n leër wat tot die saligheid kan bring". Die hele inrigting van die Heilsleër is dan ook op militêre lees geskoei: Booth self het "generaal" geword, sy vrou sy "adjutante" en sy seun Bramwell die "hoof van die generale staf"; verder vind ons alle range van die gewone leër. Die godsdienstige samekomste word genoem "oefeninge", die bekeerlinge "krygsgevangenes". So 'n "krygsgevangene" word ná 'n tyd 'n "rekrut", dan 'n "manskap", totdat hy later in een of ander offisiërsrang benoem word. "Manskappe" moet elke oomblik "marsvaardig" wees, en offisiere moet hulle streng onthou van tabak en sterk drank. Vroulike lede moet enige vorm van mooi aantrek vermy. Om hierdie dinge te vergemaklik is vir mans sowel as vrouens 'n uniform ingestel. Om die militêre karakter van die Heilsleër as 't ware te vervolmaak is 'n orgaan in die lewe geroep wat genoem word: "The War Cry".



3. **Leer**, Die leer van die Heilsleër is die Metodisme in sy uiterste vorm. Al die dwalinge van die Metodisme word dan ook in die oortreffende trap terug gevind. Eintlik kan ons

nie spreek van 'n **leer** van die Heilsleër nie. Volgens Booth se eie woorde kom dit 'n mens nie soseer aan op die **leer** nie as wel op die **metode** en die **doen**. Booth het gesê dat die kerk in Engeland te kort geskiet het in sy taak; die kerk is te **skraal** in sy werk, te **stadig**, en daar word te min **daadwerklike aksie** geopenbaar. In sy eie woorde: "Prediking en vermaning is nie genoeg nie; wat nodig is, is die letterlike toepassing van die Skrifwoord: „dwing hulle om in te kom." Hierdie "dwing hulle" moet bewerk word deur elke moontlike middel wat aantrek en indruk — vandaar die orkesmusiek by die samekomste, die handegeklap en sakdoek-geswaai en byna eindelose halleluja-geroep.

Dit is seker eensdeels hierdie beskouing van Booth ten opsigte van die kerk se werk wat oorsaak was dat hy later finaal gebreek het met die Metodiste-kerk. Waar hy hom eers tot taak gestel het om bekeerlinge tot die kerk terug te bring, het hy hierdie strewe later laat vaar. 'n Ander oorsaak vir sy breuk met die kerk was die feit dat — na sy bewering die gewone mense nie die deftige Engelse kanseltaal verstaan nie, en die eintlike kerkmense 'n afsku daaraan het om saam met die "vuil en verflenterde volk" in die kerk te sit.

Soos gesê, is die **leer** by die Heilsleër bysaak; hoofsaak is aksie en opwinding. Om die woorde van 'n vooraanstaande offisier te gebruik: "Die strewe in ons samekomste is nie soseer gerig op orde en stigtelikheid nie, maar op roering, onrus en opwekking, want opwekking is die kragtigste aanval op Satan en sonde". Hiermee word blykbaar bedoel dat deur die rumoerigheid van die samekomste die duiwel en die sondige neigings verdryf word uit die harte van die deelnemers.



4. Ons besware teen die Heilsleër. Vooraf moet ons eerlik en openlik ons waardering uitspreek vir die goeie en nuttige werk wat die Heilsleër verrig op die gebied van die maatskaplike lewe, veral onder verarmdes en gesonkenes. In Londen is deur hierdie werk tydens die bloeiperiode van Booth se optrede soveel goeds verrig dat Spurgeon gesê het: "As die Heilsleër uit Londen verban sou word, dan sou 5,000 konstabels nie genoeg wees om die orde te handhaaf nie".

As ons so met waardering melding maak van die goeie werk van die Heilsleër op maatskaplike gebied, wil dit glad nie sê dat ons al die metodes van die Heilsleër goedkeur, of sy begrip van barmhartigheid erken as reg, of die resultate wat hy behaal as die beste beskou nie — inteendeel, daar is menige saak waaragter ons as Gereformeerdes 'n vraagteken moet sit.

Ten tweede moet vooraf as feit neergelê word dat die Heilsleër (hier in ons land ten minste) nie gekenmerk word deur daardie skerp vyandige houding teenoor die kerke wat ons aantref by die meer bekende sektes soos die Apostoliese, die Sabbatariërs en die Bybelstudente nie. Hieruit moet egter nie afgelei word dat die Heilsleër die kerke goedgesind is nie — inteendeel, ons tref daar ook maar 'n sterk veroordelende neiging teenoor die kerke aan. Ook die Heilsleër, net soos die ander sektes, toon 'n voorliefde vir vergroting van die "sondes" van die kerke.

Wat is dan nou ons besware teen die Heilsleër? Ons kan dit saamvat in die volgende punte:

1. Die Heilsleër verwaarloos die **leer** wat gevestig en blywend is en dit terwille van "**aksie**", **gevoelsdrywery** wat onvas en wisselend is. As sodanig het die Heilsleër geen fondament nie. Dit het dan ook geheel-en-al veroppervlakkig. Ons kan daarom goed verstaan dat die Heilsleër die sakramente grotendeels in onbruik laat raak het.
2. Die Heilsleër doen afbreuk aan twee fundamentele leerstukke van die Bybel, nl. die van sonde en genade. Van wedergeboorte en regverdigmaking hoor 'n mens by die Heilsleër feitlik nooit nie — al die nadruk word gelê op "heiliging" van die lewe. Sover gaan die Heilsleër hierin dat aan sy predikers opdrag gegee word om "met groot beslistheid te preek dat dit moontlik is om in hierdie lewe nie slegs van elke skuld en die mag van die sonde bevry te word nie, maar selfs van elke **neiging** tot sonde". Dit

is loutere Perfeksionisme waartoe slegs die uiterste Metodis in staat is. Hierteenoor vind ons van 'n belydenis dat die mens dood is in sondes en misdade by die Heilsleër niks nie.

Verder leer die Skrif ons dat die heiligmaking 'n lewenslange proses is en dat die gelowige die volkomenheid daarvan eers in sy sterfuur bereik.

3. Ten opsigte van die bekering ontbreek by die Heilsleër die ware erns en diepte. Veelal is die bekering onder invloed van die Heilsleër se dienste maar 'n skynbekering — 'n uitwendige bekering gewerk in 'n oomblik waarin die gemoed oorprikkel en opgesweep is deur die indrukwekkende aard van die diens. So 'n bekering is gewoonlik niks meer as die bekende "oorgee in 'n vroom oomblik" nie. Menige bekeerling van die Heilsleër val dan ook weer terug sodra die opwinding en nuwigheid verby is.

'n Dergelike bekeringsleer vind ons nie in die Skrif nie, maar wat ons wél vind is dat die eerste vereiste tot waaragtige bekering **hartgrondige berou** is oor ons gedane sondes. Hartgrondige berou is egter nie iets wat in 'n oomblik kan opwel nie — nee, dis die vrug van noukeurige inblik in eie hart en bepeinsing van eie sondetoestand. Waaragtige bekering is oortuiging, dán verandering van hart, en, daarná eers verandering van lewensrigting en hierdie is dinge waartoe 'n mens nie onder oorprikkeling en opwinding, of in 'n vroom oomblik geraak nie.

4. Laaste, maar seker nie leste nie, moet ons beslis beswaar maak teen die rumoerige en onordelike karakter van die samekomste van die Heilsleër. Vir die vrome gemoed van die gelowige is sulke dinge aanstootlik en dit grens aan lasterlikheid. Die Gereformeerde bely dat God 'n God van orde is en dat dit in sy diens ordelik en stigtelik moet toegaan.

Hoewel daar dus baie te prys is by die Heilsleër, nl. op die punt van sy maatskaplike opheffingswerk, tog is dit 'n geloofsrigting waarteen Geref. lidmate gewaarsku moet word, want dit bevat nie alleen menige dwaling nie, maar werk ook verwoestend in op waaragtige en diepe godsvrug.

Geraadpleegde werke:

Het Heilsleger.

Artt. in Chr. Encyclopaedie en in Ency. Brittanica.

"Stroomingen en Sekten van Onzen Tijd" — H. Bakke

DIE MORMONE.

(Ds. B. R. KRÜGER).

A. — Die Geskiedenis van die Mormonisme.

In die omgewing van die Amerikaanse soutsee-meer Utah is die eerste gemeente van die Mormone gevestig. Hierdie sekte is bekend onder die offisiële naam van: "**Die Kerk van Jesus Christus van die heiliges van die laaste dae**". Josef Smith jnr. het in April van die jaar 1830 in die staat New York sogenaamd 'n goddelike openbaring ontvang, waardeur die boek van Mormon ontdek is.

In die boek van Mormon word dan vertel van drie verskillende kolonies wat uit Asië na Amerika verhuis het. Die nakomelinge van die eerste nedersetting, met die naam van **Jarediete**, het mekaar uitgemeer; die tweede was afkomstig uit Jerusalem ná die troonsbestyging van Sedekia. Laasgenoemde kolonie het in Amerika in twee dele gesplits, naamlik die **Nefiete** en die **Lamaniëte**. Die derde verhuising, ook afkomstig uit Jerusalem, het later saamgesmelt met die Nefiete. In die boek van Mormon word nou uitvoerig die geskiedenis van die Lamaniëte en die Nefiete beskrywe. Die Lamaniëte, die voorouers van die teenswoordige Indiane, was goddeloos, terwyl die Nefiete vrome mense was aan wie selfs engele sou verskyn het, maar veral die Here Jesus ná sy opstanding. Christus het sommige van die Nefiete dan ook aangestel as profete en apostels. Toe lateraan verval gekom het onder die Nefiete, het die Here hulle gestraf met die Lamaniëte as gésel.

Mormon is die laaste Nefitiese profeet. Op bevel van God maak hy dan 'n uittreksel van die geskiedenis van sy volk en van die goddelike openbaringe. Nadat dit goed beskrywe was op goue plate, het sy seun Maroni die geskiedskrywing voortgesit tot die jaar 420 n.C. en dit toe begrawe waar Josef Smith dit weer ontdek het.

Die manier waarop Smith die "boek van Mormon" ontdek het, is fabelagtig. Terwyl hy hom (ná 'n goddelike openbaring) versteek het in 'n bos, verskyn daar plotseling twee hemelinge wat hom dan plegtig verseker dat spoedig aan hom die Evangelie van Jesus Christus geopenbaar sal word. Die boek van Mormon word dan gevind en in 1829 word Josef Smith en 'n vriend van hom deur Johannes die Doper self gewy tot die Aäronitiese priesterskap. Die twee vriende doop mekaar en ontvang volmag om ook ander met die Heilige Gees te doop, "die Kerk van Jesus Christus van die heiliges van die laaste dae" te organiseer.

In die jaar 1830 word Josef Smith hoof van hierdie sekte, waarna verskillende "gemeentes" in Amerika gestig word. In die begin het die Mormone 'n moeilike en gejaagde lewe. Verskillende wanpraktyke veroorsaak later dat Josef en sy broer albei vermoor word, waarop Brigham Young in die presidentsamp gestel word.

As die vervolginge weer losbars, onderneem die Mormone 'n kruistog oor eindelose vlaktes en woestyne, oor woeste en hoë berge totdat hulle eindelijk die vallei van die soutsee-meer van Utah bereik. Hier word nou veertig jaar lank gebou aan die reusagtige Mormoonse tabernakel wat 250 vt. lank, 150 vt. breed en 80 vt. hoog was, met 'n eivormige dak. In 1870 word hierdie geweldige gebou, wat 10,000 mense kon bevat, in gebruik geneem.

B. — Die Leer van die Mormonisme.

Aan die hoof van die sekte staan 'n President of Siener met twee Raadgewers. Die werk van die President is: "Over de geheele Kerk te presideeren, en gelijk Mozes te zijn; ja een ziener te zijn, een openbaarder, een vertaler en een profeet hebbende alle gaven Gods die Hij op het hoofd der Kerk bevestigt".

Onder die president en raadgewers staan **twalf apostels** en onder die apostels weer die "**Orde van sewentig**" wat veral sendingswerk doen. Al hierdie helpers, tesame nog met die evangeliste, hoëpriesters en ouderlinge, beklee die amp van die priesters wat na

die ordening van Melgisedek is.

Die leerstuk van die Mormonisme word kortheidshalwe saamgevat in die dertien artikels van hul geloofsbelydenis wat in 1842 deur Josef Smith opgestel is, en wat as volg lui:

1. Ons glo in God, die ewige Vader, en in Jesus Christus sy Seun, en in die Heilige Gees.
2. Ons glo dat die mens vir sy eie sonde gestraf sal word, en nie vir die oortreding van Adam nie.
3. Ons glo dat deur die verlossingswerk van Christus alle mense salig kan word deur gehoorsaamheid aan die Wet en verordeninge van die Evangelie.
4. Ons glo dat die eerste beginsels en verordeninge van die Evangelie is: (i) geloof in die Here Jesus, (ii) bekering, (iii) doop deur onderdompeling tot vergewing van sondes, (iv) die oplegging van hande vir die gawe van die Heilige Gees.
5. Ons glo dat 'n man van God geroep moet word deur openbaring en deur die oplegging van hande van diegene wat die outoriteit besit om die Evangelie te preek en die verordeninge daarvan te bedien.
6. Ons glo in dieselfde organisasie wat in die vroeëre kerk bestaan het, naamlik apostels, profete, herders, leraars, evangeliste, ens.
7. Ons glo in die gawe van tale, profesieë, openbaringe, gesigte, gesondmakinge, uitlegging van tale, ens.
8. Ons glo in die Bybel as die Woord van God, insover dit noukeurig vertaal is; ons glo ook in die Boek van Mormon as die Woord van God.
9. Ons glo in alles wat God alreeds geopenbaar het en in wat Hy nog openbaar en ons glo dat Hy nog baie groot en vername dinge sal openbaar aangaande die Koninkryk van God.
10. Ons glo in die letterlike vergadering van Israel en die herstelling van die Tien Stamme; dat Sion gebou sal word op die westelike vasteland; dat Christus persoonlik op die aarde sal regeer en dat die aarde vernuut sal word en weer sy paradysheerlikheid sal ontvang.
11. Ons eis die reg om die Almagtige God te dien volgens die ingewing van ons gewete en ken aan alle mense dieselfde reg toe; laat hulle aanbid hoe, waar en wat hulle ook al wil.
12. Ons glo dat ons onderdanig moet wees aan konings, presidente, heersers en vorste, in gehoorsaamheid, eer en onderhouding van die wette.
13. Ons glo dat ons eerlik moet wees, opreg, kuis, welwillend, deugsam en goed moet doen aan alle mense; inderdaad mag ons sê dat ons die vermaning van Paulus volg: "Ons glo alle dinge, ons hoop alle dinge"; ons het baie dinge deurstaan en hoop in staat te wees alle dinge te deurstaan. As daar iets deugdelik, lieflik of goed of prysenswaardig is, dan streef ons daarna.

C. — Kritiek op die Leer van die Mormonisme.

Tereg noem ds. B. van der Werff hierdie geloofsbelydenis 'n "**misleidende uithangbord**".

In die eerste plek is dit misleidend omdat baie ander leerstukke van die Mormonisme hier verswyg word en in die tweede plek omdat agter hierdie Christelike omhaal van woorde 'n onbybelse leer verberg word.

U het opgemerk dat die eerste artikel, oppervlakkig beskou, ooreenstem met die Bybelse leer van die Drie-eenheid. Maar so is dit ongelukkig nie, want die Mormonisme maak van die drie **Persone**, Vader, Seun en Heilige Gees, drie **gode**. In die Kategismus van die Mormone word dan ook onomwonde gevra: "Is daar meer gode as een?" en dan lui die

antwoord: "Ja, vele" (Kategismus pag. 13, vgl. Deut. 6:4; 1 Tim. 2:5).

Aangaande die **wese** van God leer die Mormonisme dat God **liggaamlik** is. In hul Kategismus word o.a. gevra: "Wat is die wese van God?" en dan word geantwoord: "Hy het die gedaante van 'n mens", en verder: "Die Vader het 'n liggaam van vlees en been net so tasbaar as die van 'n mens" (vgl. Leer en Verbonden, afd. 130:22). Dit is natuurlik heiligskennis, want in Joh. 4:24 staan geskrywe: "God is Gees" Die Mormone beroep hulle op Hebr. 1:3 waar staan dat Christus die afskynsel en afdruksel van God is. As Christus dan vlees en been was, dan ook die Vader, volgens Mormon! Hierdie teks word egter deur hulle uit verband geruk, want hier word nie gespreek oor die **mensheid** van Jesus nie, maar oor sy Godheid. As op verskillende ander plekke in die Bybel gespreek word van die oog, hand, voet, ens., van God, dan is dit antropomorfisme, d.w.s. dit is maar 'n **aardse en menslike vergelyking** van die hoog-heilige God.

Dit leer die Mormone van die **Vader!**

Hoor wat hulle leer van die **Seun**: Hy is deur die Vader op een of ander tydstip gegeneer, wat beteken dat Jesus Christus nie ewig is soos die Vader nie. Dit het Arius ook geleer (vgl. Joh. 10:30, en Nederlandse Geloofsbelijdenis, Art. 10).

Aangaande die Heilige Gees word beweer dat Hy nie met die Vader en die Seun waaragtig en ewige God is nie (vgl. 1 Joh. 5:7; Jes. 48:16; Hand. 5:3, 4 en Heid. Kateg. Sondag 20).

In die eerste artikel verlaag die Mormone dus die Drie-enige God tot 'n mens, terwyl hulle in artikel twee die mens weer verhoog bo wat hy werklik is, want hulle ontken met Pelagius van ouds die erfsonde. 'n Klein kind word volgens hulle sonder sonde gebore! Dit is direk teen Gods Woord: "Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine? Nie een nie" (Job. 14:4); "Kyk, in ongeregtheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang" (Ps. 51:7); "Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het (Rom. 5:12). In die Boek van Mormon (2 Nephi 21:23¹) word geleer dat die val van Adam en Eva 'n vooruitgang was!

Artikel drie leer dat alle mense salig kan word. Dit hang net van hul vrye wil af of hulle gered sal word. God is dus nie vrymagtig om te red wie Hy wil nie; Hy is nie die Pottebakker wat sommige maak tot eer en ander tot oneer nie. Lees aandagtig Rom. 9 om te sien hoe die Mormone die Skrif verloën. Lees ook Efésiërs 1 :4 v.v. Ja, hulle leer dat alle mense salig kan word, maar dan op voorwaarde van Doop en onderdompeling, ens. (Art. 4). Van die wedergeboorte word geen woord gerep nie. Wat van die kinders wat ongedoop sterf? Oor die kwessie van die Doop word nie in hierdie artikel uitgewei nie, omdat daarvoor gehandel word in 'n ander bydrae tot hierdie boek.

In artikel vyf word 'n oordeel uitgespreek oor die herders en leraars wat kinders doop. Daar moet 'n persoonlike openbaring wees vir die doopsbediening sowel as handoplegging. Waar vind ons iets dergelyks in die Skrif?

Oor artikels ses en sewe wei ons ook hier nie uit nie. Lees maar in verband hiermee ander bydraes in hierdie boek.

Volgens artikel agt besit die Mormone twee Bybels: die **Woord van God en die woord van Mormon**. Die Bybel handel volgens die Mormonisme net oor die volk van God in die **Ooste**. Die Boek van Mormon handel net oor die volk van God in die **Weste**. Die Boek van Mormon is geskrywe ongeveer 400 jaar n.C. In die Engelse vertaling van hierdie Boek, wat 1,000 jaar jonger is as die oorspronklike, word letterlike aanhalings uit die Bybel gemaak. Waarom?

Volgens uitlatings van Mormone self, stel hulle die Bybel onder die Boek van Mormon en Josef Smith bo Jesus Christus. Dis lasterlik. Volgens ons oortuiging is die Bybel

¹ Hierdie verwysing lyk nie korrek nie, want dit bestaan nie. 2 Nephi 2:25 word dalk bedoel. Dit sê: "En Adam het tot 'n val gekom sodat daar mense mag wees; en daar is mense sodat hulle vreugde mag hê."

noukeurig vertaal.

In teëstelling met artikel nege van hul geloofsbelydenis sê ons dat God duidelik in sy Woord geopenbaar het wat Hy nodig geag het om aan die mens bekend te maak. Die openbaring is afgesluit en wat daarin geskrywe staan, sal gebeur.

Met artikel tien stem ons heelhartig saam, naamlik dat die aarde vernuut sal word, en wat hulle van ons in artikel elf vra, vra ons presies ook van hulle. Artikel dertien is m.i. oorbodig as 'n belydenis-artikel.

Net een vraag: Gestel dat 'n koning of vors hulle vervolg terwille van hul geloof en hulle dwing om anders te glo, sal hulle hul geloof dan prysgee en onderdanig aan hom wees volgens artikel twaalf?

Tot sover die kritiese opmerkinge oor die geloofsbelydenis van die Mormonisme.

Daar dien nog net opgemerk te word dat die Mormonisme in die begin veelwywery **veroordeel** het, maar nadat Smith 'n goddelike openbaring ontvang het, is veelwywery in 1852 **toegelaat!** Man en vrou (of liewers vrouens) is vir tyd en ewigheid aan mekaar verbonde. Ná die dood word hulle dan gode wat selfs die engele aan hulle sal onderwerp. Dan is veelwywery waarlik die reg van die gode'.

In verskillende lande van die wêreld word hierdie ketterse leer met mag en krag gepropageer. Sover ons weet het die Mormonisme gelukkig nog geen vat op die Afrikaanse volk gekry nie. Mag God Almagtig ons behoed vir hierdie kwaad. Mag ons steeds die Woord van die Here soos 'n swaard in die hand neem om die dwalinge af te weer. Sy Woord, en sy Woord alleen, is die waarheid.

DIE A.E.B.

[Afrika Evangeliese Bond],

(Ds. J. V. COETZEE).

Volgens mededeling van die A.E.B. self (in 'n blaadje deur die beweging uitgegee) is dit in 1924 gestig as "gevolg van die evangeliese arbeid van die mejuffroue Garratt en Cameron in Suid-Afrika. Baie van Gods kinders was belas met die geestelike behoeftes van ons land en nadat baie op God gewag is in die gebed, het hulle besluit om hul werk te konsolideer deur die stigting van die A.E.B. en die instelling van 'n Adviserende Raad (later 'n Uitvoerende Raad)".

Hoewel hierdie beweging daarop aanspraak maak dat hy sy offisiële beslag pas in 1924 gekry het, is die leer wat hy verkondig en die praktyke wat hy voorstaan baie goed bekend in Suid-Afrika en is die beweging in hierdie opsig nie iets nuuts nie, soos blyk uit hul bekeringspraktyke en hul leer.

Ons begin met die behandeling van die "verhouding tot die kerke" soos die A.E.B. dit self formuleer. In die genoemde blaadje word hieromtrent gesê: "Die A.E.B. is **interkerklik** (ons onderstreep) en die werkers is lidmate van die verskillende kerke. Daar dit nie 'n sekte of denominasie is nie, poog dit om in harmonie met die bestaande evangeliese kerke saam te werk, deur gesamentlike gemeenskap, diens en gebed en om die eenheid tussen alle ware gelowiges in die Here Jesus Christus te bevorder".

Van hierdie **interkerklike** karakter van die A.E.B. moet ons onself goed rekenskap gee en ons moet sien wat dit in die praktyk beteken. Want ons is van oordeel dat met 'n mooi woord hier 'n lelike saak toegemaak word.

Daar is ook ander **interkerklike** dinge in ons land. So het ons o.a. die Calvinistiese Bond wat ook interkerklik is en die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings wat dieselfde karakter vertoon. Die interkerklike karakter van hierdie bewegings word juis hierdeur bepaal dat hulle hulself gestel het op die **grondslag van die Woord van God soos dit sy vertolking vind in die Drie Formuliere van Enigheid**, wat die Belydenisskrifte van al drie die Hollands-Afrikaanse kerkgroepe in ons land is. Hul interkerklike karakter is **konfessioneel bepaald** en as sodanig is hulle in volle harmonie met die kerke soos die offisieel volgens hul belydenis moet wees. En hierdie twee bewegings stel hulself ten doel om elkeen op sy eie terrein die beginsels van die Woord van God, soos dit in die Belydenisskrifte vertolk is, toe te pas en te propageer.

Deur die sinode van die Gereformeerde gemeentes van Suid-Afrika, wat in 1936 op Bethulie vergader het, is ook besluit om twee deputate te benoem wat opdrag kry om te dien op 'n interkerklike kommissie wat gevorm sal word deur deputate van die verskillende sinodes van die drie kerkgroepe. Hierdie **interkerklike** kommissie het opdrag om saam te beraadslaag oor sake wat al drie die Hollands-Afrikaanse kerkgroepe aangaan en daarvoor adviese uit te bring. En hoewel dit nie uitdruklik vermeld is nie, spreek dit vanself dat hierdie interkerklike kommissie se karakter ook **konfessioneel bepaald** is, aangesien die deputate op daardie kommissie verteenwoordigers is van kerklike vergaderings wat self konfessioneel gebonde is deur die Drie Formuliere van Enigheid.

Die A.E.B. is egter interkerklik **in 'n ander sin** as die hierbogenoemde liggame. Sy interkerklike karakter bestaan juis in **konfessionele onbepaaldheid en ongebondenheid**. Dit blyk dan ook duidelik uit die bogenoemde blaadje. In verband met die leer sê die A.E.B. heel in algemeen dat hy glo in die volkome inspirasie van die Ou en Nuwe Testament: dat dit 'n wedergeboorte van bo leer deur die Heilige Gees, ontvang deur die vergiffenis van sondes op grond van die versoening deur die geloof; dat dit leer 'n volle saligheid en oorgawe aan God en 'n ware vereniging met Hom deur die geloof in onse Here en Heiland, Jesus Christus. En dan word verder gesê dat die Evangeliste (of predikers) van die A.E.B. nadruk lê op die reiniging van die hart, die Doop van die Heilige Gees **en** 'n lewe van voortdurende oorwinning oor sonde deur die

inwoning van Christus in die hart.

Dit staaf ten volle wat ons hierbo gesê het dat die A.E.B. homself kenmerk deur konfessionele ongebondenheid en onbepaaldheid. Hy is nie interkerklik in die goeie sin dat hy homself bind aan die Belydenisskrifte van ons Hollands-Afrikaanse kerke en aan die Woord van God soos deur die genoemde Belydenisskrifte vir ons vertolk word nie, maar **hy** is **interkerklik in die slegte en bedenklike sin** dat hy weier om homself aan ons Belydenisskrifte te bind en vir homself die reg opeis om in al die kerke propaganda te maak en 'n leer te verkondig wat stry met die Belydenisskrifte en met die interpretasie van die Woord van God wat deur die Gereformeerde Belydenisskrifte gegee word. Sy interkerklike karakter is nie, soos in die goeie sin van die woord, 'n waarborg vir sy leer- en beginsel-suiwerheid nie, maar juis net die omgekeerde — dis 'n gevaar, juis omdat die A.E.B. opsetlik konfessioneel onbepaald en ongebonde wil wees.

Dis volkome waar wat in die blaadjie beweer word dat die A.E.B. poog om in harmonie met die bestaande evangeliese? (wat dit ook al mag beduie) kerke saam te werk — solank as wat kerkrade wil duld dat hulle in gemeentes kan optree met hul konfessioneel-onbepaalde leringe of, m.a.w. solank as wat kerkrade duld dat hulle leringe kan verkondig wat in stryd is met die kerklike Belydenisskrifte. Maar so gou as wat kerkrade beswaar maak teen hul konfessionele onbepaaldheid en op grond hiervan weier om hulle toe te laat om spesiale dienste in die gemeentes te laat hou, skroom die A.E.B. nie om die harmonie te verbreek en in opposisie tot en in vyandskap met sodanige kerkraad tog voort te gaan met hul dienste, solank as wat daar maar net 'n persoon in die gemeente is wat hulle staanplek wil gee. Dan skroom hulle ook nie om die kerklike eenheid te verbreek nie. Die ondervinding van die eerw. kerkraad van die Ned. Geref. Kerk van Frankfort, O.V.S. en van die Ringe van Potchefstroom en Heidelberg met die A.E.B. is in hierdie opsig baie leersaam.

Juis op grond van hierdie interkerklike karakter en konfessionele ongebondenheid het die sinode van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. homself dan ook verplig gesien om 'n stem van waarskuwing teen die bedrywighede van die A.E.B. te laat uitgaan.



Metode van optrede.

In hierdie paragraaf wil ons aantoon dat die hele **metode** van optrede van die A.E.B. kragtens sy **bedenklike interkerklike karakter** in stryd is met die gereformeerde opvatting insake die amptelike bediening van die Woord deur die kerke.

Kragtens sy selfgewilde interkerklike karakter tree die A.E.B. op met **los predikante** of werkers wat onder geen kerklike opsig of tug hoegenaamd staan nie en aan geen kerkraad verbonde is of verantwoording skuldig is in verband met hul prediking en optrede nie. So iets is in openlike stryd met die gereformeerde opvatting insake die amptelike bediening van die Woord en met die gereformeerde kerkreg.

Reeds uit die tyd van die Reformasie het die Gereformeerde Kerke geen los predikante gewil of geduld nie.

Vandaar dan ook dat reeds in die vroegste gereformeerde kerkordes 'n bepaling opgeneem is teen die "lopers" of "vagabonderende priesters" en dat bepaal is dat dit vir niemand geoorloof sal wees om hier of daar rond te preek of sakramente te bedien, maar dat predikers aan 'n bepaalde gemeente verbind moes word. As iemand dan hierteen doen en daarvoor verskillende kere vermaan is, maar nie daarmee ophou nie, moes die klassis (of Ring) oordeel of hy vir 'n skeurmaker verklaar moes word.

Dit het hiervandaan gekom dat in die tyd van die Reformasie priesters van die Roomse Kerk soms met die Reformasie meegegaan het. Omdat hulle egter onwillig was om hulself aan 'n bepaalde kerk te verbind, het hulle oral die land deurgetrek en oral rond gepreek, net soos die werkers van die A.E.B. vandag doen. Vandaar die term wat outyds vir hulle gebesig is, naamlik "vagabonderende priesters." Hierdie instelling van "rondtrekkende predikers", sonder vaste staanplek en sonder enige kerklike toesig, is

deur die Gereformeerde Kerke met alle mag bestry en ontmoedig. En dit bepaaldelik op goeie, deugdelike gronde, waarvan die vernaamste wel dit is, dat dit in stryd is met die Heilige Skrif.

Die bediening van die Woord is nie 'n waardigheid wat iemand vir homself kan aanneem nie, maar hy moet deur God daartoe geroep wees. En God roep tot die bediening van die Woord **langs ordelike** weg, naamlik deur sy gemeente of kerk. Vandaar dan ook dat aan 'n bedienaar van die Woord by sy amptelike bevestiging in die diens gevra word of hy glo dat hy wettiglik deur Gods gemeente en mitsdien deur God self tot die heilige diens beroep is. Vandaar dan ook dat die Gereformeerde Kerke in art. 32 van die Nederl. Geloofsbelofenis bely dat elke mens moet oppas om homself nie in te dring in die dienste van bedienaars van die Woord, ouderlinge of diakens nie, maar die tyd moet afgewag dat hy wettiglik hiertoe geroep word, sodat hy dan ook versekering van sy roeping mag hê dat dit van God is.

Hierteenoor kan nie geargumenteer word dat die apostels van Christus nie kon wys op sodanige roeping deur die gemeente van die Here nie. Want in die eerste plek: die apostolaat beklee 'n heel besondere plek in die ontwikkelings-geskiedenis van die Christelike kerk as die grondleggers op las van Christus van die Christelike kerk en as die Nu-Testamentiese organe van die openbaring van God in Christus Jesus. Wat ons van Christus weet, weet ons uit die geïnspireerde geskifte en prediking van die Nu-Testamentiese apostolaat. Die kerk van Christus is dan ook gebou op die fondament van die apostels en die profete, waarvan Jesus Christus die uiterste hoeksteen is. A.E.B.-werkers is geen apostels van Christus nie.

Maar in die tweede plek ook hierom dat die apostels, hoewel hulle nie kon wys op roeping van God wat deur middel van Gods gemeente tot hulle gekom het, 'n nog veel sterker versekering van hul roeping gehad het, naamlik, deur Christus Jesus self op las en in opdrag van sy goddelike Sender wat self hulle geroep het tot die grondleggende arbeid van die Nu-Testamentiese kerk. Terwyl hier in die derde plek nog bykom dat Christus **nou**, as Vergadelaar van sy Kerk, juis deur middel van die gemeente roep tot die amp. Wie, sonder deur die gemeente tot die amp geroep te wees en aan so 'n roepende gemeente gebonde te wees, die bediening van die Woord wil uitoefen en homself daarvoor beroep op die voorbeeld van die apostels, misken die ganse geskiedenis van die Christelike kerk en die leiding van die Heilige Gees wat deur Christus aan die kerk beloof is om ons in die waarheid te lei.

Dat die Gereformeerde kerke dit nodig geoordeel het om die gebruik van "lopers" of "vagabonderende predikers" te ontmoedig en te belet, het voorts ook nog, behalwe dat dit in stryd is met die Heilige Skrif, sy grond hierin gevind dat die kerke besef het dat Christus volgens die apostoliese woord aan hulle die karakter verleen het van **pilare en grondslae van die waarheid**. Die gelowiges (d.w.s. die kerk van Christus) het die roeping om vas te hou aan die geloof (die geloofsleer) wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is en hulself op te bou op hul allerheiligste geloof. Vir die suiwer-bewaring en -oorlewering van die geloofsleer is nodig die suiwere, amptelike bediening van die Woord aan die gemeente. Hiervoor is nodig dat daar kerklike opsig sal wees oor die bediening van Woord en sakramente en oor die uitoefening van die ander kerklike seremonies. Die aard van die saak bring dit dus mee dat iemand wat die Woord van God bedien aan mense, onder kerklike opsig en regering moet staan en dus verbind moet wees aan 'n plaaslike kerk wat deur middel van die kerkraad daarvoor waak dat geen vreemde leer aan die gemeente gepreek word nie. Voorts het die Gereformeerde Kerke ook bepaal — juis omdat hulle weet watter geestelike verwoesting "'n onsuivere prediking aanrig — dat bedienaars van die Woord deur hul handtekening hulself plegtiglik daartoe moet verbind om niks te leer of te skrywe in stryd met die leer soos vervat in die Drie Formuliere van Enigheid op straffe dat, as hulle hierteen sondig, hulle vanself in hul diens geskors sal wees, terwyl die klassis (of Ring) dan sal oordeel of hulle heeltelmal van die diens moet afgesit word of nie.

Van dit alles vind ons niks by die A.E.B. nie. Sy sgn. interkerklike karakter bring juis mee

dat hy homself bedien van "los" werkers of "lopers", d.w.s. mense wat nie aan 'n plaaslike kerk verbonde is nie; dat die A.E.B.-predikers onder geen kerklike toesig hoegenaamd staan nie; dat hulle hulself nie verbind om in hul prediking naastig die suiwere leer volgens die Drie Formuliere van Enigheid te leer en voor te staan nie; dat hulle aan niemand enige verantwoording skuldig is vir wat hulle preek nie; en dat geen kerklike vergadering hulle weens valse leer kan afsit van hul diens nie, aangesien hulle ook nie in enige diens staan nie. En hoewel die A.E.B. in sy blaadjie beweer dat sy werkers lidmate is van verskillende kerke. is hulle mense wat hulself inderdaad onttrek het aan die kerklike opsig en tug van kerkrade. Want dis tog immers ondenkbaar dat iemand bv. in Potchefstroom lidmaat van die Geref. Kerk kan wees en dan in Suidwes kan preek **sonder dat hy daartoe uitgestuur is deur die kerkraad van Potchefstroom en preek onder die opsig van 'n kerkraad in Suidwes** wat aan die kerkraad in Potchefstroom rapporteer indien hy daar 'n onsuivere evangelie verkondig, in stryd met ons Belydenisskrifte.

Vandaar dan ook dat toe die sinode van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. stappe wou doen teen een van die werkers van die A.E.B. wat vroeër in die bediening gestaan het by die Ned. Geref. Kerk, daar feitlik geen adres was waarby hulle 'n klag oor die optrede van die betrokke A.E.B.-werker kon inlewer nie. Hoewel hierdie bedoelde werker in die Oranje Vrystaat volgens die oordeel van die sinode 'n leer verkondig het in stryd met die Drie Formuliere van Enigheid, kon die sinode self hom nie weens valse leer uit die diens afsit nie, aangesien hy nie tot die jurisdiksie van die sinode behoort het nie. Toe daar elders by 'n ander Ring 'n klag ingedien is, is hierdie klag teruggestuur met die informasie daarby dat ook daardie Ring geen jurisdiksie besit nie. Offisieel het hierdie werker homself nie onttrek aan die gemeenskap van die Ned. Geref. Kerk nie en word hy dan ook beskou as bedienaar van die Woord van die genoemde Kerk. Blykbaar het die sinode besef dat dit niks gaan help om 'n klag in te dien by die sgn. Uitvoerende Raad van die A.E.B. nie!

Hoewel die A.E.B. daarop aanspraak maak dat hy **interkerklik** is, is hy inderdaad onkerklik en onordelik en is sy hele optrede niks anders as verontagsaming en verbreking van die goeie kerklike orde. En die verwarring wat deur die A.E.B. gestig word, waarteen so 'n eerbiedwaardige liggaam as die sinode van die Ned. Geref. Kerk van die O.V.S. moes opkom op grond van die Belydenisskrifte, is bewys genoeg dat die ou Geref. vaders met wysheid en versigtigheid gehandel het toe hulle die gebruik van "lopers" of los predikers ontmoedig en afgekeur het.

Doelstelling.

Die beweging omskrywe sy doel as volg: "Die doel van die Bond is om 'n volle saligheid te verkondig in die dorpe en plattelandse streke van Afrika; en om deel te neem aan konferensies en hulle te organiseer vir die bevordering van Skriftuurlike heiligheid".

Op tweërlei wil ons die aandag vestig in hierdie doelstelling, naamlik: dat die **A.E. Bond** mense uitstuur om te preek en in die tweede plek dat hulle uitgestuur word met die pretensie dat hulle 'n **volle** saligheid verkondig in die dorpe en plattelandse streke van Afrika.

Dat die **A.E.B.** mense uitstuur om sgn. die volle saligheid te gaan verkondig, is in stryd met die ordinansie van Jesus Christus betreffende die prediking van die Evangelie. En 'n mens voel geneig om aan die Bond te vra: Waar kom u aan die reg om 'n volle saligheid te preek en waar haal u u outorisasie daartoe vandaan? Immers, die opdrag om die saligheid te verkondig is deur die Here Christus, die groot Kerkvergaderaar, verstrekkend aan die **kerk**. Kragtens die mag wat Hy daartoe van God, die Vader ontvang het as loon op sy soenarbeid, gee Hy aan sy apostels voor sy hemelvaart die opdrag om die evangelie te gaan verkondig aan die hele mensdom (Matt. 28:18-20; Mark 16:15, 16). Die apostels ontvang hierdie opdrag as **vertegenwoordigers en grondleggers van die Nu-testamentiese kerk** wat gebou is op die fondament van die apostels en die profete en wat 'n pilaar en grondslag van die waarheid is. Aan die **kerk**, wat die liggaam van Christus is, het die Here, die groot Kerkvergaderaar, gegee apostels en profete en

evangeliste en herders en leraars (Ef. 4:4—16). Hierdie opdrag wat die **kerk** van sy Hoof ontvang het, kan nooit oorgedra word op 'n **selfaangestelde en self-geroepe liggaam**, soos die A.E.B. nie, want niemand mag die waardigheid van die bediening van die saligheid vir homself aanneem nie en homself daartoe roep nie (Hebr. 5:4). Net so min as wat Christus Homself kon aanstel tot Hoëpriester, maar sy aanstelling hiertoe ontvang het van God, die Vader, Wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer (Hebr. 5:5), net so min mag mense hulself roep en verheerlik tot predikers van die saligheid. Die verkondiging van die saligheid is deur Christus, soos bo aangetoon, opgedra aan die kerk. En elke poging om hierdie taak die kerk uit die hande te neem, is 'n rewolusiedaad. Só het God dit self vir alle eeue as 'n waarskuwing gebrandmerk toe Hy Korag, Datan en Abiram wat hulself as priesters wou aanstel, geoordeel het (Numeri 16).

Nou weet ons ook wel dat onder die Nuwe Testament die ganse volk van God "profete" en "priesters" is en dat daar geen spesiale "priesterstand" in die Nu-testamentiese kerk is nie. Maar dit het die Here Christus ook geweet toe Hy die kerk die opdrag gegee om die saligheid aan die hele mensdom te verkondig **en toe Hy in die kerk, wat sy liggaam is, die ampte ingestel het.**

Ons weet ook dat bv. toe die gemeente van Jerusalem in die eerste vervolging uitmekaar gejaag is, volgens die verhaal van Hand. 8:4 die verstrooide Christene die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig het. Ook dat bv. die lidmate van Thessalonika op hul reise in Klein-Asië en elders vertel het van die evangelie (1 Thess. 1:8, 9). Maar hulle het nie 'n los organisasie soos die A.E.B. langs die kerk opgerig om die evangelie te preek nie. Die twee gevalle hierbo genoem en die A.E.B. is twee perde van heeltemal verskillende kleur.

Behalwe dus die reeds behandelde besware teen die A.E.B., naamlik sy bedenklike interkerklike karakter en sy metode van optrede deur middel van "lopers" of "los werkers", geld teen die A.E.B. hierdie prinsipiële beswaar dat hy 'n **selfaangestelde** en selfgeroepe liggaam is naas die kerk in Suid-Afrika wat vir homself die waardigheid aangematig het en homself daartoe verheerlik het om "die volle saligheid", soos die doelstelling lui, te preek. Die evangelie van die saligheid is nie deur Christus aan die A.E.B. nie, maar aan die kerk toevertrou en die optrede van die A.E.B., waardeur hy die kerk die taak van die verkondiging van die saligheid uit die hande neem, is niks minder as rewolusionêr nie.

Geen wonder dan ook dat hulle graag kerklike sanksie vir hul optrede wil hê! Maar juis waar hierdie kerklike sanksie onthou word, soos in die geval van die Ned. Geref. Kerk van Frankfort, Hartebeestfontein en Greylingstad, blyk dan die rewolusionêre karakter van hierdie Bond! As die kerk weier om sy werk, wat deur Christus aan hom verleen is, aan die Bond oor te dra en daaraan offisiële kerklike sanksie te verleen, dan skroom die werkers van die Bond nie om sekte en skeurmakery in die kerk te verwek nie.

Ook nog op 'n tweede punt in die doelstelling wil ons die aandag vestig, naamlik, dat die Bond homself ten doel stel om 'n "volle saligheid" te verkondig in die dorpe en plattelandse streke van Afrika. Die veronderstelling wat hieraan ten grondslag lê, is dat die kerke nie 'n "volle saligheid" verkondig nie of ook nie bereken is vir die taak wat Christus aan hulle opgedra het nie.

Dat die kerke nie sou bereken wees vir die taak van die prediking van die evangelie in Suid-Afrika, glo ons nie. Ons glo nie dat daar 'n dorp in Suid-Afrika is waar nie 'n kerk is nie. Die uitgestrektheid en arbeidsterrein van die een gemeente is wel groter en moeiliker as die van 'n ander. Maar dat daar dorpe sou wees in Suid-Afrika sonder die prediking van die evangelie, is iets wat baie beswaarlik kan aangeneem word. Bowendien, die A.E.B. wend homself ook nie na plekke waar daar geen kerk is nie en waar die evangelie nie verkondig word nie, intendeel, dit gaan meestal arbei op plekke waar die evangelie Sondag ná Sondag gepreek word en in streke waar die mense ruimskoots geleentheid het om die prediking van die evangelie te hoor. Die A.E.B. bedoel nie om hulpdiens te verrig waar die kragte en die middele van die kerke te kort skiet nie.

Vandaar dan ook dat ons uit die doelstelling alleen die gevolgtrekking kan maak dat die A.E.B. van oordeel is dat die kerke in Suid-Afrika nie die volle saligheid verkondig nie, en dat dit daarom die plig van die Bond is om die taak van die prediking van die evangelie die kerke uit die hande te neem.

Kerklidmate wat hul steun gee aan die A.E.B. en deur hul ondersteuning die voortgang van die werk van die A.E.B. moontlik maak, sal dan ook goed doen om te bedink dat hulle daarmee indirek hul kerk beskuldig dat die nie aan die mense die volle saligheid preek nie. En ons oordeel dat dit 'n baie krasse beskuldiging is waarvoor daar baie kragtige bewyse moet bygebring word. Bowendien, indien 'n lidmaat of 'n groep lidmate van oordeel is dat die amptelike bediening van die Woord in die kerk waartoe hulle behoort, te kort doen aan die groot waarhede van die leer van die saligheid, dan eis hul amp van gelowiges van hulle 'n ander optrede as om die prediking van die evangelie te soek uit die mond van 'n self-geroepe en selfaangestelde Bond soos die A.E.B. As die amptelike bediening van die Woord in die midde van die gemeente die groot waarhede van die Christelike leer verswyg of verdraai en só homself besondig aan die leer van die saligheid; as die volle raad van God tot ons saligheid nie verkondig word deur die bedienaars van die Woord onder die amptelike leiding en toesig van die kerkrade nie, dan staan vir die lidmate in hul amp as gelowiges ander weë oop as om die A.E.B. in te roep. Dan is dit die roeping van gelowiges om die kerk te reformeer deur in die eerste plek by die geroepe ampsdraers in hul kerklike vergadering besware te maak en klagte in te dien oor die verminking van die evangelie in hul midde. Die weg van beroep op meerdere vergaderings staan vir hulle oop indien die kerkrade nie hul klagtes kan of wil behandel nie. Die ordelike weg is altyd daar dat die lidmate in hul amp van gelowiges weer die amptelike bediening van die Woord onder hulle suiwer instel. 'n Ander weg is rewolusie in die kerk.

Dat die A.E.B. egter nie afkerig is van die weg van rewolusie nie, blyk ten volle uit hul optrede. Die "konferensies vir bevordering van Skriftuurlike heiligheid" of spesiale dienste is sektevorming in die kerke. Toe een van die A.E.B.-werkers verlede jaar in die ressort van die Ring van Potchefstroom van die Ned. Geref. Kerk sodanige konferensies belê het, is namens die Ring aan hom geskrywe en is hy gewys op die bedenklike karakter van sy optrede en die onordelike en menigvuldige moeilikhede in die kerke wat hierdeur ontstaan. Hierdie brief het gegaan op uitdruklike versoek van die kerkrade van die betrokke gemeente waar die genoemde konferensie belê was. Deur die betrokke A.E.B.-werker is die brief van die Ring beantwoord met 'n beroep op sy goddelike sending en 'n pertinente weiering om rekening te hou met die besware van die betrokke meerdere vergadering.



Onverskilligheid teenoor die Kerkleer.

In genoemde blaadjie van die A.E.B. kom ook 'n leer-bepalende paragrafie voor, waaraan ons nou aandag wil gee. Onder die opskrif: "Die Leer" word daar gesê: "Die A.E.B. glo in die volkome inspirasie van die Ou en Nuwe Testamente en neem hulle aan as die hoogste en finale gesag in die geloof en in die lewe" (Exod. 20:1, 2; 2 Tim. 3:16; 2 Petr. 1:21).

Dit leer 'n wedergeboorte van bo deur die Heilige Gees, ontvang deur die vergiffenis van sonde op grond van die versoening deur die geloof (Joh. 3:3; Ef. 1:7); 'n volle saligheid en oorgawe aan God en 'n ware vereniging met Hom deur geloof in onse Heer en Heiland, Jesus Christus.

Met hierdie doel voor oë lê die evangeliste van die A.E.B. nadruk op die reiniging van die hart, die Doop van die Heilige Gees, en 'n lewe van voortdurende oorwinning oor sonde deur die inwoning van Christus in die hart (1 Joh. 1:9; Hand. 15:8, 9; Ef. 3:17; Judas 24).

Hierdie leerbepalende paragrafie, waarmee die A.E.B. homself introduceer en vir mense

rekenskap gee van sy leerstellige standpunt, is in die eerste plek merkwaardig **om wat daar nie staan nie** en pas in die tweede plek om wat daar wel staan.

Graag wil ons nou hieraan die aandag gee.

Dit kan nie aan die mense van die A.E.B. onbekend wees nie dat daar so iets bestaan as **gereformeerde simbole** of **belydenisskrifte**. Ons neem aan dat die werkers van die A.E.B. in Suid-Afrika bestaan uit mense van Afrikaans-Hollandse afkoms en uit mense van Engelse afkoms en ons glo nie dat ons hierin verkeerd is nie. Nou wel, kerke van Afrikaans-Hollandse afkoms in Suid-Afrika het hul simbole of belydenisskrifte, naamlik die Drie Formuliere van Enigheid. Ook die Engelse wêreld ken sy gereformeerde simbool, naamlik die Westminster Confession (of 39 Articles). En is dit nou nie opmerklik dat die A.E.B. heeltemal stil swyg oor die gereformeerde simbole sowel van die Afrikaans-Hollandse as van die Engelse wêreld? Spreek dit nie boekdele nie, dat daar met geen enkele woord van hierdie stukke gerep word nie en dat hulle misken word asof daar glad nie sulke simbole bestaan nie?

Behalwe die gereformeerde simbole hierbo genoem (om nou maar nie eens gewag te maak van ander gereformeerde belydenisskrifte nie) bestaan daar ook nog die ekumeniese (of algemene) simbole van die hele Christelike kerk, soos die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die van Athanasius. Nie alleen oor die gereformeerde simbole nie, maar ook oor hierdie algemene simbole wat die Christelike geloof bely, word deur die A.E.B. 'n doodse stilswye bewaar. En daarom stel ons die vraag of dit nie boekdele spreek nie en of die leerbepalende paragrafie van die A.E.B.-brosjyre nie merkwaardiger is deur wat hy verswyg as deur wat hy sê nie?

Immers, wat blyk hieruit? Dit: dat die A.E.B. maak asof daar geen dogmatiese formulering bestaan nie; asof daar in die verbygegane eeue van die geskiedenis van die Christelike kerk geen arbeid deur die kerk in die ryke skat van die Woord van God onder leiding van die Heilige Gees plaasgevind het nie; asof daar nie 'n leiding was deur die Heilige Gees in die **waarheid** nie, wat as ander Trooster, na die belofte-woord van Christus, die gemeente in alle waarheid sal lei en dit uit die ryke skat van Christus sou neem en dit aan die gemeente van die Here sal verkondig. Die A.E.B. maak eenvoudig asof die Kerk van Christus nie deur die verligting van die Heilige Gees gearbei het in die ryke goudmyn van die Woord van God nie. Dit gaan die kerklike belydenisse verby asof hulle nie bestaan nie en gee hierin blyk dat hulle dit minag en onverskillig daarteenoor staan.

Hiermee wil ons natuurlik nie vir 'n enkele oomblik te kenne gee dat ons die gereformeerde simbole in die plek van die Heilige Skrif wil stel nie of ook hulle hoër ag as die Woord van God nie. Verre daarvandaan. Ons weet dat die belydenisskrifte nooit in die plek van die Woord van God gestel mag word nie. Ons gereformeerdes aanvaar dan ook nie die kerklike simbole in die plek van die Woord van God nie, maar **omdat hulle ooreenkom met die Woord van God** in al die leerstukke wat daarin vervat is, en ons glo van harte dat al die stukke van die leer wat daarin geformuleer is, in alles ooreenkom met die Woord van God. Glo die A.E.B. dit ook?

Die feit dat die A.E.B. stilswygend die kerklike simbole verbygaan, wys duidelik daarop dat hierdie beweging die hele historiese ontwikkeling wat die kerkleer deurgemaak het in die verlede, misken. Die A.E.B. staan daar geheel onverskillig teenoor. Vir hom het die worstelinge van die verlede geen betekenis nie. Die A.E.B. het geen oog vir die werk en leiding van die Heilige Gees in die geskiedenis van die kerk van Christus nie en maak asof die Gees van die Here, in die worsteling om die waarheid Gods, negentien eeue lank op non-aktiwiteit was.

Is hierdie verontagsaming van die historiese-gewordene, soos dit openbaar word in die kerklike simbole, en van die werk van die Heilige Gees in die eeue wat verby is, reeds kenmerkend van die organisasie en beweging wat homself bestempel met die naam van Afrika-Evangeliese-Bond, daar is nog meer waarop ons hier die aandag wil vestig.

Die A.E.B. kondig homself aan as 'n beweging wat glo in die volkome inspirasie van die

Ou en Nuwe Testament en hierdie Testamente aanneem as die finale gesag in die geloof en die lewe.

Voorts, so word gesê, "leer die A.E.B. die wedergeboorte van bo deur die Heilige Gees, ontvang deur vergiffenis van sondes op grond van die versoening deur die geloof; 'n volle saligheid en oorgawe aan God en 'n ware vereniging met Hom deur geloof in onse Heer en Heiland, Jesus Christus".

Ook word dan aangekondig dat die A.E.B.-werkers nadruk lê "op die reiniging van die hart, die Doop van die Heilige Gees en 'n lewe van voortdurende oorwinning oor sonde deur die inwoning van Christus in die hart".

Ons laat nou hierdie formuleringe vir wat hulle werd is. Daaroor kan nog wel baie gesê word en in verband daarmee kan ook wel nog baie vrae gestel word, waaruit sal blyk dat die A.E.B. in hierdie verband heelwat onregsinnige en onbybelse leringe op die mark bring, nieteenstaande hul beroep op die Bybel. Maar ons wil weer die aandag vestig op wat in hierdie formuleringe verswyg word.

Die Heilige Skrif leer baie meer as die paar dinge waarop die A.E.B. besonder nadruk lê. En nou wil ons maar net vra: Wat glo die A.E.B. oor God? Oor die middele waardeur ons God ken? Oor die geskrewe Woord van God? Oor die getuienis van die Heilige Gees aangaande die Woord van God? Oor die Drie-eenheid? Oor Christus? Oor sy menslike en goddelike natuur? Oor die Persoon en werk van die Heilige Gees? Oor die sondeval? Oor die verdorwenheid van die mens, die omvang daarvan en die vrye wil? Oor die erfsonde? Oor die ewige verkiesing van God? Oor die versoening deur Christus? Oor die regverdigmaking? Oor die geloof? Oor die vergewing van sondes? Oor die heiligmaking en waarin dit bestaan? Oor die goeie werke? Oor die kerk en ons plig ten opsigte van die ware kerk? Oor die merktekens van die ware kerk en die onderskeid tussen ware en valse kerk? Oor die regering van die kerk? Oor die kerklike ampte? Oor die sakramente, ens., ens.? Waarom, indien die A.E.B., soos hulle beweer, ten doel het om 'n volle saligheid te verkondig (daargelate nou die vraag van die gesag, waaraan die A.E.B. sy reg ontleen om 'n volle saligheid te verkondig — iets waarvoor ons reeds gehandel het), oor dit alles geswyg om net op enkele dinge besondere nadruk te lê? Blyk hieruit juis nie die eensydigheid van die A.E.B. nie? Of is dit nie eensydigheid nie as een punt juis baie sterk beklemtoon word ten koste van die ander leerstukke?

Nog op iets anders wil ons in hierdie verband die aandag vestig, omdat dit so maklik mense ontgaan en hulle dan op 'n dwaalspoor gelei word. Die A.E.B. bely nou wel dat hy 'n wedergeboorte van bo deur die Heilige Gees leer, ens.; dat hy nadruk lê op reiniging van die hart, Doop deur die Heilige Gees en 'n lewe van voortdurende oorwinning oor sonde. Maar ons kan die vrae nie onderdruk nie: Wat word onder dit alles verstaan? Hoe word die wedergeboorte opgevat? Wat word bedoel met "reiniging van die hart"? Wat word verstaan onder "Doop van die Heilige Gees? Wat word verstaan onder "lewe van voortdurende oorwinning oor sonde"? Juis wanneer die A.E.B. mense hieroor hul nadere formuleringe verstrek, blyk hul onregsinnigheid in die leer.

Die fout van die A.E.B. is juis dat hierdie selfaangestelde en selfgeroepe organisasie, wat vir homself die reg aanneem om die Evangelie te preek, met verbygang van alle kerklike simbole homself direk wil wend tot die Heilige Skrif en wil maak asof die Heilige Gees nou, vandag vir die eerste keer, mense verlig om die Woord van God te kan verstaan en uitleê. Hierin vertoon die A.E.B. juis sy verwantskap met alle sektariese rigtinge en moet dit by die A.E.B. dan ook onvermydelik uitloop op **sektevorming**. Immers, die gereformeerde simbole wat geword het onder die leiding van die Heilige Gees wat Christus aan die Kerk belooft het om dit in die waarheid te lei, sê vir ons **wat die Skrif leer en hoe die Bybel verklaar moet word**. Die gereformeerde simbole wat die suiwerste uitdrukking en formulering is van die waarheid van die Heilige Skrif, lei ons juis in die waarheid van die Woord van God en aan die hand van die genoemde simbole verstaan ons die Heilige Skrif reg. Waar die A.E.B. egter tot die Skrif nader met verbygang en verontagsaming van die gereformeerde simbole, waarteenoor die beweging onverskillig staan, kom hy tot die Skrif met sekere, bepaalde opvattinge,

waarvoor nou in die Skrif bevestiging gesoek word. Dit sou ons nie moeilik val om dit aan te toon nie dat die A.E.B. onder 'n "reiniging van die hart", "lewe van voortdurende oorwinning oor sonde", "Doop van die Heilige Gees", ens., gans onbybelse en onskriftuurlike leringe verkondig en dat die Woord van God deur hulle op baie maniere verdraai word, waardeur eenvoudige mense mislei word.

Ons kan nog heelwat meer behandel in verband met hierdie beweging. Maar ons dink dat ons genoeg gesê het om lesers op hoogte te stel en hulle daarteen te waarsku en te wapen. Daarom sal ons dan ook hiermee afsluit.

Ons wil ons egter nog 'n slotopmerking veroorloof en 'n goeie advies gee. In die Afrikaanse Psalmboek is ook agterin opgeneem die Afrikaanse oorsetting van ons gereformeerde simbole of belydenisskrifte, naamlik die Drie Formuliere van Enigheid. Hierdie Afrikaanse oorsetting is, op versoek van die kerke, gemaak deur die Bybelvertalers, wat besondere moeite gedoen het om die Belydenisskrifte getrouelik en verstaanbaar in Afrikaans oor te sit. Ons wil die goeie raad gee: Koop die Afrikaanse Psalmboek en lees en herlees die belydenisskrifte van u kerk — hierdie kostelike skat wat uit die bloeityd van die Gereformeerde kerke van Europa tot ons gekom het. Maak dit tot u sielseiendom en u sal gefondeer en vas staan teenoor alle dwalinge en wind van leer en in staat wees om rekenskap te gee van u geloof en van die hoop op Christus wat in u is. Waar hierdie stukke nou weer vir u so gemaklik toeganklik gemaak is, wil ons baie sterk aanraai en daarop aandring dat lidmate hulself weer intensief inwerk in die inhoud van hierdie simbole. Dit kan uself en die kerk alleen ten goede kom as dit gebeur. U eie geestelike lewe kan daardeur alleen ontsaglik verdiep en verryk en daardeur oor die bloei van die kerk bevorder word.

CHRISTIAN SCIENCE.

(Ds. J. F. DU PLOOY).

As dr. J. Ch. Kromsigt Christian Science behandel, noem hy dit iets "ultra-optimistiesch". Tereg sien hy dit as een van die vertakkinge van 'n baie breër geestesstroming, as 'n openbaringsvorm van die idealistiese filosofie. Nou mag die meninge oor die belangrikheid van Christian Science baie uiteenlopend wees, maar dit is nie die geval betreffende die belangrikheid van die idealisme nie, waarvan Christian Science 'n vertakking is.

As Christene glo ons in 'n **persoonlike God**. Die idealisme daarenteen verkondig die leer van 'n **goddelike idee**. Daarom is dit wel noodsaaklik dat ons 'n weinig aandag sal skenk aan Christian Science wat dan maar net 'n vertakking is van m.i. 'n baie gevaarlike lewensbeskouing. Hierdie takkie het nog maar net die vorige eeu ontspruit, maar alreeds geweldige afmetinge aangeneem vanweë sy aantreklikheid.

Nadat ons eers 'n kort geskiedkundige oorsig gegee het, sal die vernaamste grondstellinge van Christian Science behandel en aan Gods Woord getoets word, om dan af te sluit met 'n kort uiteensetting van die kerkinrigting van Christian Science en enige opmerkinge.

1. Geskiedkundige oorsig.

Van Christian Science word Mary Baker Eddy as die grondlegger beskou. Sy is gebore op 16 Julie 1821 te Bow by Concord in New Hampshire, Noord-Amerika, as die jongste en enigste oorlewende van ses kinders. Haar vader was 'n egte Puriteinse boer en haar moeder 'n baie verstandige en onselfsugtige dame. As kind was Mary baie senuweeagtig, en behep met 'n slegte humeur.

Vanweë haar skoonheid het sy baie bewonderaars gehad. In 1843 tree sy in die huwelik met George Washington Glover, maar ses maande later is hy oorlede, en drie maande ná sy dood is haar enigste seun gebore. Ná die dood van haar man het sy al meer en meer 'n invalide geword en oral by vriende ingewoon. Die seuntjie het eintlik by ander mense groot geword.

In 1853 gaan sy 'n tweede huwelik aan met 'n sekere Daniel Patterson. Ná 'n ongelukkige huwelikslewe van dertien jaar is sy in 1866 van hom weg en het in 1873 egskeiding verkry.

Van besondere belang vir haar was die ontmoeting met 'n sekere dr. Quimby, 'n magnetiseur, in 1862, Hy het haar in drie weke van haar senuweemoelikhede genees en beweer dat hy ontdek het dat nie sy geneesmiddels die pasiënt genees het nie, maar die geloof waarmee sy die middels gebruik het. Haar genesing was egter nie van lange duur nie, want sy het maar weer siek geword en in 1866 haar nog boonop in 'n val beseer.

Verder word vertel dat, terwyl sy in die bed was, sy op 'n sekere dag die Bybel geneem en die verhaal van die genesing van die verlamde man gelees het. Daarna het sy vurig gebid en skielik gevoel dat sy gesond word, as deur 'n wonder. Sy het nou verder daarvoor nagedink en dit het vir haar duidelik geword dat siekte nie bestaan nie — dit is totaal 'n verkeerde gedagte wat die mense gekoester het.

Dit was die keerpunt in haar lewe. Nou het sy haarself in die eensaamheid afgesonder en aan die hand van die Bybel en wat sy innerlik ervaar het, 'n sisteem uitgewerk en dit beskrywe in die belangrikste werk van haar lewe, naamlik "Science and Health with key to the Scriptures", wat in 1875 verskyn het. (In die vervolg sal alleen verwys word na "Science and Health".)

In 1877 is sy op 56-jarige leeftyd weer getroud, hierdie keer met 'n naaimasjien-agent, 'n sekere Asa Gilbert Eddy wat haar feitlik in alles onderdanig was. Daarom dat sy ná sy dood in 1882 met alle lof van hom gepraat het as die volmaakte man (perfect man). Van nou af staan sy bekend as mev. Mary Baker Gilbert Eddy en lê haar voortaan daarop toe

om haar beweging met alle krag te bevorder.

In 1881 rig sy die "Massachusetts Metaphysical College" te Boston op. 'n Weinig later en "The Christian Science Journal" sien die lig.

Alhoewel dit eers nie haar bedoeling was nie, gaan sy tog in 1879 tot 'n eie kerkstigting oor. Die jaar 1879 staan dan ook in Christian Science-geskiedenis bekend as die stigtingsdatum van die moederkerk te Boston. In 1906 het 'n groot nuwe gebou, wat 2,000,000 dollar gekos het, die oue vervang en 30,000 scientiste het uit verskillende lande saamgekom om die inwyding by te woon.

Op 3 Desember 1910 is mev. Eddy oorlede. Haar volgeling glo egter nie dat sy dood is nie. Sy is maar net nie meer waarneembaar nie, sê hulle.

Ná haar dood het die beweging, wat nou alreeds wortels geskiet het, vinnig uitgebrei, net soos tydens haar lewe. Dit staan bekend as Christian Science (letterlik vertaal: Christelike Wetenskap).

In die loop van die tyd is sterk bedenkinge geopper aangaande die oorspronklikheid van mev. Eddy. Die volgeling van dr. Quimby beweer dat sy maar net die geestesarbeid van dr. Quimby verwerk en uitgegee het en dat sy beslis nie die ontdekster of stigster van Christian Science is nie. Hulle hou haar vir 'n "sluwe, hebsugtige en onbarmhartige bedriegster".

Die Scientiste inteendeel sien haar as 'n "edele, liefdevolle en selfopofferende vrou, in wie Christus leefde". Algemeen word erken dat sy 'n vrou met 'n sterk persoonlikheid was; iemand wat 'n besondere talent gehad het om te organiseer. Wat egter nie erken word nie, is dat sy 'n besondere goddelike inspirasie sou ontvang het om "Science and Health" te skrywe, dat sy onfeilbaar sou gewees het, dat sy bonatuurlike krag sou besit het en dat sy sonder sonde sou gewees het. Daar word selfs sover gegaan om haar as die gelyke van Christus en in sommige gevalle as sy meerdere te beskou.

2. Die vernaamste grondstellinge van Christian Science.

Om nou enigins 'n denkbeeld te vorm van wat Christian Science wil, moet ons dit in sy groot perspektief sien, naamlik in teenstelling met materialisme.

Materialisme gaan uit van die gedagte dat alles stof is. Net stof bestaan en niks meer nie, dus ook nie soiets as gees nie. Die hele Heilige Skrif is dus eintlik vir die materialiste 'n dwaasheid en veral is dit volgens hulle belaglik om te praat van die wonderwerke soos die Skrif ons dit verhaal.

Christian Science weer hou vol dat alles gees is. Die wonderwerke van Jesus Christus is — volgens die Scientists — juis 'n openbaring van 'n hoër geestelike wet wat eintlik ook die enigste wet is, aangesien daar nie 'n stoflike wêreld bestaan nie en gevolglik ook nie 'n wet vir so 'n wêreld nie.

Christian Science beroem hom verder daarop dat hy die reformatoriese Christendom uitstof, omdat laasgenoemde net die gelowige Christen ken, waar Christian Science ook die wetenskaplike Christen ken. In dit alles beroep hulle hulle ook op die Bybel.

Het die Christian Scientists nou ook 'n geloofsbelydenis?

Hierop antwoord mevr. Eddy op bls. 496 van "Science and Health": "They have not, if by that term is meant doctrinal beliefs" (vry vertaal beteken dit dat hulle nie 'n geloofsbelydenis het, as daarmee bedoel word leerstellige geloofswaarhede nie). Nogtans is daar 'n soort van geloofsbelydenis te vinde op bls. 497. In "Kerk en Secte, onder Redactie van Dr. S. D. van Veen" word die geloofsbelydenis, vertaald, as volg weergegee:

- "1. Als aanhangers van de Waarheid nemen wij het geïnspireerde Woord van den Bijbel als onzen genoegzamen gids tot het eeuwige Leven.
2. Wij erkennen en aanbidden een almachtigen en oneindigen God. Wij erkennen zijn

Zoon, een Christus; de Heilige Geest of goddelijken Trooster, en den mensch in Gods gelijkenis.

3. Wij erkennen Gods vergeving van zonde in de vernietiging der zonde, en het geestelijk begripen, dat het kwaad onwerklik, dus niet eeuwig is. Maar het geloof in zonde word gestraft, zoolang dat geloof bestaat.
4. Wij erkennen, dat Jezus' verzoening de goddelike reddende liefde aantoon, en de eenheid van den mensch met God ontvouwt door Christus Jezus, den Wegwijzer; en wij erkennen dat de mensch gered word door Christus, door waarheid, Leven en Liefde zooals de Galileesche profeet aantoon in het genezen der zieken, en het overwinnen van zonde en dood.
5. Wij erkennen, dat de kruisiging van Jezus en zijne opstanding dienden om 't geloof en 't begripen te verheffen, tot het beseffen van eeuwig Leven, n.1. het al-zijn van Geest en het niets-zijn van stof.
6. Wij beloven plechtig om te waken en te bidden, dat de Geest in ons zij, die ook in Christus Jezus was; den menschen te doen alle dinge die gij wilt dat zij u zouden doen, en barmhartig, rechtvaardig en rein te zijn".

Laat ons nou hierdie geloofsbelydenis in sy hoofgedagtes nader beskou. Ons wys dan op hul beskouing oor:

(a) God. Die Christian Scientists erken en bely een hoogste en oneindige God. Hier moet ons nou die grondstelling van Christian Science in gedagte hou, nl. dat materie, stof, nie bestaan nie. Die enigste Werklikheid wat bestaan is God. God is die groot EK IS; die alwetende, die almagtige, die alwyse, die al-liefhebbende, die ewige; God is Prinsipe; "Mind": Siel; Gees ; Lewe; Waarheid; Liefde; alle substansie; kennis (Science and Health, bls. 587). God is alles in almal en buite of naas God bestaan daar niks nie. In hierdie verband sleep mev. Eddy die eerste gebod in: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie". Nou beweer sy dat sodra 'n mens iets anders laat bestaan, jy ander gode maak. **Wat 'n Skrifverklaring!**

Mev. Eddy ken nie alleen God die Vader nie, maar sy spreek ook van die **Vader-Moeder-God** (bls. 332) en haar volgelingen roem daarop dat sy vir ons die moederskap van God openbaar het, soos Christus vir ons die vaderskap openbaar het.

Die Heilige Drie-eenheid soos deur ons bely, word deur haar verwerp. Ook erken sy nie 'n **persoonlike God** nie, omdat aan die begrip persoonlikheid, volgens haar opvatting, die gedagte van eindigheid en liggaamlikheid kleef.

As ons nou ondersoek instel na die skeppingsleer, dan tref ons 'n God aan wat eintlik niks doen nie, niesteenstaande mev. Eddy se bewering, waar sy die woord God verklaar. Om te skep, is vir haar dieselfde as om te dink. Materie, stof, word dus nie geskep nie, maar alleen geestelike ideë. Skepping beteken volgens haar die ontvouing van geestelike ideë. "Alle dinge word geestelik geskape", sê sy (bls. 256).

Kort saamgevat kom haar beskouing hierop neer: God is alles, en God is Gees; daarom bestaan stof nie en is daar ook nie 'n skepping soos ons dit beskou nie. Die sesdaagse skepping moet dan nie stoflik opgeneem word nie, maar vergeestelik word.

(b) Sonde. Volgens mev. Eddy en die Scientists bestaan so iets as sonde en **sondeval** nie. Ook dit hang saam met haar Gods-idee. God is goed en God is alles in almal, daarom kan daar g'n val wees nie en is sondeval slegs iets denkbeeldigs. Die geskiedenis van die slang en Eva is vir mev. Eddy slegs 'n legende, ja die hele geskiedenis van die val volgens Gen. 3 is vir haar 'n soort droomvertelling. Die geloof dat sonde bestaan is slegs 'n waan, en daardie waan moet oorwin word.

(c) Die Verlosser. Waar mev. Eddy die bestaan van die sonde ontken, wat is haar beskouing oor Jesus Christus? **Watter verlossingsleer huldig sy?**

Hierop antwoord sy dat die mens nie verlos moet word van sonde nie, want dit bestaan

nie, maar van die valse gedagte dat daar sonde is. Sy erken wel Jesus Christus, die Seun van God, maar as Unitariër sien sy in Hom nie God die Seun wat mens geword het nie. Terwyl die ganse stoflike wêreld vir haar 'n droombeeld is, ontken sy natuurlik die bestaan van vlees, en **daarom kan by Jesus ook nie van vleeswording sprake wees nie**. Vir haar bestaan ook nie so iets as die **twee nature van Christus nie**.

Wie **is** nou die **Christus van die Scientists**?

Op bls. 583 en 589 van Science and Health gee mev. Eddy die volgende feitlik onverstaanbare verklaring:

Christus beteken: "Die goddelike openbaring van God, wat tot die mensheid (vlees) kom om die vleesgeworde dwaling te vernietig".

Jesus beteken: "Die hoogste menslike, liggaamlike begrip van die goddelike idee wat dwaling bestry en vernietig en die onsterflikheid van die mens aan die lig bring".

Hieruit word ons dus niks wyser nie.

Die lyde van Jesus bestaan vir haar daarin, dat sy geestelike wete verset ondervind van hulle wat in die waan van sonde lewe.

Saamgevat kom haar verlossingsleer hierop neer: Dit beteken nie bevryding van 'n werklike sondelas nie, maar die genesing van die mens van die waan dat hy werklik sonde het. Verlossing beteken die mens tot die wete bring dat hy wesenlik een is met God.

Versoening is vir haar die aanskoulike voorstelling van die eenheid van die mens met God in waarheid, lewe en liefde deur Jesus Christus as die groot Wegwyser. Die mens word ook eintlik met God versoen en nie God met die mens nie.

Die hele saak kom nou hierop neer dat, wat die versoening betref, Jesus eintlik niks anders is as 'n **Wegwyser** nie; Hy is gelykstaande met die mens; Hy gaan net voorop, **maar die mens bewerk self sy eie verlossing uit die sondewaan**.

Die **wonderwerke** van Jesus, sy **opstanding en hemelvaart** is alleen maar 'n demonstrasie. As Hy die melaatse genees, sien Hy hom in werklikheid as sonder enige siekte. Sodra die melaatse ook tot daardie oortuiging gekom het, verdwyn die siekte. So ook met die opwekkinge van die dooies. Jesus ontken bv. dat Lasarus dood is waar Hy sê dat hy slaap. Die dood bestaan nie, ook dit is maar net 'n drogbeeld. Dieselfde demonstrasie het Hy met sy eie opstanding gegee. Dit het gelyk of Jesus dood was, maar in werklikheid was dit nie so nie, wat Hy bewys het met sy verskynings.

Die hemelvaart het die verskynings beëindig, want sy dissipels was nou voldoende onderrig dat daar nie so iets as dood bestaan nie. Hulle is nou toegerus om uit te gaan en self te demonstreer.

(d) Die gebed. Mev. Eddy begin haar boek met 'n hoofstuk oor die gebed en beweer: "Die gebed wat die sondaar hervorm en die siekes gesond maak is 'n absolute geloof dat alle dinge moontlik is by God" (bls. 1). Die gebed neem dus skynbaar by haar 'n belangrike plek in. **Maar om te bid is vir haar nie om te vra** om die goeie deelagtig te word nie, of 'n smeke om die vergifnis van sonde nie; **dit is alleen maar 'n stille meditasie**, terwyl die mens hom daarin verdiep dat God goed is, en dat die mens, na die beeld van God geskape, dus ook goed is.

Die Onse Vader word ook deur die Christian Scientists gebid, maar gewoonlik word dit direk gevolg deur mev. Eddy se geestelike verklaring daarvan. Dit is wat sy van die Onse Vader gemaak het:

"Onse Vader-Moeder-God, die al-harmonieuse, aanbiddenswaardige.

U koninkryk het gekom ; U is altyd teenwoordig.

Maak ons bekwaam om te weet dat God sowel in die hemel as op die aarde die almagtige en allerhoogste is.

Gee ons genade vir vandag; voed die uitgehongerde verlangens;

En liefde word weerspieël in liefde;

En God lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van sonde, siekte en dood.

Want God is oneindig, alle krag, alle Lewe, Waarheid, Liefde, oor alles en almal" (bls. 16 en 17).

(e) Die Bybel. As aanhangers van die waarheid neem die Christian Scientists die geïnspireerde woord van die Bybel as hul genoegsame gids tot die ewige lewe. Telkens beroep hulle hulle dan ook op die Bybel, waarvan mev. Eddy self sekere gedeeltes verklaar het. naamlik Gen. 1—4:16 en gedeeltes van Openbaringe 10, 12 en 21. Dit is die wonderlikste eksegeese wat nog ooit van die gedeeltes gegee is.

3. Hierdie grondstellinge getoets aan Gods Woord.

Christian Science erken alleen 'n God wat hulle kan ken en nie in Wie hulle kan glo nie. Hoe anders klink dit as o.a. Rom. 11:33 en 34, waar geskrywe staan: "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God'. Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?"

Verder **verwerp Christian Science die Persoonlikheid van God, en die Drie-eenheid**, en tog leer die Skrif ons dat God 'n enige wese is, onderskeie in drie Persone. Hulle noem God goed en hulle noem Hom liefde; maar dat die Here ook regverdig is, dat "geregtigheid en oordeel die grondslag van sy troon" is (Ps. 97:2), dit weet hulle blykbaar nie.

Dit is baie duidelik dat die God van die Skrif nie die God van Christian Science is nie. Die Skrif leer ons dat God in die begin die hemel en die aarde geskape het, en daarna het gevolg die sesdaagse skepping. God was dus die Skepper van die stoflike, en as Christian Science die hele skeppingswerk wil gaan vergeestelik deur die stoflike te ontken, dan is dit vir elke mens met gesonde verstand die grootste onsin. "Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan" (Ps. 33:9).

Ons glo wel in die **ewigheid van God** maar **nie aan die ewigheid van die mens nie**. Tussen die eindige mens en die ewige God sal altyd 'n kloof bestaan, want die mens kan nooit eenswesens met God word nie, soos Christian Science voorgee.

Eindelik verwys ons nog net na mev. Eddy se skepping van 'n **Vader-Moeder-God**. Afgesien daarvan dat sy haar op een lyn plaas met Christus, is en bly dit 'n gruwel om soiets te beweer. In die Skrif vind sy dit beslis nie en as sy dit self gefabriseer het, is dit boonop nog 'n ontkenning van die selfgenoegsaamheid van die Skrif.

Wat nou verder haar beskouing **oor die** sonde betref, kan ons net sê dat dit **totaal onskriftuurlik** is. Sy probeer die geskiedenis van die sondeval wegedeneer, en stel dit as iets denkbeeldigs voor; m.a.w. die geskiedenis van die sondeval is vir haar eintlik 'n "storie" wat nie in die Skrif moes gewees het nie. En tog, al hou die kwessie van die sondeval vir ons ook groot probleme in, glo ons nogtans dat wat God in Gen. 3 geopenbaar het, werklik so gebeur het.

Dit is ook trouens baie maklik om te sê dat sonde, siekte en dood nie bestaan nie, maar alleen die geloof daaraan. Dit is egter nie so maklik om dit te bewys nie en veral nie uit Gods Woord nie. As Christian Science nie rekening hou met sonde of kwaad nie, op grond daarvan dat God goed is, dan sou ons graag wil weet hoe hulle 1 Sam. 19:9 sou verklaar. Daar staan: "'n Bose gees van die Here het oor Saul gekom".

As Skrifgelowiges het ons nog altyd van die gedagte uitgegaan dat Christus gekom het as die tweede Adam om sy kinders te verlos, omdat deur die eerste Adam die hele menslike geslag in sonde geval het. Nou kom Christian Science en vertel aan die wêreld: daar bestaan nie so iets as sonde nie. Waarvoor bely hulle dan nog 'n Christus? Die enigste wat ons hierop kan sê, is dat Christian Science hul eie Christus gemaak het en

ook hul eie verlossingsleer. Christus sou dan nie gekom het om God met die mense te versoen nie, maar Hy het hulle alleen geleer dat hulle een is met die Vader-Moeder-God, en nou moet hulle nog net verlos word van die sondewaan. **Waarop kom dit anders neer as selfverlossing?** Daarom vra ons nou: Wat bly dan oor van die vleeswording van Jesus Christus? Wat bly oor van die grootste offer wat eenmaal aan die kruis gebring is? Wat het geword van die hemelvaart? En eindelijk: Wat 'n wonderlike toekomsverwachting moet Christian Science nie hê nie?

Volgens hierdie verlossingsleer is daar eintlik g'n prinsipiële onderskeid tussen Christus en die gewone mens nie. Christus is vir hulle die eerste groot Scientist en die Wegwyser wat homself bo die dwalinge van stof, sonde, siekte en dood verhef het, en wat alleen maar die weg tot verlossing aangewys het. **Let daarop: Hy is nie DIE WEG nie, Hy is alleen die Wegwyser.** So word sy navolgers in staat gestel om hulself te verlos en die soendood van Christus word 'n waan.

Hoe anders tog leer die Skrif ons: Hy is soos 'n lam na die slagplek gelei. Hy is die Man van smarte. Hy het gely tot in die diepste van die hel en uitgeroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Hy alleen moes sy sware stryd stry, maar Hy het die verlossing volbring. Kragtens hierdie soenverdienste sien die Here nou sy gelowige kind aan en maak hom die genadeverlossing deelagtig.

Die hel en die verdoemenis, die hemel en die toekomstige saligheid, bestaan vir die Christian Science nie. En tog spreek die Skrif baie duidelik van die plek waar die vuur nie uitgeblus en die wurm nie verteer word nie (Jes. 66: 24). Baie duidelik staan dit in die Bybel dat die hemel 'n skepping is van God en om nou alles te gaan vergeestelik is verregaande.

Kom ons nou by die gebed dan is die leer van die Scientists eers 'n gruwel. Die interpretasie wat hulle aan die Onse Vader gee, is 'n absolute verminking van wat Jesus ons so heerlijk geleer het. Hier het ons eenvoudig die geval dat daarin gelê word wat hulle daaruit wil haal. Volgens Matt. 7 sê Christus vir ons: "Bid en vir julle sal gegee word". In dieselfde verband staan: "Watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, vir hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra vir hom 'n slang sal gee?" Bid en vra is dus hier identies en daarom dwaal Christian Science as hy sê dat bid nie vra is nie en as hy die gebed maar net beskou as 'n stille meditasie.

Alhoewel Christian Science dus wel die gebed erken, is daar in werklikheid vir die gebed in hierdie stelsel nie plek nie. Die eenvoudige, kinderlike gebed in **alle afhanklikheid ken hulle nie.** Die **behoefte: Here, leer ons bid, besit hulle nie.**

Uit al hierdie dinge sal dit nou wel seker duidelik geword het dat die groot eerbied wat Christian Science vir die Bybel koester, eintlik maar skyn is. Naas die Bybel, en selfs bokant die uitsprake van die Bybel staan die boek: "Science and Health" van mev. Eddy. **Van die Bybel word eintlik na willekeur 'n soort Science-boek gemaak.** Vir ons is die Woord van God 'n openbaring wat dien tot versterking van ons geloof. Vir die Scientists is dit 'n wetenskaplike boek wat hulle die wete gee.

Christian Science glo nie dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is nie, maar hulle neem die geïnspireerde Woord van die Bybel as hul gids aan. **Wat vind ons nou hier anders as Skrifverwerping** om nog nie eers te spreek van Skrifverdraaiing nie, soos blyk uit mev. Eddy se verklaring van Gen. 1 - 4 en die gedeeltes uit Openbaring? Om maar net een voorbeeld te noem: Die boek wat die engel volgens Openb. 10 in die hand gehad het, sê sy, is 'n boek wat die Openbaring van Science bevat het, m.a.w. dit is eintlik die teksboek van Christian Science, wat deur mev. Eddy weer ontdek is nadat dit vir byna 19 eeue verlore was. Die boek Science and Health moet dus gelees, bestudeer, oorpeins, ja opgeëet word, terwyl die Bybel dan eers in die tweede plek in aanmerking sal kom. Daarteenoor stel ons definitief die Bybel as die onfeilbare Woord van God wat alleen die reël van die geloof is. Ons het Science and Health nie nodig nie.

4. Die kerkinrigting van Christian Science.

Soos reeds gesê was dit nie die bedoeling van mev. Eddy om 'n eie kerk te stig nie. Later het sy egter van gedagte verander en in 1879 daartoe oorgegaan. Te Boston word dan die s.g. Moederkerk opgerig wat die middelpunt van Christian Science sou vorm, soos dan ook tot op die teenswoordige tyd nog die geval is.

Die organisasie bestaan uit die moederkerk met sy vertakkinge. Waar klein groepies volgelinge is, word 'n vereniging in die lewe geroep en as daar genoeg lede is, word oorgegaan tot kerkstigting. Die hele kerk word egter vanuit Boston bestuur deur wat genoem word 'n "**Raad van Direkteure**" (Board of Directors) aan die hoof waarvan n president staan.

Hierdie raad het feitlik alles in hande; hulle benoem die sprekers — want predikante het hulle nie — wat ook nie somaar mag lees en sê wat hulle wil nie. Alles word hulle voorgeskryf vanuit Boston, sodat die dienste in alle kerke dieselfde is volgens 'n vasgestelde rooster. Op die manier word 'n baie streng kontrole oor die voordragte gehandhaaf, wat terselfdertyd ook 'n bewys is van die leertug wat daar gehandhaaf word.

Gedurende die diens bestaan die voorgebed uit 'n stille meditasie. Daarop word die Onse Vader hardop gebid en dit word onmiddellik gevolg deur mev. Eddy se geestelike uitleg daarvan. Dan word Scientistiese liedere gesing terwyl gedeeltes uit die Bybel en gedeeltelik uit Science and Health deur 'n eerste en tweede voorleser voorgedra word.

Die Sakramente Doop en Nagmaal, soos in die Skrif gegee, ken Christian Science eintlik nie. Slegs die geestelike verklaring van die stigster is bekend: "Ons Doop is 'n reiniging van alle dwaling" ; en verder: "Ons Nagmaal is 'n geestelike gemeenskap met die een God. Ons brood wat van die hemel kom, is Waarheid. Ons beker is die kruis. Ons wyn is die inspirasie van liefde, die drank wat ons Meester gedrink het en vir sy navolgers aanbeveel het" (Science and Health, bls. 35).

Elke kerk het ook sy eie Sondagskool waar besonder baie van die onderwys aan die kinders gemaak word. Ook vir volwassenes is daar die geleentheid om verder onderwys te ontvang.

Christian Science beskik oor verskillende kerklike organe, soos "The Christian Science Monitor", 'n dagblad, "The Christian Science Sentinel", 'n weekblad, "The Christian Science Journal", 'n maandblad, "The Christian Science Quarterly", 'n kwartaalblad, waarin die tekste vir die Scientistiese prediking gepubliseer word. Al die geskifte kom uit Boston.

Uit alles wat reeds gesê is, blyk dat Christian Science 'n bedrywige sekte is wat geweldig uitgebrei het. In 1900 skryf mev. Eddy dat die kerk 'n ledetal het van 16,000 kommunikante en dat volgens die getal lesers meer as 'n miljoen mense in haar stelsel belang stel. In 1909 is die statistiek, volgens "The Christian Science Journal", in Amerika: 1,000 kerke, 4,000 oefenaars (practitioners) en oor 'n miljoen lede.

Christian Science is egter nie net beperk tot Amerika nie. Die aanhangers van hierdie sekte word oor die hele wêreld gevind en selfs in ons land is hulle bedrywig.

5. Enige opmerkinge.

Daar sal nou wel gevra word waaraan dit moet toegeskryf word dat die sekte so besonder vinnig uitgebrei het. Een vername oorsaak is die **geneesmetode** wat deur die Christian Scientists toegepas word. Deurdadig Christian Science die bestaan van alle stof ontken, spreek dit vanself dat die mediese wetenskap soos ons dit ken deur mev. Eddy en haar navolgers veroordeel word. Hulle heg absoluut geen waarde aan geneeshere en medisyne nie. Kom iemand wat aan een of ander kwaal ly nou in aanraking met 'n Christian Scientist, dan stuur die hom gewoonlik na 'n "practitioner" wat so 'n persoon dan onderrig om die Christian Science-metode toe te pas. Tegelykertyd word hy dan ingelei in die beginsels van hierdie sekte.

Christian Science maak daarop aanspraak dat enige siekte deur hulle genees kan word. In "Science and Health" bestee mev. Eddy die laaste honderd bladsye aan wat sy "fruitage" (vrug) noem. Dit bevat nie minder as vyf-en-tagtig getuienisse aangaande siektes wat genees is nie. Daarmee wil sy seker bo alle twyfel die goddelike oorsprong van haar stelsel bewys. In die Christian Science-tydskrifte verskyn ook nog gereeld dergelike getuienisse van mense wat dan van een of ander kwaal genees sou wees.

Dit sou dus onverstandig wees as ons somaar oor hierdie beweringe wil heenstap sonder om daarvan notisie te neem. Ds. G. R. Kuyper sê: "Het valt niet te loochenen, dat de Scientisten met hun metaphysische (bovennatuurlijke) genees-methode verrassende resultaten weten te bereiken".

Die groot verdienste van Christian Science is dat hulle die oë oopgemaak het vir die noue verband tussen siel en liggaam. Die invloed van die gees op die stof, van die siel op die liggaam, is baie groot. Geneeshere hou vandag — in teenstelling met vroeër dae — wel deeglik met hierdie feit rekening. Uitgaande van hierdie standpunt is dit ook te begrype dat siek mense wat aan 'n ingebeeelde kwaal ly, volgens die Christian Science-metode gou gesond word. Ook lyers aan kwale wat hul oorsaak het in die senuweegestel, kan baat vind onder Christian Science-behandeling.

Soos mev. Eddy die feite in haar boek weergee en soos dit nog gedurig in die tydskrifte gepubliseer word, lyk dit baie aantreklik en mooi en menigeen beswyk net om hierdie rede. **Maar dit sal eers betekenis hê as ons die sekerheid het dat alle gevalle wat deur die beoefenaars behandel word, 'n sukses is.**

Kan hierdie sekerheid gegee word? Hierop antwoord Frank Ballard in sy boek "Eddyism" beslis: Nee. Hy sê: "As die waarheid, die hele waarheid en niks anders as die waarheid vertel word nie, dan oortref die gevalle van mislukkings die suksesvolle gevalle baie ver". Hy gaan dan daartoe oor om baie gevalle op te noem, in sommige waarvan geen sukses behaal is nie, in ander slegs gewaande sukses. Christian Science bring dus beslis die lesers onder 'n **verkeerde indruk** deur net die gevalle van sukses te publiseer en die ander nie te erken nie.

Hierdie sekte gaan onder die naam "Christian Science". Op watter gronde die naam gekies is, weet ons waarlik nie, want — soos Ballard sê — **dit is nie Christelik en ook nie wetenskaplik nie.** Uit die behandeling sal dit ook wel deeglik geblyk het dat Christus ver ten agter moet staan teenoor mev. Eddy. Wat die wetenskaplikheid betref kan ons net sê: as dit daarin bestaan dat alles vergeestelik word, is die sekte wel wetenskaplik, maar anders nie.

Dit is verder ook duidelik dat Christian Science in stryd is met alle gesonde denke en dat iemand met 'n gesonde verstand daaraan geen waarde sal heg nie. 'n Mens wonder soms of mev. Eddy alles begryp het wat sy geskrywe het, want in die verklarende woordelys agter in "Science and Health" kom verklaringe voor wat werklik geen sin en betekenis het nie. Allerlei teenstrydighede is nog 'n verdere kenmerk van die stelsel.

Dat daar nog mense is wat waarde heg aan iets dergeliks, kan wel enigsins verstaan word, want party mense heg selfs waarde aan niks, maar dat hulle kan beweer dat die stelsel op die Bybel gegrond is, is 'n raaisel.

As daar miskien mense is wat onder die bekoring van Christian Science geraak het, wil ons hulle verwys na die Skrif. In 2 Thess. 2 word van die Antichris gespreek wat "in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" en verder "wie se koms is volgens die werking van die satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen".

Onthou een ding: Tekens en siektegenesinge op hulself is nog geen bewys van Christelikheid nie — die towenaars van Farao het ook wonderlike tekens gedoen. Johannes sê: "Stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh. 4:1). **En Christian Science kan hierdie proef nie deurstaan nie.**

DIE RUSSELLIETE (RUTHERFORDISTE).

(Dr. P. J. S. DE KLERK).

1. — Ontstaan.

Ons het hier te doen met die volgelinge van Pastor Charles Russell van Brooklyn, New York.

Charles T. Russell het in 1879 'n tydskrif uitgegee met die naam "*The Watch Tower and Herald of Christ's Presence*" en in 1884 "*The Watch Tower Bible and Tract Society*" (Wagtoring-Bybel- en Traktaatgenootskap) opgerig om sy werk voort te sit. Hy het 'n reeks van ses boekdele gepubliseer, eers onder die titel "Millennial Dawn" en later onder die naam van *Skrifstudies* (Studies in the Scriptures). Ná sy dood in 1916 het nog 'n sewende deel verskyn "*The Finished Mystery*", waarin Russell voorgestel word as die leraar van die gemeente te Laodicea (Openb. 3:14). Sy werk is by miljoene versprei — vandag reeds in 74 tale — en sy volgelinge word "Internasionale Bybelstudente" (International Bible Students) genoem. Naas hierdie sewe dele van *Skrifstudies* is 'n menigte boeke en traktate in omloop, veral van die hand van regter J. F. Rutherford in Amerika. In "*The Kingdom*" van Rutherford lees ons dat die gesamentlike sirkulasie van sy boeke oor die 93,500,000 bedra. Ons besit 'n hele menigte van Rutherford se boeke en traktate. Daar is die bekende boek *Die Harp van God, Verlossing, Die Koninkryk, Lig* (2 dele), *Skepping, Regering, Versoening, Profesie, Vyande, Jehova, Regverdiging, Verlossing, Lewe*, ens. Dan verskillende traktate, soos *Die Gewenste Regering, 'n Boodskap van Hoop, Die Hel, Daar leef miljoene vandag wat nooit sal sterf nie, Het Photo-Drama der Schepping, Waar zijn de Doden, De Banier voor het Volk, Skeiding van die Mense, Armageddon*, ens. Dan het in Pretoria nog verskyn: *U Woord is die Waarheid* van P. J. Möller. Genoeg om die leser te laat sien dat ons hier met 'n sekte te doen het wat baie aktief optree. Met behulp van kolporteurs word hierdie boeke in groot menigtes onder ons volk versprei. Baie van die kolporteurs besit motorbusse, voorsien van luidsprekers om Rutherford se toesprake oor "Kingdom Message" op grammofoonplate uit te saai. Om dadelik te sien of 'n boek of traktaat van die hand van die Russelliete is, moet 'n mens voorin kyk om dadelik op te merk dat dit uitgegee is deur die Wagtoring-Bybel- en Traktaat-genootskap (The Watch Tower Bible and Tract Society).

2. — Vernaamste Grondstellinge.

Die Russelliete gaan ook deur onder die name van: "Internasionale Bybelstudente", "Getuies van Jehova", "Millennial Dawnists", ens.

Pastor Russell is 'n gevaarlike Skrifverdraaier; in sy sewe boekdele oor *Skrifstudies* word geen uitlegkunde gevind nie, maar inlegkunde.

Die sewende deel van *Skrifstudies*, "*The Finished Mystery*", is 'n soort van verklaring van die Openbaring van Johannes en van die profesie van Esegïël. Ons haal net 'n paar gedeeltes aan om die leser te laat sien watter waarde hierdie mense heg aan die boeke van Pastor Russell.

Openb. 19:11: "Ek sien die hemel geopen", beteken, volgens hul verklaring, die opening van die verborgenhede van God soos dit in hierdie sewende deel van "*Skrifstudies*" saamgevat is (bl. 293). As ons in Openb. 20:1 lees dat 'n engel uit die hemel neerdaal met 'n ketting in sy hand om die draak te bind, verklaar hulle hierdie ketting as die waarheid soos dit saamgevat is in die sewe dele van "*Skrifstudies*". Met hierdie ketting het die engel in 1878 die kerke, die Babilon van ons tyd, wat die Here uit sy mond gespuug het, gebind (Openb. 3:16, dl. II, bl. 235, 240, ens., Eng. uitgawe). Die dier en die valse profeet in Openb. 20 is die Roomse en Protestantse Kerke. Die woorde van Openb. 20:11, naamlik dat die hemel en aarde weggevlug het, verklaar hulle as die simboliese hemel wat die geestelike invloede, Kerk en Christendom, verteenwoordig. As Christus in 1874 die oprigting van sy koninkryk begin, sal die teenswoordige kerke ophou om te bestaan.

Rutherford gaan nog verder waar hy sê: "Daar bestaan nie soiets as die Christelike religie nie, want alle religie kom van Gods vyand, die duivel". En verder: "Die grootste bedrogspel wat nog ooit versin en gepleeg is, is die van religie". En nog: "Religie, wat aangemerkt staan as die Christelike religie is 'n bedrogspel, wat deur die duivel versin is om die Naam van God Almagtig oneer aan te doen". (*Vyande*, bl. 128, 143, 145, 207).

Lees 'n keer Rutherford se boek "*Jehova*" en oortuig uself watter Skrifverdraaiing daarin voorkom. Sy leer van die verbonde is 'n hopelose verwarring. Die O.T. is 'n wetsverbond, terwyl "die Nuwe Verbond gemaak is destyds toe die teenbeeldige Paaslam, Jesus Christus, geslag is" (bl. 158). Hierteenoor handhaaf ons dat Ou Verbond en Nuwe Verbond een genadeverbond is. Maar genoeg!

Die leser sal merk dat — volgens Rutherford — die sewe dele Skrifstudies in die Raad van God voorbeskik is om 'n end te maak aan die valse leerstellings van die kerke. Byna alles in die Bybel word vergeestelik. Die Skrifwoord dat die son en die maan verduister sal word met die koms van Christus word so verklaar dat die son die "sonlig van versoening" is wat deur die kerk verduister sal word en die maan die "maanlig van die Mosaïese Wet" (Skrifstudies IV, bl. 592, Eng. uitgawe). Die leser kan nou sien met watter soort Skrifverklaring ons hier te doen het.

In die boekdele van Russell en Rutherford word verderflike ketterye aangetref. Hulle verloën Jesus Christus as die eniggebore Seun van God en ontken ook sy liggaamlike opstanding. Hulle wil ook nie weet van die onsterflikheid van die siel nie en leer dat die siel in die graf slaap. Hulle loën die leerstuk van die heilige Drie-eenheid, en beskou die versoeningswerk van Christus as die van 'n gewone volmaakte mens, want Christus het net 'n menslike natuur besit. Hy is God gemaak. Hulle loën die ewige straf in die hel en leer 'n tweede kans vir bekering ná die dood. Die wederkoms van Christus het reeds in 1874 plaasgevind en die duisendjarige ryk in 1914 ingetree. Dit is die vernaamste dwalinge wat ons hier wil weerlê.

Die leer van Russell en Rutherford is 'n mengsel van Unitarianisme, Universalisme, Socinianisme, Mormonisme, Teosofie, Politeïsme (veelgodedom), Millenniumisme, ens. Ons beskou hierdie sekte van Russelliete as afgedwaal van die fundamente van die Christendom. Dr. Moorehead sê dan ook nie teveel nie as hy beweer dat pastor Russell deur die Bose gebruik word om die waarheid van Gods Woord te loën en om Christus smaadheid aan te doen. Hy eindig sy artikel oor Millennial Dawn in "*The Fundamentals*" dl. VII, as volg: "Mag God in sy oneindige genade sy volk bewaar van verlei en bedrieg te word deur hierdie namaaksel van 'n Christendom".

3. — Die Onsterflikheid van die Siel.

Volgens die H. Skrif bestaan die mens uit siel en liggaam. Die liggaam is geformeer uit die stof van die aarde, terwyl God die asem van die lewe in die mens se neusgate geblaas het (Gen. 2:7). Dit wil nie sê dat die Here slegs 'n lewensasem in die mens geblaas het nie, want die diere besit dit ook. Die bedoeling is dat die Here met 'n eie goddelike werksaamheid die mens geformeer het. Die Here het nie die menslike liggaam soos 'n lewenslose ding geformeer en dit toe lewend gemaak deur in sy neusgate te blaas nie. Nee, God het die mens deur 'n besondere skeppingsdaad laat lewe. Die goddelike asem behoort nie tot die skepping nie, maar tot God, en hierdeur is die mens onmiddellik gebind aan God. Deur hierdie magsdaad van die Here het die mens van 'n natuurlike aardse wese 'n geestelike wese geword. Hierdeur is sy siel gebind aan God en dus onsterflik.

Die Russelliete leer dat God nie 'n onsterflike siel aan die mens gegee het nie. Volgens hulle beteken die woorde siel, skepsel en mens almal dieselfde. "Iedere mens is 'n siel, maar geen mens kan 'n siel besit nie" (*Verlossing*, bl. 18; *Creation*, bl. 249, 251). God alleen besit onsterflikheid, so beweer hulle met 'n beroep op 1 Tim. 6:16.

Die mens het volgens hierdie dwaalleer dus geen siel nie, want hy is die hoogste orde van die dierlike skepping (*Creation*, bl. 51, 51). Die mens is 'n siel en nog wel 'n sterflike

siel. Met die dood van die liggaam is die siel ook dood. Dit is die leer van die sieleslaap, waarvolgens die siel in die graf slaap tot die opstanding, wanneer dit eers opgewek word saam met die liggaam. Daar kan dus, volgens hierdie leer, alleen onsterflikheid wees op voorwaarde dat die mens glo en hom bekeer. Daarom word dit genoem die leer van die kondisionele (voorwaardelike) onsterflikheid.

Die H. Skrif leer ons dat die mens na die beeld van God geskape is, wat allereers aanwysbaar is in die siel. Die mens is siel en gees. Hy is 'n gees omdat hy nie soos die diere uit die aarde voortgekom het nie, maar omdat die asem van die lewe deur God in hom geblaas is, omdat hy sy lewensbeginsel uit God het. Die diere het slegs 'n lewensgees, wat die beginsel van hul dierlike lewe is, maar die gees van die mense gaan in selfstandigheid en vryheid daarbo uit.

Die H. Skrif aanvaar dan ook die onsterflikheid van die mens se siel as 'n vanselfsprekende waarheid. Die Prediker vermaan ons om aan ons Skepper te dink in die dae van ons jonkheid voordat die silwerdraad afgesny word en die goue oliekan stukkend val en die stof na die aarde terugkeer en die gees na God wat dit gegee het (Pred. 12:1, 6, 7). Hier word tog duidelik die onsterflikheid van die siel geleer.

Ons lees tog so dikwels in die Bybel dat die gestorwenes tot hul vaders versamel word en Asaf sê in Ps. 73 dat God hom sal lei deur sy raad en daarna in sy heerlikheid opneem.

Die apostel leer in 1 Tim. 6:16 slegs dat die onsterflikheid oorspronklik by God alleen berus het. God is alleen die lewensbron van alle skepsele en Hy alleen besit die onsterflikheid. Maar dit wil nie sê dat Hy dit nie aan die mens met die skepping gegee het nie. Waar die mens onsterflik in sy siel is, daar volg dit vanself dat die siel nie in die graf slaap soos die Russelliete leer nie.

Die H. Skrif stel altyd die siel ná die dood in 'n bewuste toestand voor. Die gelowiges geniet onmiddellik ná hul dood die geluksaligheid in die gemeenskap met Christus (Lus. 23: 43; Hand. 7:59; 2 Kor. 5:8; Fil. 1:23, ens.). Vergelyk ook ons Heid. Kategismus, vr. 57, waar ons lees dat die siel van die gelowige dadelik ná die dood in die gemeenskap met Christus opgeneem word. Paulus beweer dieselfde as hy in Fil. 1 :23 verlang om ontbind te wees en met Christus te wees en Jesus sê vir die moordenaar aan die kruis dat hy nog vandag met Hom in die Paradys sal wees. Die Russelliete verdraai die woorde van Jesus deur te lees: "Voorwaar, vandag sê Ek vir jou, jy sal met My in die Paradys wees". Daar is geen rede vir hierdie verdraaiing nie. Feitlik al die vertalings uit Grieks het die komma voor **vandag**, naamlik: "Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees".

In Openb. 6:9—11 sien Johannes die siele van die martelaars onder die altaar, waaruit blyk dat hulle nie in die graf slaap nie. Die H. Skrif weet van 'n voortbestaan van die gees ná die dood. Calvyn het in sy tyd al opgetree teen hierdie verderflike leer van die sieleslaap in sy boek "*Psychopannychia*". Die H. Skrif noem die dood soms wel 'n slaap, maar dit beteken dat die dode slaap ten opsigte van wat hier op aarde gebeur, nie ten opsigte van hemel en hel nie. Volgens Luk. 16:22, 23 word Lasarus deur die engele in die skoot van Abraham gedra, terwyl die ryk man in die hel sy oë oopmaak, maar hierdie gelykenis word deur die Russelliete vergeestelik. Die ryk man, sê hulle, sien op die Joodse volk en die arme Lasarus op die tollenaars, sondaars en heidene. Israel is later as nasie volkome vernietig. Dit beteken dan dat die ryk man in die hel kom. Die skoot van Abraham aan die ander kant stel dan 'n toestand van guns voor, waarom Lasarus in Abraham se skoot 'n voorstelling gee van die feit dat die heidene in Gods guns gekom het (*De Hel*, bl. 30-32; *U Woord is die Waarheid*, hf. VII). Watter soort Skrifverdraaiing kry ons hier! Die H. Skrif leer: soos die boom val, so sal hy bly lê. Oombliklik ná die dood is die gelowiges en die goddelose waar hulle moet wees, al is dit dan nog in 'n voorlopige staat van geluksaligheid of rampsaligheid.

Job bely in hf. 19:25-27: Ek weet dat my Verlosser leef en dat ek uit my vlees God sal aanskou. Lees slegs 1 Kor. 15.

Die dood is volgens die H. Skrif slegs die losmaking van die band van liggaam en siel.

4. — Die Persoon van Christus en die H. Drie-eenheid.

Volgens die Russelliete is Christus nie van ewigheid af God naas die Vader nie. Hulle sê dat die leer van die heilige Drie-eenheid 'n godslasterlike leerstelling van die kerke is (*Boodskap van Hoop*). Volgens hulle is daar maar net één Almagtige God, wie se naam Here is, die Allerhoogste. Daarom mag Christus nie as "God van ewigheid af" beskou word nie. Vgl. *Skrifstudies*, dl. I, bl. 177-178, 188, Eng. uitgawe, waar ons lees: "Onse Here was, voor Hy sy heerlijkheid verlaat het, in die gestaltenis van God, 'n geestelike Wese wat die gedaante van 'n sondige mens moes aanneem. Hierom moes Hy dus van wese verander en die natuur van die mens aanneem". Christus was voor sy vleeswording dus 'n blote geskape *gees*. Hy was toe bekend as die aartsengel Migael. Ná sy vleeswording is sy wese verander in die van 'n blote mens sonder sonde. Eers ná sy opstanding het Hy God geword (*Skrifstudies* V, bl. 84). Christus is die eersgeborene van alle creature, sê Russell, en dit beteken dan dat Hy die eerste geskape kreatuur van God was (*Verlossing*, hf. 9; *Skrifstudies*, dl. V, bl. 85, 86). As ons in Joh. 1:14 lees dat die Woord, die Logos, vlees geword het, dan wil dit volgens Russell sê "dat Christus Hom ontdaan het van sy voormenslike bestaansvorm en ons natuur aangeneem het" (bl. 95).

Die godheid van onse Here Jesus word dus verloën en Hy wood verlaag tot 'n blote mens. Al die werke van Russell en Rutherford is vol van hierdie ketterse dwaling wat nog iets ergers is as die leer van Arius in die vierde eeu. Arius se ontkenning van die ewige godheid van Christus is veroordeel op die sinode van Nicea in 325. En tog vind ons hierdie eeue-oue kettery in 'n nuwe kled by die Russelliete terug. Dink bietjie na, leser, Christus was volgens hierdie verderflike leer slegs 'n geskape geestelike wese, en as beloning vir sy gehoorsaamheid tot die dood het Hy God geword. Dit druis teen die H. Skrif in wat leer: "In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God" (Joh. 1:1). Christus is die Logos, die (vleesgeworde) Woord van God. Die Woord was daar al in die begin van die skepping van alle dinge, wat nie wil sê dat dit toe eers ontstaan het nie. Christus was as die Woord van God al daar toe die skepping van alle dinge 'n aanvang geneem het; Hy was die Woord van God reeds van ewigheid af by God as die tweede Persoon van die Heilige Drie-eenheid; as die Woord by God wat self God was, soos Johannes sê. Hy is dus nie 'n ondergeskikte geskape wese nie, maar van ewigheid af in die gestalte van God (Fil. 2:6-11).

Hy het Hom in die vleeswording van daardie goddelike gestalte van heerlijkheid ontledig. Hy het Hom soos 'n dienskneg verneder en daardeur sy koninklike eer en heerlijkheid afgelê. As ons in Joh. 1:14 lees dat die Woord vlees geword het, wil dit nie sê dat Christus opgehou het om die goddelike Woord (Logos) te wees nie. Nee, Hy het gebly wat Hy was, maar terselfdertyd geword wat Hy nie was nie. Sy vleeswording beteken nie die beëindiging van sy goddelikheid nie. In 1 Tim. 3:16 sê Paulus dat God geopenbaar is in die vlees. Is God dan 'n geskape wese? Christus is van ewigheid af die Gesalfde van die Vader (Ps. 2) en Draer van die hoogste goddelike eer. In Jes. 9:5, 6 word Hy genoem Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, en Vredevoers. In Spr. 8:23 word van Christus, die goddelike Wysheid, gesê: "Van ewigheid af is Ek gesalf, van die begin af, van die voortyd van die aarde af". Vergelyk verder 1 Petr. 2:20; Rom. 9:5; Joh. 17:5; *Geloofsbelydenis*, Arts. 10, 19. Elke gees wat nie bely dat Jesus in die vlees gekom het nie, is die gees van die Antichris (1 Joh. 4:2, 3). Laat ons die geeste beproef.

Ons let nou verder daarop hoe die Russelliete die persoon van Christus voorstel. Volgens hulle het Christus op aarde 'n blote menslike natuur besit. Daar was in Hom geen goddelike natuur soos ons bely nie. In *Skrifstudies* (Dl. I, bl. 179) lees ons: "Jesus kan nie twee nature, die geestelike en die menslike, in Hom verenig gehad het nie, want by 'n vermenging van twee nature tree nog die een nog die ander op die voorgrond, maar ontstaan 'n onvolmaakte basterwese (an *imperfect hybrid thing*) wat indruis teen die goddelike plan. Vleeslik was Jesus 'n volmaak-geestelike wese, en ná sy opstanding is Hy 'n volmaak-geestelike wese van die hoogste goddelike orde." Ons *Geloofsbelydenis* leer in Art. 19 dat Christus "ware God en ware mens" is. Dit is volgens Russell dan 'n

onvolmaakte basterwese. Is dit nie godslasterlik nie?

Die hele leer van die vleeswording van die Woord word hier omvergewerp. Regter Rutherford beweeg hom in dieselfde rigting. In sy "*Harp van God*" wys hy daarop dat dit 'n verkeerde teorie is, dat Jesus "beide God en mens in volkomenheid was" (bl. 101). Hy beweer verder dat die dood van Jesus aan die kruis "die dood was van 'n volmaakte menslike wese wat presies met die volmaakte mens Adam ooreengekom het" (bl. 139). Jesus is nie die Woord wat vlees geword het nie, maar 'n blote mens uit Maria gebore (bl. 102). Hy "is tot die goddelike natuur gewek toe Hy in die Jordaan gedoop is" (*Harp van God*, bl. 165, 166; *Verlossing*, bl. 153; *Skrifstudies*, Dl. VI, bl. 706). Hier word 'n poging aangewend om onse Here Jesus Christus te verlaag tot 'n blote skepsel soos Adam voor die sondeval was.

Hierteenoor hou ons vol dat die Woord (Logos) vlees geword het, dat Hy as die Woord van God die menslike natuur aangeneem het (Joh. 1:14). Hy is die eniggebore Seun van God wat in die skoot van die Vader was. *Ons vermeng nie* die nature van Christus soos Russell beweer nie, maar leer dat die twee nature nooit geskeie is nie maar tog wel altyd onderskeie. Jesus was ook nie twee wesens soos Russell beweer nie (*Skrifstudies*, Dl. I., bl. 180), maar ons leer 'n ongedeelde eenheid van beide nature. Die Seun van God het die ware menslike **natuur** aangeneem en nie die menslike **persoon** soos die Russelliete beweer nie. Hy het nie in 'n bepaalde menslike individu ingegaan nie, maar as tweede Persoon in die Heilige Drie-eenheid die menslike natuur aangeneem. Hy is en bly een Persoon en hierdie een Persoon is en bly altyddeur waaragtige en ewige God. God en mens is in Christus met mekaar verenig, maar nie só dat daaruit 'n Godmens sou voortkom nie. Die twee nature is altyd onderskeie; dit is nie twee toestande in die lewe van Jesus nie maar tweërlei bestaanswyse van die Seun van God. Hier is geen vermenging nie, geen basterwese nie, maar die twee nature is met mekaar verenig in 'n persoonlike vereniging. Op die Sinode van Chalcedon het ons vaders al in 451 teen hierdie ketterse dwaling opgetree. Daar het hulle bely dat die twee nature in Christus onverdeelde, onafskeidelik, onveranderlik en onvermengd is.

Pastor Russell moes 'n poging aanwend om Christus te verlaag tot 'n gewone mens om die leer van die Heilige Drie-eenheid te kan weerlê. Maar nou sit hy weer in 'n ander moeilikheid, naamlik met die godheid van die Heilige Gees. Daarom het hy gewoonweg die goddelike persoonlikheid van die Heilige Gees weggeredeneer. In *Skrif studies* (Dl. V, bl. 169) lees ons: "Daar is geen grond vir die bewering dat die Heilige Gees 'n ander God is, apart van die Vader en die Seun nie". Rutherford volg hom op die spoor en verklaar: "Die Heilige Gees is die onsigbare mag van God, wat inwerk op die verstand of materie soos God dit wil" (*Verlossing*, bl. 196). Luister verder: "Valse leerstellings van die Drie-eenheid, onsterflikheid en ewige pyniging van die goddelose is ingevoer; Satan se doel met dit alles was om die gemoedere van die mense van Jehova af te keer" (bl. 208). Die Heilige Gees is dus slegs die verteenwoordigende krag en werking van die Here Jesus in sy kerk (*U Woord is die Waarheid*, bl. 54). Dis **die Christelike kerk**, so beweer hierdie dwaalleraars, wat van die Heilige Gees 'n goddelike persoonlikheid gemaak het.

Hierteenoor bely ons met ons Heidelbergse Kategismus (Sondag 20) dat die Heilige Gees met die Vader en die Seun 'n ewige en waaragtige God is.

Die Heilige Gees is nie 'n krag, ook nie 'n eienskap van God nie, maar 'n goddelike Persoon. Hy word dan ook Trooster genoem en aan Hom word persoonlike eienskappe toegeskrywe, soos bv. dat Hy die dieptes van God ondersoek (1 Kor. 2:10), dat Hy alleen die dinge van die mens weet en aan elkeen van ons meedeel soos Hy wil (1 Kor. 12:11). In Rom. 8:27 word selfs gespreek van die "bedoeling" en in Rom. 15:30 van die "liefde" van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is dus 'n Persoon wat net so teer liefhet as die Vader. In Ef. 4:30 sê Paulus dat ons die Heilige Gees van God nie moet bedroef nie, want ons is deur die Heilige Gees verseël tot die dag van verlossing. Die Heilige Gees kom ons swakhede te hulp en Hyself bid in ons met onuitspreeklike sugtinge (Rom. 8:26). As ons deur die Gees van God gelei word, is ons kinders van God.

Die Heilige Gees is onse Voorspraak by die Vader (1 Joh. 2:1). Hoe kan die krag van God

nou 'n voorspraak by God wees? Hoe kan 'n krag, 'n gesindheid of 'n eienskap bid, ons in die waarheid lei, ons troos en ons verseël? Hoe kan ons 'n krag van God bedroef (Jes. 63:10)? Die leser merk die ongerymdheid van hierdie ketterse dwaling van die Russelliete. Hulle doen die Heilige Gees smaadheid aan. Die Hebreërbrief sê: "Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament, waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het" (Hebr. 10:29). Ons lees in die Bybel dat ons nie mag sondig teen die Heilige Gees nie (Matt. 12:31, 32), want dit sal ons nie vergewe word nie. Hoe kan ons nou sondig teen die Vader en dit sal ons vergewe word, maar sonde teen die Gees van die Vader kan nie vergewe word nie? Is dit nie juis 'n bewys dat die Vader en die Heilige Gees aparte goddelike persone is nie? Ons mag ook nie lieg teen die Heilige Gees nie (Hand. 5:3), want dit beteken lieg teenoor God. Die Heilige Gees is van ewigheid af (Hebr. 9:14), Hy is alomteenwoordig (Ps. 139:7), Hy is almagtig (1 Kor. 12:4-6). Hoe kan ons die Heilige Gees as goddelike Persoon wegredeneer? Hy immers woon in ons en is ons Heiligmaking. Hy plant die geloof in ons en maak vir ons Christus met al sy weldade deelagtig. Soos Christus alles ontvang van die Vader, so neem die Heilige Gees alles uit Christus en deel dit aan sondaars mee. Niemand kan Jesus Here noem nie, behalwe deur die Heilige Gees.

Die vraag is nou: Is Russell dan 'n Unitariër wat slegs een enkelvoudige goddelike wese bely? En dan is die antwoord: nee, Russell is geen monoteïs nie. Hy bely selfs nog meer gode. Ons sal later sien dat selfs die mense wat Christus aanneem, die "klein kuddetjie", ook eenmaal die rang van gode ontvang volgens Russell. Hier het ons ooreenkoms met die Mormone, wat ook vele gode bely. Russell is politeïsties, en sy hele leer kan tenslotte alleen uitloop op afgodediens.

5. — Die Versoeningswerk van Christus.

Ons het reeds kennisgemaak met die leer van Russell dat Jesus 'n gewone volmaakte mens was soos Adam. Eers was Hy 'n geestelike wese, naamlik Migael, waarna Hy 'n natuurverandering ondergaan het van die geestelike tot die menslike. Daarna het Hy weer 'n natuurverandering ondergaan van die menslike tot die goddelike (*Skrifstudies*, Dl. I, hf. 11). Hoe deur en deur onbybels! Sê die Hebreërbrief nie: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid"?

Verder leer Russell dat daar in Christus geen goddelike natuur was nie, waaruit volg dat sy versoeningswerk die van 'n gewone volmaakte mens was. Rutherford beweer: "Die goddelike geregtigheid het die lewe van die volmaakte mens, Adam, geëis en daardie lewe ontnem" (*Harp van God*, bl. 129, 135, 136, 139, Eng. uitgawe). Die goddelike geregtigheid, so word beweer, kan niks anders as substituut vir Adam aanneem nie as die lewe van 'n volmaakte mens. Hierdie mens moet dan as sondaar sterwe, maar self moet hy sonder sonde wees. "Christus moet die las van die sonde dra, daarom moes Hy die plek van die sondaar inneem" "bearing for us the stroke of justice" (*Skrifstudies*, Dl. V, bl. 127, 128; *Verlossing*, hf. IX). In die boek "*Government*" lees ons: "As 'n ander volmaakte mens gewillig sou wees om Adam se plek in sy dood te neem as sy plaasvervanger, en also aan die goddelike reg voldoen, dan kan God Adam en sy nageslag verlos van die oordeel" (bl. 109). Russell leer dat Christus vir alle mense sonder enige uitsondering gesterf het (*Skrifstudies*, Dl. V, hf. 15). Ons sien hier hoe die versoeningswerk van Christus universeel voorgestel word en hoe dit die werk word van 'n gewone, volmaakte mens.

Die vraag is: Kan 'n gewone mens, ook al is hy volmaak, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag dra en ander daarvan verlos? Ons antwoord: nee (vgl. Heid. Kategismus, vraag 14). Hier het ons weer die ou dwaling van Pelagius dat die mens sy eie saligheid uitwerk. In "*Die Gewenste Regering*" lees ons: "Die dood en opstanding van Christus dien as waarborg dat alle mense 'n geleentheid tot die lewe sal kry" (bl. 14). Daar is 'n "groot rantsoenoffer vir almal." Dis waar, die Russelliete leer ook 'n soort van uitverkiesing wat daarop neerkom dat die mens self uit sy vrye wil die saligheid aanneem. Wat Jesus vir ons gely het bestaan in 'n "everlasting selfdestruction"

('n ewige selfvernietiging, kyk *Skrifstudies*, Dl. V, bl. 466, 402). So is die dood vir alle mense ook 'n vernietiging, uitgesonderd die "klein kuddetjie", die Bruid van Christus. Hierdie Bruid word die onsterflikheid deelagtig, die goddelike natuur. In die duisendjarige ryk word alle "vernietigdes" wat nie tot die Bruid behoort nie, weer lewend deur Christus. Dan mag hulle uit hulself nogeens kies net soos Adam en Eva in die Paradys.

Christus is dus slegs 'n Voorloper op die loopbaan om also onself te ontledig van al die aardse op die altaar van die dood. Russell leer dat die bloed van Christus nie genoegsaam is vir die versoening (redemption) van die wêreld nie. Dit moet aangevul word deur die bloed van sy geestelike Liggaam en geskied deur die lyding en toewyding aan sy ware kerk (*Skrifstudies*, Dl. V, bl. 457, 458). Wat 'n karikatuur word ons hier aangebied van die werk van Christus! Waarlik, as ons volk hier nie kan onderskei nie, gaan hulle verlore omdat hulle geen kennis het nie. Dan is daar nog kerkmense wat beweer dat daar "niks verkeers is" in hierdie ketterse boeke nie.

Ons bely tog dat alleen die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus ons deel kan word deur die geloof (*Kat. Sondag 23*). 'n Blote mens, hoe volmaak ook, kan nie vir ons volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid verdien nie (kyk Rom. 3:21-26). Hier val die fundamente van die Hervorming weg en Russell word hier deur die duiwel gebruik as een van die grootste verleiers. Geen wonder dat prof. dr. Moorehead beweer: "Russell is being used by the Evil One to subvert the truth of God". As Christus geen God was nie, dan is al sy versoeningswerk blote mensewerk en dus tevergeefs. 'n Blote skepsel tog kan nie die toorn van God teen die sonde dra en ander daarvan verlos nie. Christus is 'n versoening vir ons sondes en deur sy bloed het Hy ons tot God teruggebring en van alle sondes gereinig (1 Joh. 1:7; 2:2; Openb. 5:9; 7:14). Hy het Hom eenmaal vir die sondes van sy volk opgeoffer en daardeur 'n ewige verlossing teweeggebring (Hebr. 1:3; 7:27; 9:12; 10:12). Hy het ons sondes aan die kruis gedra en ons deur sy bloed verlos (1 Petr. 1:18, 19; 2:24). Soos Adam die oorsaak is van sonde en dood, so is Christus die bron van geregtigheid en lewe (Matt. 20:28; 1 Kor. 15:21, 22). Christus tog was nie slegs 'n voorbeeld van 'n volmaakte mens nie, maar sy lewe en werk is plaasvervangend van aard. Hy het vir ons die straf gedra, maar ook die geregtigheid en die lewe verwerf, wat Adam moes gedoen het. Daar is 'n aktiewe en passiewe gehoorsaamheid by Christus wat die Russelliete oor die hoof sien. Christus is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Ons is duur gekoop (1 Kor. 7:23).

Die verkeerde versoeningsleer van Russell spruit voort uit sy verkeerde sondebegrip. Sonde is volgens hom 'n gebrek, 'n disharmonie, 'n onvolkomenheid en nie ongehoorsaamheid aan die Wet van God soos die Bybel leer nie (*Skrifstudies*, Dl. I, hf. 7). Volgens die Bybel is die sonde 'n misdaad, 'n vergryp aan die geregtigheid, 'n skennis² van die majesteit van God, wat ons onder die oordeel bring (Rom. 3:19) en ons die dood laat verdien (Rom. 1:32). Daarom eis die sonde as wetsoortreding straf en is daar sonder bloedvergieting geen vergiffenis nie. Die sonde kan dus alleen volkome oorwin word in die weg van die reg. Om hierdie rede kan 'n blote mens nooit aan die goddelike reg voldoen nie. Hy kan naamlik nooit volstrekke en volmaakte gehoorsaamheid aan die wil van God volbring nie. Die straf van die sonde is dus noodsaaklik as God sal bly en sy geregtigheid gehandhaaf moet word. Dis onsin as Rutherford beweer dat Jesus as volmaakte mens moes sterf "sodat die menslike geslag 'n geleentheid vir die lewe kon vind". Die menslike geslag kry geen geleentheid vir die lewe nie, maar Christus bring met 'n magtige hand almal in die hemel, almal wat die Vader aan Hom gegee het.

Russell gaan egter verder en probeer die hele versoeningswerk van Christus omvergooi as hy beweer dat die liggaam van onse Here Jesus Christus nie opgewek is uit die dood nie (*Skrifstudies*, Dl. V, bl. 84). Russell leer: "Die menslike liggaam van onse Here Jesus Christus is op bonatuurlike wyse weggeneem. Het dit daar in die graf gebly, dan sou dit 'n onoorkomelike hindernis vir die geloof van die dissipels gewees het. Ons weet nie wat

² Skennis = ontering, ontheiliging, skending.

van sy liggaam geword het nie, of dit homself in gas opgelos het, of dit elders bewaar is nie" (*Skrifstudies*, Dl. II, bl. 129). En Rutherford is weer getrou om hierdie kettery te help verbrei. In sy "*Harp van God*" sê hy dat ons alleen kan vermoed dat God die liggaam van Christus op 'n sekere plek bewaar het om dit ten toon te stel (to exhibit it) in die duisendjarige ryk (bl. 170). Ons sien met wie ons hier te doen het — Satan verskyn in blinkende gestalte en maak ons wys, net soos die bewakers van Jesus se graf die Skrifgeleerdes wysgemaak het, dat die liggaam van onse Here Jesus Christus gesteel is (Matt. 28:11-15).

As Christus nie waarlik liggaamlik opgewek is nie, dan is ons geloof tevergeefs, sê Paulus. Ons vind hier die ketterse dwaling van Cerinthus, Marcion en Valentinus terug, teen wie die vroeëre Christelike kerk so streng opgetree het. Russell wil ons ontroof van die enige bewys van ons ware verlossing in Christus. "As Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het verlore" (1 Kor. 15:17, 18). Christus tog is opgewek tot ons regverdigmaking (Rom. 4:25). Hy sê tog self van sy liggaam: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit oprig (Joh. 2:19, 21). Russell maak Jesus hier tot 'n opsetlike bedrieër. Het Jesus nie self aan sy dissipels sy wonde gewys nie? Nee, sê Russell, dit was nie Jesus se ware liggaam nie, dit was slegs 'n tydelike wat vir daardie geleentheid geskape is (*Skrifstudies*, Dl. II, bl. 130, 131, 107, 108, 155; ook *Harp van God*, bl. 168-170).

Hierdie bewering van die Russelliete insake die opstandingsliggaam is wreed. Waarom moet die liggaam van Jesus dood wees? Wel, dis soos ons later sal sien, omdat die dood vir die Russelliete beteken vernietiging, ophou om te bestaan. Christus het tog ná sy opstanding 'n geestelike, 'n verheerlikte liggaam ontvang (1 Kor. 15:45; Fil. 3:21). Hy is die eersgeborene uit die dode (Kol. 1:18) en is met sy opstandingsliggaam nog dieselfde Jesus (Hand. 9:5; Rom. 4:24; 8:11; Luk. 24:36-40). Die dissipels was getuies van Jesus se opstanding (Luk. 24:48; Hand. 1:22; 2:32; 3:15, ens.). Die liggaam tog behoort tot die wese van die mens en vertoon op sy wyse die beeld van God. Daarom kom alles vir ons aan op die liggaamlike opstanding van Christus.

As Christus nie liggaamlik opgestaan het nie, dan is die dood en dan is die sonde wat die geweld van die dood is, nie oorwin nie. Dan het Christus nie oorwin nie, maar Satan. Die liggaamlike opstanding van Christus is juis vir ons 'n bewys van sy goddelike Seunskap (Hand. 13:33; Rom. 1:3). Dis die waarborg van ons vergiffenis en regverdigmaking (Hand. 5:31 ; Rom. 4:25).

Die bewering van die Russelliete dat Jesus eers ná sy opstanding goddelik geword het, is onsin. Dit was Hy van ewigheid af. Die menslike natuur kan nie deelgenoot van die goddelike word nie. Russell beweer juis dat die mens Jesus 'n God geword het en as ons eenmaal aan Christus gelykvormig word, dan word ons ook gode, "begotten to divine nature" (*Skrifstudies*, Dl. V, bl. 146, 457).

6. — Die Ewige Straf.

Russell ken geen ewige straf nie, maar hy spreek van 'n "ewige vernietiging". Daar is nie soiets as 'n hel nie, beweer hy. Die hel is alleen die toestand van die dode, dis die graf waarin die dode rus (De *Hel*, bl. 5, 6). Alle mense gaan dus na die hel toe, dit is: alle mense gaan die graf in, waar hulle bly tot die eerste opstanding. Dan begin die duisendjarige ryk, waarin almal, volgens Russell, weer 'n kans kry om hulle te bekeer, elkeen tenminste honderd jaar (Jes. 65:20). Wie hulle bekeer sal volmaaktheid en lewe ontvang, maar wie weier om Christus dan nog aan te neem, sal onder die oordeel bly. Die tweede dood sal almal wat in ongehoorsaamheid volhard, aangryp (*Skrifstudies*, Dl. VII, bl. 313, 314). Hierdie tweede dood sal nie bestaan in 'n ewige pyniging nie, maar in 'n ewige vernietiging (everlasting destruction, kyk "*The Harp of God*", bl. 336, 337). Die Russelliete is nogal welsprekend as hulle handel oor die helse straf. Volgens hulle leer ons as Protestante dat "die grote Jehova 'n duiwel is wat sy skepsels vir ewig sou gaan pynig sonder enige hoop op verlossing" (*Boodskap van Hoop*). Is dit nie godslasterlik

nie!

Luister verder: "Die hel is 'n plek waar in alle ewigheid gebraai, gestoof, gebak en gekook word" (*'n Gewenste Regering*, bl. 49). So stel hulle die leer van die Bybel as bespotlik voor. Hulle beroep hulle op tekste soos Eseg. 18:4, 20: "Die siel wat sondig, die moet sterwe", en Rom. 6:23: "Die loon van die sonde is die dood".

As ons hulle wys op Mark. 9:47, 48: "Waar hul wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie", dan is hul antwoord dat Jesus hier van die ondergang van die Jode as nasie spreek (*Creation*, bl. 259-263).

Die onsigbare teenwoordigheid van die Here dateer vanaf 1894. In 1914 het Christus sy mag aanvaar om sy regering te begin. Wie nou gehoorsaamheid betoon, word in 'n punt van die tyd geestelik verander en eindelijk die goddelike natuur deelagtig. Daar is miljoene mense wat straks weer uit die hel sal terugkom en hulle bekeer om dan saam met Christus verheerlik te word (*De Hel*, bl. 42). Daar lewe selfs miljoene vandag wat nie sal sterwe nie.

Ons kan met die weerlegging kort wees. "Sterwe" en "dood" beteken in die Bybel nie vernietiging soos die Russelliete leer nie. Hoe kan 'n onsterflike siel vir ewig vernietig word? Sterwe beteken ontbinding, losmaking van die band tussen liggaam en siel. Die geestelike dood beteken die losmaking van die band wat ons siel bind aan God.

Die Hebreuse woord "**sjeool**" en die Griekse vertaling daarvan in die N.T., "**hades**", beteken nie enkel graf soos die Russelliete leer nie, maar ook doderyk, onderwêreld. Ons Afrikaanse vertaling het dan ook tereg "doderyk", die verblyfplek van die afgestorwenes. Hades is ook die plek waar die goddelose ná hul dood kom. Die ongelowiges kom in 'n plek van pyniging, waar hulle onder die toorn van God bly. Hulle word volgens 1 Petr. 3:19 in Hades bewaar vir die oordeel. Die siele van die goddelose *slaap* dus nie in die graf nie, maar is direk ná die dood waar hulle moet wees. Hulle word in die doderyk bewaar. Eers ná die oordeelsdag kom hulle in die "Gehenna" wat "hel" beteken. Daar in die hel word hulle na liggaam en siel gepynig in die poel van vuur en swawel (Mark. 9:43; Matt. 18:8; 25:30, 46). In Gehenna, hel, brand die onuitbluslike vuur, daar is die ewige pyniging. Dit is die plek van die buitenste duisternis. Die Bybel is baie duidelik oor die ewigheid van die helse straf. Volgens Matt. 25 :46 is daar '**n ewige** lewe wat nooit 'n end het nie en in een asem word ook gepraat van **ewige** pyn, 'n pyn wat nooit 'n end het nie; die straf is ewig.

Die Hebreuse woord vir ewig, naamlik "olam" beteken "bedek", dus wat verborge is, wat ons nie kan sien nie, 'n altyddurende tyd. Dis waar, die Griekse woord "aionios" beteken ook wel 'n tydsduur, maar in verband met "lewe" word dit in die N.T. altyd in die sin van **ewig** gebruik. So ook in verband met vuur, ewige vuur, en straf, ewige straf. Ons lees in Openb. 14:11; Jes. 66:24; Matt. 25:26 dat die rook van hul pyniging opgaan in alle ewigheid.

Die leer van die ewige straf is nie in stryd met Gods barmhartigheid nie. Dis juis die hoogste liefde wat met die swaarste strawwe dreig. God is barmhartig, maar Hy is ook regverdig. Is dit 'n barmhartige God wat, soos die Russelliete leer, die goddelose wegslinger in 'n nag van vergetelheid om vir altyd vernietig te word? 'n Mens kan jou soiets as 'n "ewige vernietiging" nie voorstel nie. Die Russelliete beroep hulle verder op tekste soos Ps. 37:9, 10, 20: "Die goddelose sal omkom", "die kwaaddoeners sal uitgeroei word", "die goddelose sal daar nie wees nie". Ja, dis waar, die goddelose sal van die aarde af uitgeroei word en sal op aarde nie meer wees nie, want die hele nuwe aarde sal eenmaal aan die volk van God behoort. Dit het dus niks te doen met sielsvernietiging nie. Die tweede dood is 'n ewige straf en geen vernietiging nie (Openb. 14:11).

'n Tweede kans vir bekering is daar nie. Die Bybel leer baie duidelik: soos die boom val, sal hy bly lê. Met *die*: dood is 'n mens se lot vir ewig beslis. Wie in hierdie lewe nie vir God kies nie, wat sal hom later daartoe beweeg? Russell met sy leer van nog 'n "great chance", nog 'n groot kans vir almal ná die dood sus die siele aan slaap en verwek valse

gerustheid, Daar is geen tweede kan nie. Lees slegs Luk. 16:31; Hand. 1:25; 2 Kor. 5:10, 11; Rom. 2:5, 6.

Hierdie teenswoordige lewe is die beslissende proeftyd vir die ewigheid. Laat Russell u nie gerusstel dat daar ná die dood nog 'n kans is nie, maar vandag as u Gods stem hoor, luister tog. 'n Ander dag van genade sal daar nie wees nie. Gee ag op die waarskuwing van Jesus in Luk. 13:27.

7. — Die Toekoms van Christus.

Die Russelliete het 'n baie eenaardige opvatting van die oprigting van die koninkryk van Christus. Hulle ontken dat Christus sy koninkryk op Pinksterdag in die harte van sy volk opgerig het. Die oprigting van die koninkryk van Christus gebeur eers met Christus se tweede koms (*Government*, bl. 117 v.). Volgens die Bybel moet die tweede koms van Christus plaasvind, maar die Russelliete leer dat die tweede koms al plaasgevind het, naamlik in 1874. Ons het hier geen ruimte om daarop te wys hoe Russell tot hierdie berekening gekom het nie. Dit vind ons in sy *Skrifstudies*, Dl. II, bl. 187, 199, 234-245. Het iemand dan gesien dat Christus in 1874 op aarde teruggekome het? Nee, dis nie nodig nie, sê Russell. Die Here is vanaf 1874 persoonlik op aarde aanwesig, hoewel ons Hom nie kan sien nie.

Maar wat lees ons dan tog in Matt. 24:23-27? Ons lees daar dat die Seun van die mens soos die bliksem in die dag van sy koms sal uitgaan. 'n Mens sal sy koms dus kan waarneem. Maar Russell weet 'n uitweg; hy vertaal bliksem deur "bright shining" en laat dit slaan op die opgaan van die son. As ons in 1 Tess. 4:16 lees dat die Here self met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God van die hemel sal neerdaal, dan vergeestelik Russell dit alles en laat dit slaan op die onrus en benoudheid, waarin die volke sal verkeer.

Christus is dus — volgens Russell — op die aarde vanaf 1874. Vier jaar later, in 1878, het die opstanding van die heiliges plaasgevind (*Skrifstudies*, Dl. III, bl. 234, 235, 302-306). Die feit dat ons hierdie opgestane heiliges nie sien nie, is omdat hulle geestelike wesens is. In 1878 is die kerke, die Babilon van ons tyd, deur die Here uit sy mond gespuug en dus verwerp (Dl. III, bl. 235; Dl. II, bl. 235-240).

In 1914 het die duisendjarige ryk begin, toe ook die voleinding van die eeue plaasgevind het. Van die tyd af dateer die tye van die heidene (Dl. II, bl. 234; Dl. III, bl. 153). Die groot oestyd het in 1914 begin. Van 1874-1914 het die Here sy "klein kuddetjie" versamel, naamlik die Russelliete. Alle kwaad sal van 1914 af ophou en daar sal vrede op aarde wees. Maar watter ramp tref in 1914 die wêreld! In plaas van 'n duisendjarige vrederyk breek 'n wêreldoorlog uit. In plaas van vrede is daar beroering onder die volke. Die Russelliete se duisendjarige ryk het treurig begin. Russell het verklaar dat die jaar 1914 sou beteken die totale vernietiging van die bestaande moondhede, staatkundig, finansieel en kerklik. Toe hy in 1916, kort voor sy dood, sy boek weer uitgegee het het daar nog niks van die vernietiging van die kerke en die aardse regerings plaasgevind nie. In sy voorwoord skryf hy toe dat niemand tog daarvoor geskok moet wees nie. God het hom die fiasko van sy valse leer laat belewe. In sy voorwoord van Dl. IV van sy "*Skrifstudies*" erken hy openlik dat hy verkeerd was. Ná sy dood in 1916 het die Bybelstudente of Russelliete nog verder gegaan. Hulle het toe 'n boekie uitgegee: "*Daar leef miljoene vandag wat nooit sal sterf nie*", waarin ons lees dat "ons kan verwag dat die opstanding van Abraham, Isak en Jakob sal plaasvind en dat ons die terugkeer van hierdie getroue manne van Israel uit die dodetoestand in 1925 sal sien" (bl. 97). Die jaar 1925 het verbygegaan en Abraham, Isak en Jakob het nie verskyn nie!

Russell leer verder dat die dood in die duisendjarige regering van Christus verslind sal word. Die duisendjarige ryk is die tye van die weerherstelling waarvan ons in Hand. 3 lees. Gedurende die duisendjarige ryk sal almal opstaan en dan sal almal nog 'n groot kans vir bekering kry. Elkeen sal ten minste nog 'n proeftyd van honderd jaar hê. As hy tot die end daarvan hardnekkig volhard in die kwaad, sal hy afgesny word in 'n ewige vernietiging, terwyl die ware gelowiges in ewige vrede bevestig sal word (*Harp van God*,

bl. 336). Die gelowiges sal dan eers onsterflikheid behaal en "bekleed wees met goddelike natuur en krag." Wat 'n dwaasheid! Godwording van die mens! Die ou leuen van Satan in die Paradys.

"Die kerklike stelsels, Katoliek en Protestants, staan onder toesig en beheer van die duiwel en maak deel van sy sigbare organisasie en derhalwe van die Antichris uit" (*Verlossing*, bl. 229. 230). Die Antichris het dus alreeds gekom, naamlik die kerke. Christus se duurgekoopte kerk word bestempel as die Antichris! En dan lees kerkmense nogal hierdie ketterse boeke! Geen wonder dat F. Millows 'n boek uitgegee het "*Russellism, the latest Blasphemy*" (Russellisme, die jongste godslastering).

Die Russelliete verwag geen Christus as Regter uit die hemel met die wederkoms nie. Hulle sê dat Christus Hom langsamerhand sal openbaar soos die "helder skynsel" (ons Afrikaanse vertaling het **weerlig**) van die son, en Hy sal die wêreld met kennis van die waarheid verlig.

Die Bybel leer dat Christus nie langsamerhand nie, maar skielik sal kom om te oordeel en oorlog te voer in geregtigheid (Openb. 19:11). Dan vang die laaste oordeel aan (Matt. 25:31-46; Openb. 20:11-15). Reeds in die O.T. word die oordeelsdag aangekondig as die dag van die Here, wat brand soos 'n oond. In die Ou-Testamentiese profesie staan die oorwinning van en die gerig oor al die vyande van die Messias op die voorgrond. Die dag van die Here sal onverwags kom. Dan sal Christus gerig oefen oor gelowiges en ongelowiges (Openb. 19:15). Eers staan, so leer die Bybel, alle dode liggaamlik op met die wederkoms van Christus, dan volg die gerig en dan gaan elkeen òf na die heerlikheid met Christus òf na die verderf, Johannes sê: "Salig is hy wat deel het in die eerste opstanding". Met die eerste opstanding is daar dus dode wat lewend word en hulle heers met Christus vir duisend jaar (Openb. 20:4). Ons het hier geen algemene opstanding voor die duisendjarige ryk nie, soos Russell leer. In Openb. 20:5 lees ons tog baie duidelik dat die orige dode nie lewend geword het nie, totdat die duisend jaar geëindig was. Russell sit met hierdie vers opgeskeep, want dit pas nie in sy skema nie. Hy verklaar hierdie vers as oneg en vals (*Skrifstudies*, Dl. I. bl. 288, 289). Ons kan ons lesers gerusstel dat die beste Griekse handskrifte hierdie vers bevat. Russell moet hier erken dat sy hele skema van die voleinding hom hier vasgeloop het.

Aan die eerste opstanding tog het alleen deel hulle wat onthoof is vir die getuienis van Christus (Openb. 20:4). By die eindproses volg die oordeel, wanneer Satan losgelaat word en die Gog en die Magog opsweep van die vier hoeke van die aarde af. Dan kom daar vuur uit die hemel en verslind hulle almal, waarop die eindproses in die oordeel volg en die dode, klein en groot, staan voor God (Openb. 20: 12). Ons sien dus hoe hier geen sweem van nog 'n kans vir bekering ná die opstanding is nie. Nee, dis vir die mense bestemd om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel (Hebr. 9:27).

Ons wil ons lesers vra of hulle so 'n mengsel van Socinianisme, Mormonisme, Universalisme, Teosofie, Politeïsme, Millenniumisme, ens., ooit kan uitruil vir ons Christendom. 'n Mens kan nie Christen en Russelliet tegelyk wees nie. Ons hoop dat ons genoegsaam aangetoon het dat ons hier 'n "namaaksel van 'n Christendom" het.

DIE SABBATARIËRS.

(Ds. J. A. SCHUTTE).

I. — Geskiedenis.

Luther het reeds in die dae van die Hervorming hierdie sekte bestry, veral in Boheme. Moravic en Hongarye, waar hulle soos paddastoele opgeskiet het. Later het hulle selfs deurgegaan tot Seweburge (Duitsland). Ook in Engeland het die sekte in die 17e eeu sy verskyning gemaak, waar die kousekoper en later Sabbatariërpredikant Brabourne 'n boek geskryf en opgedra het aan die koning, waarin hy die leerstelling van die Sabbatsdrywers gepropageer het. Hy het verklaar dat hy liever as martelaar sou sterf, as om van sy standpunt af te sien. Toe die owerheid hom egter dreig met afsnyding van sy ore as hy sy stellings nie herroep nie, het hy tog ingeggee. Sy ore was vir hom meer werd as sy oortuiging.

Teen die end van die 18e eeu maak die dweepster Johanna Southcote haar verskyning. Sy versamel om haar 'n kring aanhangers wat hulself "Nuwe Israeliete" noem en die Joodse Wet en die Joodse Sabbat onderhou. Hulle het die wederkoms van Christus nog tydens hul lewe verwag. Van meer betekenis was die beweging onder die Baptiste in Engeland, sedert 1731 verbonde aan die naam van Frans Bampfield. Sy aanhangers wat hulself bestempel het as "Seventh-Day-Baptists" was egter op die vaderlandse bodem nie talryk nie. Selfs in Noord-Amerika, waarheen hulle verhuis het, was hulle 'n klein minderheid.

Die eintlike vader van die Adventistiese beweging was William Miller, 'n Baptis, gebore in die jaar 1782 in Amerika. Volgens hom sou die Here op grond van Dan. 8:14 in die jaar 1843 op aarde verskyn. Toe op die bepaalde datum niks plaasvind nie, verskuif hy die tyd van die wederkoms 'n jaar later, naamlik 22 Oktober 1844. Weer het hy hom vergis, waarop baie die beweging vaarwel sê. Op die punt van die onsterflikheid kom daar boonop splitsing. George Storr, sy teenstander, stig die sogenaamde "Second Advent Christians", terwyl Miller se volgelingen hulself "Evangelical Adventists" noem. Beide groepe het vasgehou aan die eerste dag van die week as rusdag, maar toe kom Joseph Bates in 1846 met die stelling dat die sewende en nie die eerste dag gevier moet word. Sy groep doop hulself "Sewende-Dag-Adventiste". Mev. G. White, 'n soort profetes, rugsteun die beweging en verklaar dat Miller se profesie oor die koms van Christus nie misrekening was nie, maar dat Christus wel op 22 Oktober 1844 gekom het deur sy wyding van die hemelse heiligdom. Later kom Hy na die aardse.

Deur die Sabbatariërs en Adventiste word gratis of baie goedkoop, maar soms bitter duur, lektuur aan die huisdeure afgesmous. Ons wil lidmate hierteen waarsku. Hoe baie het nie al die boek "Bybellesinge vir die Huisgesin" gekoop nie. U kan hul boeke maklik uitken, want voorin staan meestal gedruk "Sentinel Publishing Company" en soms ook "Internasionale Traktaat-Genootskap". Ook die boeke van Uriah Smith is adventisties, naamlik sy boek oor Daniël, "Gods Verbond met die Mense", ens.

II — Hul Leer.

Ons bepaal ons hier net by hul afwykende leer oor die Rusdag, Oor die kwessie van die Doop vra ons die geagte leser om die verhandeling oor die Wederdopers na te gaan. Oor die punte van die sieleslaap en vernietiging van die goddelose word u verwys na die artikel oor die Russellisme.

Eensydig word deur die Sabbatariërs alle klem op die viering van die sewende dag as Rusdag gelê. Dis die slagwoord waarmee aanhangers gewen moet word. Met groot ywer en welsprekendheid word tekste wat oënskynlik gunstig vir hul standpunt kan wees, opeengestapel en van buite geleer, terwyl met die hele Skrifverband geen rekening gehou word nie. Die Bybel word soos 'n woordeboek gebruik asof tekste en Skrifgedeeltes geen eenheidsverband het nie.

Kleinsielig word die hele Christendom opgehang aan 'n onderdeel van die leer, naamlik Sabbatsviering. Die vraag is nie soseer: Glo jy in Jesus Christus, die Saligmaker van die wêreld nie, maar: Glo jy in die Sabbat, d.w.s. viering van die sewende dag? Mev. White beweer selfs dat daar geen ongelowige of ateïs sou gewees het nie, as slegs die Sabbat gehou is. Dat Christus vertoef met sy wederkoms, so word beweer, is die gevolg van die feit dat die kerk nie die Sabbat vier nie. Die Sabbatsviering word 'n voorwaarde vir die saligheid gemaak. Een van hul bekeerlinge het dan ook eens uitgeroep: "Eers toe ek die Sabbat gevier het, het ek vrede gevind". Is dit alles nie 'n miskiening van die middelpunt van die Evangelie nie, naamlik die regverdigmaking deur die geloof in Christus? Wat 'n farisese verworping, 'n treurige doolpad — jou saligheid gebou op die viering van die sewende dag. Wat 'n ontnugtering moet dit nie eenmaal wees nie! Die Sewende-Dag-Baptiste (Holland) het glad 'n spesiale artikel (art. 13) in hul geloofsbelydenis wat hul lidmate met die oog op hul saligheid verplig om die sewende dag te vier. "Deze dag begint en eindigt als de andere dagen volgens Gods ordening met zonsondergang".

Die mees verdoemende dinge word van die kerk gesê omdat dit nie die Joodse Sabbat vier nie. In sy boek "Gods verbond met mense" (p. 42) haal Uriah Smith die woorde van Christus aan, naamlik dat hemel en aarde sal verbygaan maar die Wet Gods nie. Die kerk verbreek die Sabbatswet en is daarom antichristelik en staan, met sy viering van Sondag, gelyk aan Nebukadnesar wat verpligte beeldaanbidding verorden het! Blind vir eie feite en foute moet die kerk en predikante dit ontgeld. In navolging van mev. White het die Adventiste die kerk bestempel as die hoer van Babel. Dis die merkteken van die Bees om Sondag i.p.v. Saterdag te vier. Tekste, meganies-willekeurig en woordeboekagtig uit verband geruk, word aangewend om die skriklikste verdoemingswerk 'n Bybelse kleur te gee. Openb. 14:8: "Geval, geval het die groot Babilon" sou dan die vernietigende uitspraak van die Bybel wees oor die kerk wat Sondag vier.

Aan die ander kant word tekste wat saligsprek, meganies-willekeurig uit die Skrif gehaal en vir hulle geannekseer deur eensydige toepassing daarvan met beloftes van saligheid en seën vir die Sabbatariër alleen. Openb. 14:12 ("hier is hulle wat die gebooe van God en die geloof in Jesus bewaar") sou dan spreek van diegene wat die sewende dag vier. Die 144,000 verseëlde uit Openbaring is almal mense wat Saterdag i.p.v. Sondag hou as rusdag. Wat 'n farisese aanmatiging en goddelose hooghartigheid! Hulle en hul leiers is dan die bodes van God wat die alleen-saligmakende kennis besit. Daarom word deur hulle naas, ja selfs bokant die Skrif, die geskrifte van mev. White en Miller gestel. Inwendige openbaringe, gesigte en visioene lei hulle — dikwels in stryd met Gods Woord!

III. — Waarom vier die kerk die eerste en nie die sewende dag nie?

(a) Wat was die gebruik by die ou Christelike kerk?

Die Sabbatsdrywers beweer dat ons die eerste dag hou in navolging van die Rooms-Katolieke kerk wat die vierde gebod afgeskaf het deur die invoering van die eerste i.p.v. die sewende dag as rusdag. Hul informasiebron hiervoor is dan nie die groot kenners van die Kerkgeskiedenis nie, maar 'n byna onbekende, Summerbell ("History of the Christians"). Keiser Konstantyn, gaan hulle voort, sou dan die Sondagsviering verpligtend gemaak het. Die Roomse kerk en Konstantyn en nie die ou Christelike kerk, onder Gods leiding, is verantwoordelik vir Sondag as rusdag. Wel matig die Roomse kerk hom aan dat op die Kerkvergadering van Trente 'n besluit oor die saak geneem is, maar dit was toe reeds gebruik om Sondag te vier. Vanself spreek dit dat die eerste Christenkeiser, Konstantyn, die reeds bestaande Christelike Sondagsrus by staatsverordening verpligtend gemaak het. Die oudste bronne bevestig dan ook ons opvatting van die viering van Sondag by die ou Christelike gemeentes. Laat ons hulle hoor.

Die eerste dag van die week is by die kerk van die Apostoliese eeu "Dag van die Here"

genoem. Reeds van Johannes lees ons dat hy op die dag van die Here in die Gees was (Openb. 1:10). Hierdie dag is so genoem, omdat Christus deur sy opstanding op die dag dit geheilig het. Later is die eerste dag Sondag genoem in aansluiting by die destydse benaming van die dae van die week. Sondag was naamlik by die Romeine die eerste weekdag, 'n benaming wat die Christene oorgeneem het, seker ook omdat dit so paslik en handig was. Dit is tog die dag waarop die "Son van geregtigheid", die ware "Lig", Christus, opgegaan het deur sy opstanding uit die graf.

Laat ons nou die kerkvaders, ons volgende getuies, inroep. Die eerste is Ignatius van Antiochië, wat in die jaar 115 n.C. die marteldood gesterf het. Hy skryf betekenisvol dat hulle gelewe het "volgens die dag van die Here, waarop ook ons lewe 'n aanvang geneem het deur Christus en sy dood". Die sewende dag is dus reeds in die begin van die tweede eeu verdring deur die eerste dag. Daar was geen sprake van die wettiese opvatting van die Sabbat nie.

Die tweede getuie wat ons hier aan die woord stel is Justinus, die Martelaar (oorlede 166 n.C.), uit die tweede helfte van die tweede eeu dus. Hy gebruik die term "Sondag" vir die eerste dag van die week en getuig verder dat op genoemde dag die Christene vir dienste in die kerk saamgekom het. As rede hiervoor gee hy aan: Jesus het op daardie dag uit die dode opgestaan.

Tertullianus, ook uit die tweede eeu, is ons derde getuie op die erf van die Christendom. "Nie alleen", lui sy uitspraak, "is op die dag van die Here, nie nagelaat om te kniel nie, maar alle sorg en druk is opsy gesit. Ons staak dan ons beroepsarbeid sodat ons die duiwel geen kans kan gun nie", skryf hy. Hierdie dag noem hy "dies solis", d.i. Sondag.

Ons hoef nie meer getuies uit die Christendom van die eerste eeue op te roep nie. Vermelding verdien nog net 'n brief uit die ou Christelike letterkunde, op die naam van Barnabas, wat die viering van die sewende dag nie meer voorstaan nie. Ook skryf die kerkvader Eusebius, 200 jaar voordat daar sprake was van die Roomse kerk: "Al die nasies, verlos deur Christus, oor die hele wêreld vier die Sondag in plaas van die Joodse Sabbat".

Nou haal ons iemand aan wat eintlik as toeskouer vanuit die heidendom van daardie tyd 'n stem laat hoor. Dit is die Romeinse goewerneur van Pontus wat aan sy magtige vriend, keiser Trajanus, hoof van die Romeinse ryk, tussen die jare 98—117 n.C. 'n brief skryf. Hierin vra hy die keiser om advies insake optrede met die Christenvervolging en vertel hy aan sy vriend, die keiser, dat op 'n bepaalde dag (te wete die eerste dag) die Christene voor sonsopgang saamkom om liederes te sing, om mekaar trou te sweer, om onderling mekaar te belooft dat hulle geen sedelike misdryf sal begaan nie.

Die eenparige getuie van die Kerkgeskiedenis van die vroegste eeue weerlê dus afdoende die valse bewering van die Sabbatariërs dat die Roomse kerk of Konstantyn die Sondagviering ingevoer het. Soos reeds gesê, moet hier opgemerk word dat as die eerste Christen-keiser, Konstantyn, bepalinge vir Sondagsrus maak, dit eerder ons standpunt versterk, omdat sulke bepalinge oortuigend bewys lewer dat die viering van die Sondag toe reeds 'n ou gevestigde gebruik by die kerk van daardie dae was. Die heidense staatshoofde voor Konstantyn het hulle begryplikerwyse nooit aan die Christelike Sondag in die opstelling van wette gesteur nie. In die voetspoor van Konstantyn het keiser Theodosius, ewe-eens 'n Christen, op die wetgewing van sy Christen-voorgangers voortgebou en skouburge bv. op daardie dag gesluit. Ook hy het aangesluit by die bestaande Christelike Sondags viering.

Die Sabbatariër soek vergeefs steun vir sy standpunt by die geskiedenis, wat glad nie met hom wil saampraat nie, maar net die teenoorgestelde van wat hy leer, bewys. Die Sondag, en nie die Sabbat (sewende dag) nie, is die rusdag, deur die ou Christelike kerk vasgestel as die dag waarop die gemeente saamgekom het.

(b) Wat is die antwoord van die Skrif?

Die Sabbatariër beroep hom vir sy standpunt ook tevergeefs op die Heilige Skrif. Gods Woord, gesien in die skone eenheidsverband van Ou en Nuwe Testament, is baie beslis. Vir die gemeentes van God onder die nuwe bedeling, die tyd van vervulling van die Ou-Testamentiese beloftes, is daar geen ander rusdag as Sondag nie, al verwyf die Sabbatariër die kerk ook honderdmaal dat dit die Here tevergeefs eer met dinge wat gebooi van mense is (Matt 15:9), te wete die viering van die eerste dag van die week. As hulle ons beskuldig van verandering van die ewige wet van God, dan is dit 'n beskuldiging aan die verkeerde adres, want dit is nie so nie. Laat ons nou daarop ingaan.

Ons lees in Gen. 2:2,3 dat God op die sewende dag gerus en dit geheilig het. Daarom eis die vierde gebod dat in navolging van God ná ses werksdae op die sewende gerus moet word. Die Sabbat *is dus 'n skeppings-ordinansie en* beteken een rusdag op ses werksdae. Ná elke sesde werksdag 'n breuk van een dag, telkens en telkens weer. In sy goedheid het God die mens hierdie ordinansie gegee, sodat die mens na liggaam en siel 'n seën sou geniet. As beeldraer van God sou die mens ná ses werksdae rus, net soos God gewerk en gerus het. Hierin het die mens deel aan die ritme of maatslag in Gods werk tussen ses dae van skep en 'n sewende van rus. So moet elke mens doen. Daarom hou ons die vierde gebod; dis algemeen geldend vir alle mense en vir alle tye, omdat dit 'n skeppings-ordinansie is.

In die viering van die rusdag juis op Saterdag, die sewende dag van die week, lê egter iets spesifiek Israelities wat nie vir alle tye en alle mense geld nie. As 'n mens die Sabbatswet in Deuteronomium nalees, is dit baie duidelik. In Deut. 5: 15 word as een van die drangredes vir die Sabbatsviering aangegee: die slawerny waaronder die Israeliet in Egipte gesug het. Dit is spesifiek Israelities. Daarom noem die Skrif die Sabbat ook 'n teken. In die eerste plek 'n teken waardeur Israel onderskeie was van die volkere, 'n teken dus van afsondering as die bondsvolk van God onder die ou bedeling. In Ex. 31:13 lees ons: "Julle moet sekerlik my Sabbatte onderhou, want dis 'n teken tussen My en julle en julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig". Dieselfde lees ons ook in Eseg. 20:12. In die tweede plek was die Sabbat vir die Israeliet 'n teken van die uiteindelijke rus in Kanaän. In Ps. 95 vanaf vs. 10 word verwys na die lotgevalle van die ongehoorsame volk in die woestyn wat as gevolg van wetsverbreking die Kanaänrus nie sou smaak nie. Die Sabbat as teken is die tipies-skaduagtige. Die vleeslike Israel, nes die Fariseërs later en die Sabbatariërs tans, het die Sabbat enkel as doel in homself beskou, maar Gods volk, onder die leiding van die Gees, het deur die skadu heengesien, die Sabbat as teken verstaan. Die Israelitiese Sabbat behoort tot die diens van die skaduwees.

Om dit te verstaan, moet ons Israel sien soos wat dit was, naamlik onder die Genadeverbond in sy ou bedeling. Die kenmerk van die ou bedeling voor die koms van Christus was dat Israel die heilsgoedere van die Genadeverbond nog nie ten volle deelagtig was nie. Die heilsgoedere het hulle as skaduwees gesien, naamlik in die seremoniële wette, offers, priesters en ook die Israelitiese Sabbat was 'n skaduwee van toekomstige dinge. Daarom word die Sabbat 'n teken genoem (Ex. 31, Eseg. 20). Vir die Sabbatsviering, nes by die ander skaduwees en tekens, was daar besondere voorskrifte (geen vuur aansteek, geen kos kook, nie verder as 2,000 el gaan nie, ens. (Ex. 35:3, Ex. 16:29). Die Sabbat was die skaduwee van die komende Christus, die ware Sabbat en deur die nakoming van baie voorskrifte, soos by die offers, reinigingsgebruike, ens., moes die gelowige Israeliet altyd herinner word aan Christus, die ware Sabbat (=rus), die ware offer, ens., wat aan die kom is. Duidelik tog noem ook die N.T. die Israelitiese Sabbat 'n "skaduwee van toekomstige dinge" (Kol. 2:17). Die apostel waarsku die Christene wat uit die heidendom oorgekom het, om hulle nie hul Christelike vryheid te laat ontnem deur voorskrifte van die dweepsieke Joodse yweraars nie, wat met spyswette, feesdae en sabbatte hulle wil belas. Die Christene mag hulle nie laat bind nie, nog deur die groot Joodse feeste, nog aan maandelikse nuwemaanfeeste, nog aan die weeklikse Israelitiese Sabbat (Kol. 2: 16). Die Sabbatariër wil, die waarskuwing van die apostel ten spyt, dit vandag nog doen wat die Sabbat betref. Ook in Gal. 4:9-11 wys

Paulus die gemeente op dieselfde euwel en vermaan hulle om nie terug te keer tot die eerste swak beginsels wat hulle van vooraf wil dien nie. Hulle onderhou dae, tye, maande en jare. "Ek vrees vir julle", sê hy, "dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het". As die Sabbatariër dus konsekwent wil wees, moet hy ook die seremoniële wette, die besnydenis, offers, ens., onderhou, want die staan tog op een lyn met die Sabbatsonderhouding as tekens, simbole, skaduwees. Hy moet die Israelitiese Sabbat ook hou volgens O.T.-voorskrifte (geen vuur aansteek, g'n kos kook, nie verder as 1,000 na 1,500 jaart reis nie, ens.). Doen hy dit? Om nou nog die Joodse Sabbat te vier, is dieselfde as om ná die soendood van Christus nog diere op die altaar te offer. Dis 'n verloëning van die koms van die Here en 'n terugval in die skadudiens van Israel.

Jesus en die Sabbat.

Maar, mag die Sabbatariër teëwerp, waarom het Jesus dan die Israelitiese Sabbat gehou (Luk. 4:16, Mark. 1:21, Matt. 13:15, ens.). Die voorstander van die Joodse Sabbat mag hom nie op Jesus beroep nie, want dan moet hy hom ook laat besny, nes Christus. Wat is die geval? Jesus is gebore onder die wet (Gal. 4:4). Omdat Hy sonde gemaak is, moes Hy, deur wetsonderhouding, die wet vervul. Daarom het Hy deelgeneem aan die offers, het Hy Paasfees gehou, is Hy op die agtste dag besny en het Hy ook die Joodse Sabbat gevier. Jesus kom wel in verzet teen die wettiese Sabbatsviering van die Fariseërs, die Sabbat is om die mens en nie die mens om die Sabbat nie, maar tog hou Hy dit — selfs aan die end van sy lewe op aarde. Op die Joodse Sabbat, die sewende dag, rus Hy in die graf. As Hy deur sy dood en opstanding, wat die versoeningswerk beseël, die wet plaasbekledend vervul, verwerp Hy die rus vir sy volk. Hy is ons Sabbat, ons Rus, die ware Rus. Die Rus is nou daar, daarom verdwyn sy skaduwee, die Joodse Sabbat. Ook as teken verval die sewende dag. Dit was 'n teken van Gods verbond met Israel, maar Israel is nie meer die Here se bondsvolk nie deur sy Christus-verwerping. God roep sy kinders uit die heidene (Rom. 9:15).

Wat nou oorbly is die algemeen-menslike — die viering van die Rusdag as skeppingsordinansie, d.w.s. in navolging van die Here se skeppingsarbeid, 'n rusdag, telkens en telkens weer. Die Rusdag is nie meer die Joodse Sabbat nie, want dit het verval. Die Rusdag is nou die eerste dag van die week, en die dag is ook geen heilige tyd in Joodse sin nie. Heilige dae en tye, in die sin, bestaan nie meer (Rom. 14:5, 6, Gal. 4:9-11) met al hul voorskrifte van die diens van die skaduwees in die ou bedeling nie.

Waarom moet juis die eerste dag van die week (Sondag) gevier word?

Die mens moes die wet Gods tot die laaste jota nakom. Hy kon, hoe magtig hierdie taak ook was, dit doen. Hy moes werk en Gods wet volbring. Daarom noem ons dit die werkverbond. Eers werk en die loon sou volg. Die mens het deur sy val die taak nie kon uitvoer nie en Christus tree in sy plek. Hy moes dit doen. Die vervulling van hierdie geweldige taak het in die toekoms gelê. Jesus sou in die loop van die eeue kom en deur sy dood en opstanding die wet vervul. Die gelowige onder die ou bedeling het in die toekoms ingestaar vir die wetsvervulling deur Christus, waardeur die rus verwerp word. Ook die rus lê dus voor. Dit is so pragtig weerspieël vir die O.T.-gelowige in sy Sabbatsviering op die sewende dag. Ses dae werk en dan die rusdag. Hy leef vol verwagting na Christus toe, sy Sabbat, sy Rus wat eenmaal in die volheid van die tyd sou verskyn. As Christus uit die dood opgestaan het, die wet vervul het, dan het Hy ook die rus verwerp. Nou is dit anders, want die rus is daar. Vir die N.T.-gelowige het Christus gekom. In die geskiedenis lê sy koms agter ons. Hy leef nou vanuit die reeds verwerwe rus. Vandaar dat sy rusdag op die eerste dag van die week val. In dankbaarheid leef en werk ons *ses dae ná die eerste dag*, gedagtig aan die verwerwe rus deur Christus vir ons reeds verwerp. Die O.T.-Sabbat van die skaduwees het dan ook in die aand begin, want die groot môre, die opgang van die Son van geregtigheid, het voor gelê. Ons Rusdag begin in die môre, want die Rus is daar, die lig het opgegaan met die opstanding van Christus by die begin van 'n nuwe dag.

Christus het nou die keerpunt gebring. Vrydagaand is Hy in die graf neergelê, Saterdag het Hy daarin gebly en Sondagmôre vroeg het Hy uit die dood opgestaan. Deur sy verlossingswerk, volmaak en beseël deur sy opstanding op die eerste dag van die week, vang die ware verworwe rus aan. Die Nu-Testamentiese Sabbat (is Rus) begin dus op *die eerste dag van die week*. Dis dus nie die mens nie, ook nie die kerk wat die sewende dag met die eerste laat omruil het nie, maar dis God self wat dit so verordineer het. Mag die Sabbatariër tog maar die verskil tussen die diens van die skaduwees in die O.T. en die van vervulling in die N.T. raaksien!

Ons lees wel nog dat die dissipels ná Jesus se dood en opstanding die Joodse Sabbat gevier het en dat Jesus self gesê het dat sy dissipels moet bid dat dit nie nodig sal word om te vlug op die Sabbat nie (Matt. 24:20). Dit sou vir hulle naamlik 'n botsing van pligte beteken, want niemand mag op die Sabbat verder as 2,000 el gaan nie, en tog kon hulle nie op een plek bly om in die hande van die vyande te val nie. Jesus het glad nie bedoel dat die Nu-Testamentiese gemeente altyd die Joodse Sabbat moes vier soos die Sabbatariër graag wil aflei nie. Wel ver daarvandaan! Wat is tog die geval? Jesus het nog met Jode te doen gehad en kon nie toe al van die nuwe orde van sake spreek nie, omdat niemand Hom toe sou verstaan nie. Dis hier vir sy gelowige volk 'n kwessie van uitgroei uit die omhulsels van die Israelitiese volksbestaan, die bedeling van die skaduwees. Die eerste jare ná die Pinksterfees is die lentetyd van die Christendom, waar die oue nog sigbaar is, maar reeds oorwin word deur die bruisende nuwe lewe. Uitwendig gesien is die eerste Christene Jode. Hulle laat nog hul kinders besny, neem deel aan die tempeldiens te Jerusalem en hou ook nog die Paasfees en die Joodse Sabbat. Onder groei egter onkeerbaar die nuwe, wat die ou vorme sou verbreek en die skaduweeagtige (besnydenis, Sabbat, ens.) sou laat verdwyn.

Daarom het Jesus sy dissipels dan ook nie direk beveel om die eerste dag te vier nie. Later sou onder die leiding van Gods Gees ook hierdie oue verbygaan. Toe Hy op aarde was, kon sy dissipels dit egter nog nie verstaan nie. Dit is een van die baie dinge wat die Here graag aan sy dissipels wou sê, maar wat hulle toe nog nie kon dra nie (Joh. 16:12: "Nog baie dinge het Ek om vir julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie"). Dat hulle toe nog nie bevoeg was om sekere dinge te dra nie, blyk dan ook uit 'n vraag kort voor *die* hemelvaart van Jesus, 'n vraag gebore uit die onkundig-sondige, vleeslike verwagting van 'n aardse Messias: "Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?" (Hand. 1:6).

Tog het die Here die viering van Sondag gewil en indirek beveel.

Hy het die eerste dag van die week geheilig deurdat Hy op daardie dag uit die graf opgestaan het. Meer nog. Op dieselfde dag verskyn Hy nie minder as vyfmaal aan die synes nie, te wete: aan Maria Magdalena (Joh. 20:14), aan die vroue (Matt. 28:9, 10), aan Simon Petrus (Luk. 24:34), aan die Emmausgangers (Luk. 24:15), aan die elf dissipels (Joh. 20:19). Dit was dus 'n dag om nooit te vergeet nie. Opmerklik verder: Ses dae gaan dan verby, waarop die Here nie verskyn nie. Daarna volg die sewende, die Joodse Sabbat; ook dan word die opgestane Heiland nie gesien nie, maar op die agtste dag, d.w.s. weer op die eerste dag van die week, ná agt dae, soos dit in Joh. 20:26 staan, as Thomas saam in die dissipelkring is, staan Jesus in hul midde. Hierdie eerste dag het God dus gewil as 'n vreugdedag, 'n herinnering aan die opstanding van Christus, waarmee hul geestelike vernouing en regverdigmaking innig saamhang. So het die eerste Christene dit dan ook aangevoel. Geen wonder dat hierdie dag by hulle die naam gedra het van "dag van die Here" *nie*. Jare sou verbygaan. Johannes sou verban word na Patmos en daar sou die verheerlikte Heiland aan hom, terwyl hy in die Gees was, juis weer op hierdie dag verskyn, naamlik die dag van die Here (Openb. 1:10).

Onder die leiding van die Heilige Gees sou die dissipels van Christus, as jare kom en gaan, bevoeg word om te dra wat Hy hulle tydens sy omwandeling nie kon sê nie (Joh. 16: 12). Geleidelik sou die oorgang tot die viering van Sondag as rusdag plaasvind. Daar was begrypklikerwys 'n tyd toe beide die Joodse Sabbat en Sondag gevier is. Uiteindelik sou die skaduagtige, die Joodse Sabbat, verval en alleen die eerste dag gevier word,

soos God dit bedoel het. Dat dit wel die geval was, leer die Heilige Skrif ons. Volgens Hand. 20:7 het die dissipels op die eerste dag van die week bymekaar gekom om brood te breek. Nie langer sou hulle op die sewende dag vergader vir die dienste en gebruik van die Sakrament nie. Die apostel Paulus beveel verder dat elkeen op die eerste dag van die week iets moet weglê vir die arme (1 Kor. 16:2). Die dag was natuurlik die geskikste vir die doel omdat die gemeente dan saamgekom het vir die openbare eredienste. Sondag en nie Saterdag nie, was toe reeds die rusdag.

As, ondanks die duidelike getuigenis van die Skrif dat die viering van Sondag as rusdag wel 'n bevel van God is, die Sabbatariër nog wil volhou dat dit nêrens in die Skrif direk staan nie, dan net 'n wedervraag aan hom gestel. Waar het Christus direk beveel dat die besnydenis en seremoniële offers afgeskaf moes word? Tog het hy, die Sabbatariër, dit nagelaat! Waar het Christus direk beveel dat vroue aan die Awendmaal moet deelneem? Tog laat hy vroue toe by die Awendmaal! 'n Mens moet darem nie so onregverdig beskuldig en inkonsekwent redeneer nie!

Die Sabbatariërs, nes alle ander sektes, is die verband met die kerk, wat onder die leiding van Gods Gees deur die eeue heen bestaan het, kwyt. Daardeur versink dit tot 'n vae gistende beweging van verbygaande aard. Dit leer die Kerkgeskiedenis tog ook. Tientalle sektes het verskyn om net so weer in die wind te vervlugtig. Sektes, hoe kortstondig en wisselend ook, sal daar altyd wees. Paulus het al daarmee te doen gehad. Titus 3 vs. 10 dui op die bestaan van 'n sektariese gesindheid. Vreemde leringe en beweginge sal die kerk verontrus tot die laaste toe, vgl. Matt. 24 vs. 23: "As iemand vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! — moet dit nie glo nie". 1 Tim. 4 vs. 1 spreek van die verleidende geeste en leringe in die laaste tye en 2 Petr. 2 van valse leraars wat bederflike ketterye invoer.

Laat ons tog waak *en nugter* wees om die geeste te onderskei! Gee *ag* op die waarskuwinge van Gods Woord!

DIE WEDERDOPERS.

(Ds. I. D. KRÜGER).

Histories.

Die sekte van die Wederdopers in ons land is 'n kind van die Anabaptisme uit die 16e eeu. Vanaf die stigting, waarskynlik te Zürich in Switserland, is die Anabaptisme, mede weens sy uiterste (radikale) standpunt van oordrewe spiritualisme, baie vervolgd deur staat en kerk. Dit het hulle ewenwel nie uitgeroei nie, maar wel laat groei en in alle lande van Europa laat versprei. Tot in Engeland en later ook na *Amerika en Suid-Afrika* toe.

Die Anabaptiste, later ook Mennoniete, Doopgesindes of Wederdopers genoem, was nie tevrede met Zwingli se hervorming nie. Dit was vir hulle onder meer nie deurtastend genoeg nie. Hulle wou, los van die staat, 'n eie gemeenskap van heiliges vorm. Sinds 1524 het hulle in navolging van Thomas Münzer die **kinderdoop** bestry. Met die toepassing van die kinderdoop moet gewag word — volgens hul beskouing — tot die dopelinge groot genoeg is om self getuieis van hul geloof te kan aflê. Hulle het selfs kommunistiese beskouinge van Thos. Münzer oorgeneem. Vriendskaplike samesprekinge kon hulle van hierdie en ander dwalinge nie terugbring nie. In 1525 deur die Raad van Zürich uit die stad verban. het die bannelinge hulle gaan verenig as 'n gemeenskap van wedergeborenes met die Doop as teken van geloof en wedergeboorte. Sinds die tyd was vervolging die deel van hierdie sekte. In die loop van jare het hulle allerlei gedaanteverwisselinge ondergaan en ook onder baie name voortbestaan, met allerlei groter en kleiner onderlinge verskilpunte wat betref hul leer en godsdienstige praktyke. In Suid-Afrika is hulle bekend as "Gemeente Gods", "Volle-Evangelie-Gemeente", "Apostoliese". "Wederdopers", ens.

Inleidende opmerkinge.

Omdat hulle geen behoorlike Belydenisskrifte het nie, soos van elke kerkgroep verwag word, ontstaan soms groot verwarring oor die vraag "wie is wie?" onder hulle.

Belydenisskrifte noem hulle smalend "mensewerk". Tog skroom hulle andersyds nie om wél gebruik te maak van "mensewerk" soos die Statevertaling, preke, hallelujaliedere, ens. nie.

Ek herinner verder aan die feit dat hulle nie net op die punt van die heilige Doop van ons kerkeleer afwyk nie, maar ook wat betref die leerstukke van verkiesing, genadeverbond, wedergeboorte, regverdiging, geloof, gebed, ens.

Hul metode van Skrifverklaring is ook verkeerd. Hulle kleef naamlik vas aan die letter van die Skrif met verontagsaming van die groot Skrifverband, en van die gees daarvan. Hulle vra tekste en net tekste, asof die Bybel 'n soort wet- of woordeboek sou wees waarin elke saak en elke sonde letterlik opgeskrywe moet staan. Die Gereformeerde standpunt is om nooit by die letter alleen te bly staan nie, maar om ook as bindend te beskou alles wat by wettige gevolgtrekking onder die leiding van die Heilige Gees uit die Skrif afgelei kan en mag word. En so gee die Skrif dan ook die algemene reël aan wanneer en hoe die Doop mag en moet toegepas word.



(A)—Wat leer die Skrif en Skrifverband ons oor die kinderdoop?

Dit — die Doop staan nie as 'n losse en aparte saak in die Bybel nie. Dit kom voor as teken en seël van die genadeverbond wat God met Abraham en sy nageslag in Gen. 15 opgerig het. Hier kry ons dadelik met die hele Skrifverband te doen: met God, die mens, die sonde, die verbond, die teken en seël daarvan. Ons lees (1) van die Werkverbond, opgerig met Adam in die Paradys, waarvan die twee bome in die hof teken en seël was:

(2) van die genadeverbond met Abraham en sy nageslag, waarvan die besnydenis teken en seël was, en (3) van die natuurverbond met Noag en sy nageslag, waarvan die reënboog teken en seël was. Waar die Wederdopers agt verbonde met Abraham kry, weet ek nie; nog minder, wáár en wat die tekens en seëls is van die ekstra vyf verbonde!

Die groot kerkgroepe in die wêreld leer dat kindertjies van gelowige ouers en ook voorwassenes wat gelowig word, gedoop moet word. Daarom het ons twee doopsformuliere, een vir kinders en die ander vir volwassenes. Om nader tuis te kom — laat ons op die volgende argumente let en dan self oordeel wat reg en Bybels is: —

1. Wat was God se wil in die Ou Testament ten opsigte van die saligheid van kindertjies? Dit: hulle moet ook gered word. Daarom het Hy hulle in die verbond met Abraham ingesluit. Altyd hoor ons: "My verbond met Abraham en sy **nageslag** (Gen. 15:17, Deut. 6.6-9, Hand. 2:39) "want aan julle kom die belofte (naamlik van die genadeverbond) toe **en aan julle kinders**".

Die aard van 'n verbond bring hierdie opvatting ook vanself mee. God die Here reken in die verbond nie met enkele persone nie, maar altyd met huisgesinne en geslagte. Vergelyk ook die tweede gebod.

Dus met kindertjies het die Here in die Ou Testament rekening gehou. Daarom is hulle in die verbond opgeneem en moes hulle die teken en seël daarvan in die besnydenis ontvang. Of hulle dit toe al kon glo of verstaan of nie, daarna het die Here nie gevra nie, net soos nou ook nie.

Maar ons weet God is in sy wil onveranderlik, ook in sy verlossingsplan. Hieruit volg dat Hy nog dieselfde wil koester met betrekking tot die verbondskinders van die Nuwe Testament (Hand. 2:39, Kol. 2:11,12, 1 Kor. 7:14), waaruit volg dat hulle ook die teken en seël van God se onveranderlike verbondswil moet ontvang, naamlik die heilige Doop, wat die besnydenis vervang het (Kol. 2:11, 12).

Die wederdoperse beswaar hier is die feit dat kinders die Doop nog nie kan verstaan nie. Ons antwoord: die besnydenis kon hulle ook nie verstaan nie tog was dit God se wil om hulle te laat besny. Verder vra ons, as Engeland se koning met Amerika se president 'n verbond sluit, verstaan die kindertjies van genoemde lande daar iets van? Nee, — maar word hulle op grond daarvan dan uitgesluit van die regte en pligte wat so 'n verbond meebring? Net Wederdopers sal hier antwoord: "Ja, hulle word, **want hulle het dit nie verstaan nie!**"

Maar genoeg op die punt. Dit staan vas: as God in die **Ou Testament**, wat volgens die Galate- en Hebreërbriewe **'n gebrekkige** verbond was, reeds met **die saligheid** van kinders **volle rekening** gehou het, hoeveel **te meer dan nie ook onder die soveel beter Nuwe Bedeling nie?**

Daarom sê ons weer: **Verbondskinders is besny, hulle moet ook gedoop word.**



2. "Maar", werp die Wederdopers teë, "die Doop het nie in die plek van die besnydenis gekom nie". Genadeverbond en verbond van die besnydenis, sê hulle, is twee verskillende sake. Dit is egter nie twee sake nie. As Stefanus in Hand. 7:8 van die besnydenisverbond spreek, bedoel hy die genadeverbond waarvan die besnydenis net die teken en seël was. In Gen. 15:6 sluit die Here met Abraham die verbond en in Gen. 17:11 word die "besnydenis" as teken *van* dieselfde verbond gegee, terwyl Rom. 4:11 verklaar dat die besnydenis 'n teken en seël was van die aan Abraham toegerekende geregtigheid, toe hy nog onbesnede was. Volgens Deut. 30: 6 en Rom. 2:29 is die besnydenis 'n **teken van die wedergeboorte**, dit is, van die egte, ware inlywing in die genadeverbond. Met presies dieselfde benaming word die Doop in Titus 3:5 genoem, naamlik "die bad van die wedergeboorte". Ook was die besnydenis nie net 'n nasionaal-joodse teken nie, omdat Christus volgens Kol. 2:11-13 ook om ons ontwil, en nie bloot om Joodse ontwil besny is nie. Besny dat ons met Hom, die Hoof, lewend gemaak sou

word en vergewing van sonde sou ontvang, waarvan en besnydenis en Doop tog tegelyk teken en seël is.

Uit die genadeverbond vloei dus voort dat kinders as bondelinge gedoop moet word, terwyl die besnydenis as bloedige teken en seël in Christus se bloed vervul is en daarom volgens Hand. 15:24, 29 afgeskaf deur die apostels onder leiding van die Heilige Gees.

Met ons op die Bybel gegronde Doopsformulier hou ons dus staande: die Doop het in die plek van die besnydenis gekom. Dit ontken die Wederdopers met alle mag.

3. 'n Derde argument. Ons weet besnydenis en pasga was die twee verbondstekens en seëls van die Ou Testament. Ook glo die Roomse, Lutherse en Calvinistiese kerkgroepe dat **Doop en Nagmaal** die plaasvervangers daarvan geword het in die Nuwe Testament. Die Wederdopers ontken dit, want daar word net vir die Nagmaal en nie ook vir die Doop 'n teks in die Bybel gevind nie. Dit is so, maar dan moet hulle tog die merkwaardige feit erken dat net die Pasga en nie ook die besnydenis 'n plaasvervanger in die N.T. ontvang het nie. Verder vra ons: wat sou die Here dan met die besnydenis bedoel het, as dit nie bestem was om in die Doop voortgesit te word nie, terwyl die Pasga wél in die heilige Nagmaal oorgegaan het? Of was dit 'n doellose instelling wat eindelijk doodgeloop het? 'n Bloot nasionale teken kon dit nie gewees het nie, want die Egiptenare, Arabiere, ens., het dit ook gehad. Ook Christus is besny, seker nie bloot omdat Hy 'n Jood was nie. Of het daar **geen verband** tussen die Ou- en die Nuwe-Testamentiese verbondstekens en seëls bestaan nie? Is daar nie so iets soos '**n historiese samehang**, sowel in die geskiedenis van God se kerk as in die van die wêreld nie? Of bestaan die onverklaarbare onreëlmatigheid net tussen besnydenis en Doop? Die "besnydenis van die hart" (wedergeboorte) kan die opvolger nie wees nie, volgens hulle, want dit is onsigbaar.

Daarom vra ons volgens watter sigbare verbondsteken is die besnydenis in die N.T. vervang? Die antwoord op al die vrae bly nog uit van die kant van ons opponente. Die metode waarop hulle geskiedenis bestudeer maak 'n antwoord inderdaad onmoontlik. In die wetenskaplike wêreld staan daardie van-die-hak-op-die-tak-metode ook veroordeel. Daarom: verbondskinders moet gedoop word, omdat hulle in die O.T. ook besny is en omdat die Doop in die plek van die besnydenis gekom het (Kol. 2:11, 12).



4. Die opponente vra 'n teks. Vir elke saak en vir elke sonde 'n teks! Dis 'n verkeerde metode. Die Bybel is geen resepteboek nie, maar 'n goudmyn, waarin wél gouderts, maar geen klaar gemunte goue ponde opgetel kan word nie. Die Bybel gee groot lyne en beginsels aan, soos bv. in die geval van die huwelik, van die afskaffing van slawerny, van die vrou, die Nagmaal, ens.

Nêrens gebied die Bybel met soveel woorde en tekste "een man een vrou" nie. Slawerny moet afgeskaf word deur gelowiges. En tog volg die dinge by wettige gevolgtrekking uit die groot Skrifverband, al volg dit nie op gesag van een of ander teks nie. Vandaar dan ook dat veelwywery, slawerny, ens., verdwyn het, oral waar die Bybelboek gekom het.

Nogeens, die Skrif is 'n geestelike goudmyn. Maar geen delwer soek na hele ponde in die myn nie. Hy weet immers dat gouderts bymekaar en verwerk moet word onder veel sweet en arbeid. Hy weet ook: 'n delwer moet vir sy ambag leer. So staan dit ook met die delwers in die myn van God se Woord. Nie elkeen kan hom maar vir 'n gesaghebbende Skrifverklaarder opwerp nie. En om dan maar te sê: "Goddank, die Heilige Gees het my geleer"! Dit is niks minder as pure grootpraat nie. Die Gees gebied ons intendeel om die weg van die middele te bewandel. Daarom het Jesus self sy dissipels drie jaar lank onderwys gegee. Paulus het lank aan die voete van Gamaliël gesit. Maar by die sektes vind ons die verskynsel dat hulle behoorlik opgeleide voorgangers minag en vir blinde leidsliede uitmaak. Tipies van die sektarisme: net hul voorgangers is reg, hoe onbestudeerd ook!

Ek gaan verder en vra, waar die O.T. so streng met die kinders rekening gehou het, spreek dit dan nie vanself dat die apostels, óók Jode, daarmee in die N.T. sou aanhou

nie, **tensy** die Here hulle dit **letterlik verbied** het. **Maar na so 'n verbod soek ons tevergeefs.** Nee, nêrens verbied die N.T. om kinders van gelowiges mee te reken in die Nuwe Verbond nie (Jer. 31:31-34, Hebr. 8:6-13), **omdat** hulle nog maar "kinders" is wat nie kan glo of verstaan nie. Nee, nêrens! Veeleer roep Jesus die kindertjies na Hom toe. Ook die apostels hou volle rekening met hulle, tot selfs in die sendbriewe toe (1 Joh. 2:12, 13, Hand. 2:39, 1 Kor. 7:14, Ef. 6:1, Kol. 3:20, ens.).

Ons het dus op die bepaalde punt meer reg om 'n teks te verwag as ons teenstanders. Maar, soos gesê, die Skrif dokter die lewe nie met los tekste nie, maar met gees en lewe.



5. Maar, werp die Wederdopers teë: ons verwerp die kindertjies glad nie! Inteendeel, ons **seën** die kleines in navolging van Christus (Mark. 10:16). "Die inseën van kinders deur die Wederdopers is by hulle een van die groot plegtighede en lyk op 'n sakrament wat nie deur Christus, maar wel deur hulle self ingestel is" (aangehaal uit die boekie van mnr. van Zyl: "Waarom ek die Wederdopers verlaat het," bl. 69). Maar dan antwoord mnr. van Zyl as volg:—

"Onse Here Jesus het egter baie dinge gedoen wat ons nie letterlik as voorbeeld kan navolg nie. Dit sou dwaas wees as iemand hom aan 'n kruis laat hang met die gedagte dat hy in navolging van Christus 'n verlore mensdom moet red of om te probeer om 'n paar brode en vissies te vermenigvuldig ten einde duisende te spysig. Die mens het geen reg om 'n sogenaamde sakrament in te stel, omdat Christus die kinders geseën het nie. As dit 'n instelling was, sou Hy voorwaar aan die apostels 'n opdrag gegee het. Die apostels het dit ook nie nagevolg nie...." Op die punt is seker ook van toepassing die Skrifwoord: gehoorsaamheid aan die Doopsbevel is beter as die **offerande** van ongevraagde en niksbeduidende "kinderinseëning".



6. Die Wederdopers wil, getrou aan hul 16e-eeuse anabaptistiese afkoms, 'n volkome **heilige kerk** op aarde hê, — daarom doop hulle net mense wat groot genoeg is om van eie bekering getuie af te lê. Maar hierdie kerk-idee is onbybels; vergelyk die gelykenis van koring en onkruid (Matt. 13:24-30). Die Here self sal eenmaal, by die voleinding, volkome skeiding maak. Hy, die enigste **hartekenner**, sal dit doen op die bestemde tyd en geen mens of kerk nie! Ons moet stry om in te gaan. Verder, sulke keuring bereik tog ook nie die beoogde doel nie. Want Judas, Demas, Simon die Towenaar, het hulle seker almal laat doop, nádat hulle geglo het (Hand. 8:13-21). En tóg sê Petrus vir Simon ná sy Doop: "Gaan bekeer jou"! (Hand. 8:22). Bedrieërs en leuenaars sal daar dus altyd wees in die kerk, sodat na 'n kerk wat net uit ware gelowiges sou bestaan, op aarde in elk geval vergeefs gesoek sal word. Daarom moet aan verbondskinders die verbondsbefoel beteken en verseël word (Hand. 2:39).



7. Deur hul bestryding van die kinderdoop stel die Wederdopers hul verstand bo God se vrye verkiesing en bo sy almagtige genadewerking in die kinderharte. Want, sê hulle, 'n kindjie kan nie hoor, glo of hom bekeer nie, om daarná dan gedoop te kan word. Hierdie beswaar geld ewe goed van die Ou-Testamentiese besnydenis en tog het God die Here 'n kind van agt dae oud laat besny! Sou God dan gefouteer het? Hierdie sondige beswaar val egter weg as ons God maar God wil laat bly: as ons behoorlik onderskei tussen die koringkorrel en die volle halm; tussen 'n klein kind en 'n volwasse persoon; tussen spraakvermoë en die spraak self; of tussen die geloofsvermoë en die daadwerklike geloof. As hierdie onderskeiding geldig is in die daaglikse lewe, waarom nie óók op geestelike gebied nie? As 'n kind, volmaak in al sy liggaamsdele, maar nog nie in die verskillende ontwikkelingstrappe nie, 'n egte mens is, en by God as 'n mens geboek staan, — waarom kan die geloofsvermoë, hoe swak en onontwikkeld ook nog, voor God nie tel as 'n rasegte, wesenlike geloof nie? En as God die Here magtig is om 'n kind te

laat gebore word, waarom sou Hy nie ook magtig genoeg wees om daardie selfde hulpelose kindjie te laat wedergebore word nie? Of ons dit alles met ons beperkte verstand kan deurgrond of nie, maak in geen van beide gevalle verskil nie. God is vir sy almagswerke nie van ons verstand of begrip afhanklik nie. Lees maar Johannes 3. En waar die wedergeboorte eenmaal deur die Gees gewerk is, daar is alles, naamlik geloof, bekering, regverdigmaking, ens., in beginsel ook aanwesig, net soos die hele boom in die pit insit. En as die Here so 'n kind spaar, dan sál sy geloofsvermoë ook tot 'n daadwerklike geloof uitgroeï, net soos 'n dogtertjie ná verloop van tyd opwas tot 'n moeder.

Die Skrif bied baie voorbeelde waar die Here baie vroeg die nuwe lewe (wedgeboorte) by kinders verwek het. Ons dink aan Jakob, Dawid, Obadja, Jeremia, Johannes die Doper. Timotheus, Paulus e.a.

Van **Jeremia** lees ons: "Eer Ek jou geformeer het, het Ek jou geken en het Ek jou geheilig" (hoofst. **1:5**).

Van **Dawid**: "Ja, U is dit wat my met vertrouë vervul het " (Ps. 22: 10, 11).

Van **Johannes**: "En hy sal met die Heilige Gees vervul word, ook van die moederskoot af" (Luk. 1:15).

Van **Paulus**: "Ek dank God wat ek van my voorouers af dien in 'n rein gewete" (2 Tim. 1:3).

Van **Levi** word al gespreek toe hy nog in vader Abraham se lendene was toe het hy al feitlik tiende aan Melgisédek deur Abraham betaal (Hebr. 7:9, 10).

Hier spreek **teks op teks** oor dieselfde saak, naamlik van die nuwe lewe, **ook by kindertjies!** Swig die Wederdopers nou voor die **letter** van God se Woord?

Nee, — is hulle **eerlik** in hul oortuigings wat na tekste vra? Maar dan besondig hulle hulle mos op 'n gruwelike wyse as hulle bly volhard: kindertjies is **onskuldig**; kindertjies mag wel ingeseën word; kindertjies kan nie **glo** nie, en mag dáárom nie gedoop word nie. In sy boekie oor die "Kinderdoop" beweer Schoemaker selfs dat 'n **kind sonder geloof** kan salig word! By die lig van bostaande weet ons nou egter van beter. Nou vra ons, as die nuwe lewe volgens Bybel dan reeds in 'n verbondskindjie aanwesig kán wees, wat verhinder hom dan om ook dáárdie lewe se **teken en seël** in **die Doop** te mag ontvang? Niks, niks ter wêreld nie!

In die verband wys ek op nog 'n fatale dwaling. Ons opponente meen dat die seël van die Doop op die **bekeerling se voorafgaande "ja" geplak moet word**. Maar dis nie die geval nie. God **sit sy seël alleen op sy eie genadewerk** in die kinderhart en nooit op 'n mens se bedrieglike "ja" nie. Want ons het gesien hoe Judas, Demas, Simon en ander ná hulle **gelieg** het. 'n Aardse vors heg nie eers sy seël aan 'n ander se dokument nie, hoe sal **God** dan die **onsekere belydenis** van 'n sondige mens beseël? Nee, — maar wat Hy verseël in die heilige Doop is net sy eie bondsbelofte eenmaal aan Abraham en aan sy nageslag verpand, want dit is vas en seker! Daarom kom 'n sakramentele teken ook nie te pas by die belydenisaflegging van jong lidmate nie.

Gestel nou daar **word gewag** met die toediening van die heilige Doop totdat die kind eendag self kan **weet en glo**, en sy belydenis blyk later tog leuenagtig, wat baat die uitstel dan? As vele grootgedooptes dan later weggaan van Jesus af, soos in Joh. 6: 66 meegedeel, wat baat die grootdoop dan? Daarom geld ook hier: gehoorsaamheid is beter as offerande. Die Here reken met Abraham **en met sy kinders**, daarom moet die kerk dit ook doen (Hand. 2:39). Maar **dít** word juis hardnekkig ontken deur die Wederdopers!

Word al die gedoopte kindertjies van gelowige ouers dan salig? Dis die vertrouë van elke godvrugtige ouer (Deut. 30:6, Ps. 22:11, Hand. 2:39, Ef. 2:10), maar niemand weet die verborge Raad van God nie. Ons roeping is om aan almal die verbondsteken toe te dien, omdat God se verbond met die gelowiges **en hul** nageslag reken. Net so min as wat 'n

goudgrawer weet in watter hoop gruis hy wél en in watter hy geen gouderts sal kry nie, net so min weet ons met sekerheid watter gedoopte kinders die wedergeboorte deelagtig is of sal word en watter nie.

Maar net soos dit die plig is van die goudgrawer om elke hoop grond te was in die vermoede dat hy daarin gouderts sal aantref, juis omdat die gruis van die goudaar afkom, — net so is dit ook pligmatig vir die kerk om **elke verbondskind** te doop, in die vermoede dat dit 'n kind van die Here is, juis omdat hy uit verbondsouers (die geestelike goudaar) gebore is. Nogeens, gehoorsaamheid is beter as 'n eiewillige godsdienst. Veilig mag die **gehoorsame** ouer die uitkoms dan laat in die troue hand van sy hemelse Vader, wat goed vir sy kinders sorg. Die Here verstoot die kleines om hul erfsonde nie, onthou ook nie aan hulle die teken en seël van sy wederbarende genade nie. Inteendeel **roep** Hy hulle, en berei Hy vir Homself lof toe uit die mond van suigeling (Ps. 8, Matt. 21:16). En, as ons dit nie verstaan nie, God wél! Daarom moet hulle volgens die letter en gees van die Heilige Skrif **klein** gedoop word en as die Wederdopers dit as "bybiedoop" en "vinger-doop" bespotlik wil maak, dan is dit vir húl rekening en in stryd met die Bybel!



8. Die teenstanders beroep hulle veral op Matt. 28:19 en Mark. 16: 16 en roep uit: Ons het reg! Daar staan: Eérs onderwys en dán doop! Eérs glo, en dán doop! Hierdie tekste spreek duidelik van die **sendingstaak** deur die Meester aan sy twaalf dissipels gegee. Hulle moes die evangelie aan Jood en heiden gaan verkondig, — dus aan volwasse mense met hul huisgesinne. Almal moet **dissipels**, volgelingen gemaak word van Jesus Christus; almal moet **hoor** en **glo** in sy Naam as die enigste Naam tot saligheid en dan moet hulle gedoop word, **so groot** as hulle is. Want die koninkryk van die hemele het naby Jood en heiden gekom!

Dit het die apostels gedoen; dit het die apostoliese vaders en latere leraars en sendelinge gedoen in opdrag van die Meester, en hierdie arbeid was ook vrugbaar. Baie het **geglo** en is **gedoop**. Groot gedoop, net soos Abraham as **volwasse** persoon die besnydenisbevel ontvang het; want hy kon nie weer kind word nie, maar met Isak, Jakob, ens., was die geval anders. Hulle is klein besny as kinders en erfgename van die belofte.

Presies so is dit vandag nog. Volwasse heidene wat tot bekering kom, kan nie anders as groot gedoop word nie. Maar op watter grond ontvang hulle dan die Doop? Die Wederdoper sê: op grond van **hul mondbelydenis**. Maar soos reeds bo onder punt 7 verduidelik, sê die kerk, nee! Nee, — die Here God **beseël** nie 'n sonder se bedrieglike "ja" nie, maar alleen sy eie beloftewoord en genadewerk in die hart. Presies dieselfde as by die **kindertjies** dus, in wie se harte Hy die nuwe lewe werk. Mark. 16:16 verbied dus geen kinderdoop nie, maar verklaar alleen wat moet gebeur in die geval van volwassenes wat tot geloof en bekering kom.

Verder beweer hulle: kindertjies is onskuldig en sonder sonde. Maar die Bybel leer ons dat Adam en sy hele nakomelingskap geval het. Lees maar Gen. 8:21, Ps. 51:7, Job 14:4 en 1 Joh. 2:12. "Ek skryf aan julle, kindertjies! Want julle sonde is vergewe om sy Naam ontwil". So vroeg as die jaar 418 n.C. het die sinode van Kartago die volgende besluit geneem: "Vervloek is hy wat leer dat kinders nie gedoop moet word en dat hulle geen erfsonde het nie, want die Heilige Skrif leer dat deur een mens die sonde in die wêreld gekom het".

"'n Kind kan hom nie bekeer nie", verklaar hulle, ja, maar die Bybel spreek ook van 'n eerste of **wortelbekering**, wat byna gelyk staan met die wedergeboorte en waarvan ons lees: "God gee die bekering ten lewe",— "Niemand kan tot My kom, tensy dat die Vader hom trek nie". Hierdie bekering is ook die deel van baie kindertjies, soos onder punt 7 bo reeds aangetoon, en dit word deur die teken van die heilige Doop beseël.

Maar dan spreek die Bybel ook nog van die **daaglikse** bekering wat nie van 'n klein kind

geëis word nie, maar wél van **volwassenes** wat die verbondspad verlaat. Maar hierdie Skriftuurlike **onderskeiding** ken of wil ons vriende in die reël nie ken nie. Hiermee neem ek afskeid van die vraagstuk van die "**kinderdoop**" om vervolgens stil te staan by die vraag: besprenkeling **of/en onderdompeling**?

(B)—Besprenkeling of/en Onderdompeling?

In die boekie: "Wat is die sonde van die Wederdopers " — lees ons: "Ons glo die indompeling is saligmakend . . ." (art. 1). "Ons glo dat 'n gelowige wat hom laat doop deur indompeling, die Heilige Gees kan ontvang soos die apostels" (art. 3). Volgens hulle geld net **indompeling** vir 'n ware Doop, en sondig die Christelike kerk al die eeue deur tot nou nog omdat hy **besprinkel** in plaas van **onderdompel**.

Wat sê die Bybel egter op die punt? Volgens die doopsbevel van Matt. 28:19 het Jesus geen onderdompeling maar Doop beveel — **doop al die volke**, staan daar. Tot dusver het die Wederdopers nog nie daarin geslaag om die afdoende bewys te lewer dat Christus

(1) bevel gegee het hoé gedoop moet word nie: alleen **in**, alleen **onder** of alleen **met** water?

(2) dat baptizo die éinigste woord vir doop is in die Bybel, want in Matt. 26:23 lees ek ook nog van embapto, en

(3) dat *baptizo* net deur *doop* vertaal word, want in *Mark. 7:4* en in *Luk. 11:38* word dit ook met "was" weergegee. In *Dan. 4:33* word dit in verband met Nebukadnesar gebruik. En vertaal deur "natmaak". Dr. Hodge sê, ná 'n grondige redenasie: "It is plain, that in itself **baptizo** does not necessarily mean immersion." Maar ons opponente weet glo beter! Hulle hou vol: baptizo beteken net "doop" en doop beteken "in- of onderdompel"! Hierdie "eiesinnigheid" het reeds die sekte gekenmerk vanaf sy ontstaan in die 16e eeu. Volgens dr. Karl Hase: "Das Reich der Wiedertäufer".

(4) Ten vierde sal hulle ook nog moet bewys dat daar maar net **een soort** Doop is. O ja, daar staan in *Ef. 4:5*: "Één Here, één geloof, één **Doop**" Maar daarteenoor spreek die apostel in *Hebr. 6:2* dan weer van die "leer der doopen" in die meervoud. En die Bybel spreek (a) van 'n **waterdoop** (*Matt. 3:7*, *Hand. 1:22*), (b) van 'n **geestesdoop** (wedergeboorte, *Matt. 3:11*, *Hand. 1:5*, *Gal. 3:27*, *1 Kor. 12:13*, ens.), (c) van 'n lydens- of **bloeddoop** (*Matt. 20:22*, *23*, *Mark. 10*) en (d) van 'n **vuurdoop** (*Mark. 9:49*). Ons vra: is "onderdompeling" in al hierdie gevalle letterlik uitvoerbaar? Tog seker nie! Dit sal volgens *1 Kor. 10:2* baie moeilik gaan om **letterlik** "in Moses, in die wolk en in die see", wat volgens *Ex. 14:29* padgegee het, **ondergedompel** te word!? Hier was dan tog seker ook baie **klein kindertjies** in die spel.

(5) Hulle sal ook moet bewys dat Doop deur "**besprenkeling**" **onbybels** is. Watter taak!

In *Jes. 44:3* sê die Here: "Ek sal water giet op die dorstige.... Ek sal my Gees op jou nageslag giet. . . ." Hier vergelyk die Bybel self die **giet van water by die giet van die Heilige Gees**. Wie dwaal nou, die **Bybel** of die **Wederdopers**?

In *Eseg. 36:25* staan: "Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel, sodat julle rein kan word van al julle onreinhede...." Ek vra, hoe is dit moontlik dat die **Bybel** "**besprenkeling**" kan goedkeur terwyl die **Wederdopers** dit so sterk veroordeel? Wie is reg?

(6) Voor ons hul dissipels word, sal die vriende moet bewys dat *Rom. 6:3*, *4* en *Kol. 2:12*, *13* (hul staatmaker-tekste!) in stryd is met *Jes. 44:3* en *Eseg. 36:25*. Ons lees nog in *Rom. 6* nog in *Kol. 2* van water of **waterdoop**, maar wel van 'n **geestelike of mistieke Doop** in Christus, die Verbondshoof. Dus is daar ook 'n Doop **sonder water** en **sonder onderdompeling**, naamlik die mistieke Doop in Christus. In *Rom. 6* en *Kol. 2* is die **doop-element** of stof dus geen vloeistof, maar wel **Christus Jesus** self. In *Rom.* en *Kol.* gaan die vergelyking dan ook nie tussen die **waterdoop en die begrawe-doop** of grafdoop van Christus nie, maar tussen die "**ou mens**" **se dood enersyds, en**

die borgdood en opstanding van Christus andersyds. Van 'n **waterdoop** is hier geen sprake nie, sodat die tekste ons vriende ook ontval, al ontken hulle dit kliphard.

(7) Verder sal bewys moet word (a) dat Matt. 3:16 "onderdompeling" leer, veral waar die Griekse woord "apo" (weg van) beteken. Jesus het dus ná sy Doop "uit", dit is "weg van" die water gekom; (b) dat Hand. 8:38 nie ook net sowel vertaal kan word: "en hulle het altwee afgeklim na die water as in die water". Die Griekse woord "eis" met akkusatief, sluit die eerste vertaling immers nie uit nie.

Verder staan daar in tekste soos Hand. 3:41; 8:12; 9:18: 19:5 niks, ja geen letter van onderdompeling nie. Dit is dus duidelik dat die Griekse woord **baptizo** kan beteken: doop, indoop, was, giet, sprinkel — plus nog ander figuurlike betekenisse. Erken hulle dit wél...?

(8) Niks minder as in- of onderdompel is die onverbiddelike eis! Volgens wet en letter!! Goed, — maar dan moet hul dopelinge ook **drie dae onder die water bly**, soos Christus drie dae in die graf vertoef het. Dan, terug na die Jordaan in Palestina! Dan, nie in vuil of troewel water doop nie, soos weleens in 1917 daar tussen Reitz en Heilbron in Liebenbergsvleirivier gebeur het nie! Nee, maar met rein water, dit is die bevel. Beter nog, altans veel meer letterlik sou wees: 'n **Doop in die werklike bloed van die Middelaar**. Meer nog: 'n **letterlike kruisiging** van elke dopeling moet dan volgens die letter van Rom. 6:6 en Gal. 2:20 aan die grafdood en Doop voorafgaan. Maar, sê hulle: Paulus het hier geen letterlike kruisiging bedoel nie. Hierop vra ek dan weer: op watter grond is ons vriende omgekeerd weer so seker dat Paulus in Rom. 6 en Kol. 2 met die woorde: "Begrawe met Christus deur die Doop" weer wél 'n letterlike begrafnis bedoel het? Dit lyk baie na willekeur!

Verder, gesaghebbende skrywers soos Luther, Calvyn en andere word soms aangehaal om Doop deur onderdompeling te bewys. Maar hoor wat Calvyn sê in boek IV, hoofstuk 15: "Daar is voorts niet veel aan gelegen: of diegene, die gedoopt wordt, geheel in het water en dat driemaal, of slechts eens ingedompeld, **of alleen met water besprengd** wordt. Maar dit moet naar de verscheidenheid der landen in de vrije keuze der kerken blijven" Om ondanks hierdie woorde van Calvyn te verklaar dat hy 'n voorstander van indompeling was, is seker nie eerlik nie.

Besprinkeling van die voorhoof alleen word deur ons vriende bespot, hoewel daarvoor geen die minste gegronde rede bestaan nie. Net soos by die besnydenis die voorhuid die hele liggaam verteenwoordig het, so verteenwoordig by die Doop die voorhoof ook die hele persoon. In die sin verklaar Spreuke 10:6: "Seëninge is op **die hoof** van die regverdige". Vergelyk Gen. 49:26.

(9) Lukas verklaar dat 3,000 siele op Pinksterdag gelowig geword het en toe ook gedoop is. Om 9-uur het Petrus begin preek; sê dat hy om 10-uur begin doop het tot om 6-uur namiddag — dit bied net agt uur of 500 minute om so 'n skare deur onderdompeling te doop. Maar daarvoor was die tyd inderdaad veel te kort. Daarom moet hier meer aan besprinkeling as aan indompeling gedink word. Dr. Los verklaar êrens: "De kerk was echter genoodzaakt om de onderdompeling te laten varen door het misbruik van de bloeddooop en van de onderdompeling bij de heidenen. In 133 na Christus waren de Taurobolia, nl. onderdompelingen in het warme bloed van een stier, algemeen. De dienst van Isis eischte drie onderdompelingen in de Tiber-rivier per dag. Daarom moest de kerk door besprenging van het voorhoofd, de zetel van 't bewustzijn, laten zien, dat het ging om de reiniging van de ziel".

Maar genoeg ook wat hierdie punt betref. Uit bostaande is dit duidelik dat die heilige Doop sowel deur besprinkeling as deur indompeling geskied het. Vergelyk ook ons doopsformulier wat albei maniere erken.

Verder is dit ook duidelik dat die Wederdopers glad **te veel waarde heg aan die Doop deur indompeling**, terwyl alle Skrifgrond vir sulke eensydigheid volstrek ontbreek. So seer dat hulle selfs **geen ander doopvorm** as geldig erken nie en daardeur **God se Woord weerstaan** (Eseg. 36:25; Hebr. 12:24, ens.). As die Bybel besprinkeling toelaat,

vanwaar die reg van mense om dit te veroordeel?



(C) — Die Geestesdoop.

Ons spreek van verskillende Dope in die Nuwe Testament. Dit is nodig om hier ook goed te onderskei, anders raak 'n mens hopeloos in die war, soos die Wederdopers. Gewoonlik spreek ons van die Doop van Johannes; die Christelike Doop ; en van die **Doop** van die Gees.

Ek bepaal my by die laaste soort. Dit is nie 'n Doop met "water" of met "sand" (nooddoop bv. Van die Roomse) nie, maar 'n Doop met die "Heilige Gees". So het Johannes eenmaal van die Doop van Jesus verklaar: Ek doop met water tot bekering, maar Hy wat ná my kom, naamlik Christus, God se Seun-middelaar, Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop (Matt. 3:11).

Waarop sien die belofte? Op die Pinksterdag. In Hand. 1:4, 5 herhaal die Heiland dieselfde belofte vlak voor sy hemelvaart, wat tien dae later vervul is.

(a) En van hierdie oordragtelike (want dit is geen letterlike) Pinksterdoop het die Christelike kerk altyd bely dat hy **vir eens en vir altyd oor die kerk uitgestort is** op daardie gedenkwaardige Pinksterdag om nooit weer herhaal te word nie.

Maar, sê die Apostoliese, die Pinksterdoop, of "Doop van die Gees" soos hulle dit by voorkeur noem, die Pinksterdoop vind gedurig nog plaas. Met ander woorde die Heilige Gees word nog voortdurend **uitgestort!** Nie net oor die kerk as kerk nie, maar ook oor die enkele persone. Hulle verklaar daarby dat dieselfde uitwendige tekens van Pinksterdag ook nog met die "Doop van die Gees" gepaard gaan. In een van die offisiële stukke van die Johannesburgse Apostoliese Broeders lees ons dit: "Wie is ons? Ons is bekend as die Apostoliese Geloofsending van Johannesburg wat opgeneem is in die grote wêreldwye Herlewing van die Heilige Gees, wat sy beweging ontleen het aan die werk van die Azusastraat-sending, Los Angeles, Californië, alwaar **die Heilige Gees uitgestort is op die gelowiges gedurende die laaste 18 maande**, en wat reeds versprei is oor die ganse wêreld".

Ek laat as antwoord op die dwaling volg wat dr. Du Toit verklaar het in sy stuk, **Het Wonder van de Uitstorting des Geestes:** Die Skrif sê ons duidelik dat die uitstorting van die H. Gees die **derde** groot daad is ná die skepping en die vleeswording. Dis wel opmerklik dat die Apostoliese veronderstel **'n herhaling van die Pinksterwonder, maar dit nie waag om ook van 'n tweede skepping en tweede vleeswording** te spreek nie. Dit is 'n baie groot inkonsekwensie wat hulle nie kán goedpraat nie. Die Heiland het duidelik belooft dat die Vader vir ons 'n ander Trooster sal gee **"om by ons te bly tot in ewigheid"** (Joh. 14:16). Die H. Gees hoef dus nie weer te kom deur 'n nuwe uitstorting nie. Hy **is** in die gemeente, Hy **woon** daar binne as in sy huis (Ef. 2:22). Hy verlaat die gemeente nooit, maar **bly** daarin tot die laaste dag van die teenswoordige wêreld (Openb. 22:17). Net so min as die Seun weer gebore word om weer aan die kruis te hang, ewe min word die Heilige Gees wat gekom het weer uitgestort. Vandaar dat Paulus die twee gebeurtenisse naas mekaar stel en in dieselfde tydvorm van albei spreek. In Gal. 4:4 sê hy: **"God het sy Seun uitgestuur"**, en in vs. 6: **"God het die Gees van sy Seun uitgestuur"**.

Die las rus derhalwe op die Apostoliese om te bewys dat God êrens in die Skrif 'n tweede uitstorting belooft het of 'n gebod gegee het om vir 'n tweede uitstorting te bid. Solank as hulle dit nie kan doen nie, bly ons met die kerk van alle eeue bely dat die Gees wat gekom het, ook nie meer kán kom nie. Meer nog, wie verder bid om 'n nuwe koms, 'n herhaalde uitstorting van die Heilige Gees, **loën daardeur inderdaad die Pinksterwonder.**

(b) Ons let verder op Skriftuurplekke waarop die opponente hulle beroep. In Hand. 10:44-47 lees ons: ". . . die Heilige Gees het op almal geval wat die Woord gehoor het".

In vs. 45 volg dan: "Die gelowiges uit die besnydenis . . . was verbaas dat die **gawe van die Heilige Gees** ook op die heidene uitgestort is". Oënskynlik steun die tekste die Wederdopers se standpunt. Maar laat ons sien. Vas staan: op Pinksterdag sou die Heilige Gees uit die Hoof (Christus) in die liggaam (gemeente) uitgestort word.

Maar op Pinksterdag was nog slegs die **kerk uit die Jode** aanwesig. In hierdie deel het die Gees dan ook sy intrek op Pinksterdag kom neem. Hier bestaan geen verskil nie. Maar die **kerk uit die heidene** het nog nie in die beloofde voorreg gedeel nie. Dog, toe hierdie deel van die kerk in die huis van die heiden Cornelius ook tot openbaring gekom het, toe het die H. Gees ook daarop geval. Dit was volstrek nodig, anders sou die Christene uit die Jode die **kerk uit die heidene** nooit as sodanig erken het nie. Hand. 15:8 bevestig die gedagte by monde van Petrus. Terwille dus van **eenheid** en **vrede** het hierdie tweede of **aanvullende** uitstorting geskied. Ook oor die heidene. Tog bestaan daar, by alle ooreenkoms, groot verskil tussen die uitstorting op Pinkster en hierdie "aanvullende" in die huis van Cornelius.

(1) In Jerusalem is die Gees, volgens Hand. 2: 17, deur die **Vader** uitgestort,— maar in Cesarea (Hand. 10) **val die Gees vanself** op die aanwesiges. Hy tree dus selfwerksaam op, anders as in Hand. 2.

(2) In Jerusalem is die Gees self (Persoonlik) uitgestort, — maar in Cesarea is daar sprake van die **gawe van die H. Gees**.

(3) In Jerusalem is die geluid van 'n geweldige rukwind en die verskynsel van tonge soos van vuur — by Cesarea is daar niks hiervan nie. Met reg mag dus gesê word dat die gebeurtenis in Hand. 10 **geen herhaling** van die groot Pinksterwonder is nie, maar net 'n "aanvulling" daarvan genoem moet word, om also die twee dele van die kerk, bestaande uit Jode en heidene, tot die een liggaam van Christus saam te voeg.

Wat Hand. 8 betref, hier is geen sprake van 'n nuwe uitstorting nie, maar van meedeling van die **buitengewone gawes** van die Gees deur handoplegging van Petrus en Johannes.

Dit geld ook van Hand. 19:6. Hier lees ons: "En die Heilige Gees het op hulle gekom". Dus, **geen uitstorting** of tekens van **wind of vuurtonge** nie, soos in Hand. 2. Uit wat ons gesê het, blyk duidelik: die groot dag van Pinkster het net **een- en nie tweemaal of meermale** aangebreek nie.

Een van die uitstaande foute van die Wederdopers is dat **hulle nie behoorlik onderskei** tussen die bedelinge van die Vader, die Seun en die Heilige Gees nie. Ook nie tussen die **Gees as Persoon** en **die gawes** van die Heilige Gees nie. Ewemin tussen die stigtingsperiode en die gevestigde toestand van die kerk. Hulle sê wel dat hulle dit doen, maar hul redeneringe bewys die teendeel. Want elke teks wat spreek oor die Gees of die gawe van die Gees verkondig, volgens hulle, **'n nuwe inwoning of uitstorting** daarvan. Vandaar hul gebed om die voortdurende uitstorting.

Dis nie alleen dat die mense nie behoorlik **onderskei** nie en **ongeseglik** is, — die uitstaande kenmerk van alle sektes,— maar ook is hul redenasies verward en inkonsekwent. Ek haal 'n paar voorbeelde aan uit die boekie: "Verdediging van die Wederdopers", deur pastoor F.J.M. Beetge. Tydens die Disputasie van 1922 op Bloemfontein het ek die verklaring gedoen dat die Wederdopers blykbaar die onderskeid tussen **wortelbekering** wat byna gelykstaan met die **wedergeboorte** en die **daaglikse bekering** wat van 'n bewuste sondaar vereis word, nie ken nie. Hierop antwoord vriend Beetge: "Die uitdrukking 'wortel-bekering' ken ons nie. Ons vind wel dat Johannes die Doper en dat Jesus en die apostels gesê het: bekeer u, maar nooit 'wortel-bekeer' u nie, of 'bekeer u in die wortel'. Maar ons wil erken, as daar 'n 'wortel-bekering' is wat 'byna' gelyk is met wedergeboorte, dit dan 'n halwe wedergeboorte moet wees wat dan nie veel kan baat nie — so min as wat dit 'n kindjie baat om 'byna' gebore te wees. Ons brein is 'n bietjie te swak om hierdie dinge anders te verstaan". Baie spitsvondig gesê deur mnr. Beetge, nie waar nie? Maar dit raak die saak waaroor dit gaan glad nie. Die gevolg is: die Wederdoper **bly** aan die dwaal.

'n Ander voorbeeld. Oudl. Pretorius het tydens die Disputasie verklaar: "Vir die Wederdoper is blykbaar **nie die kruis nie**, maar die **badwater** die Saligmaker". Antwoord: "Ons het so 'n ding nooit. . . beweer nie. . . Die feit alleen dat ons aandring op geloof in Jesus as Saligmaker voor die Doop is genoeg om te toon dat ons die **badwater** no. 2 stel en nie no. 1 nie. Ons oortuiging is dat gelowige persone ná hul Doop (ook wél daarvoor) die Heilige Gees ontvang, net soos dit die oortuiging van die apostels was. . . ." Wel, wel . . . dis 'n erkenning wat ons weldadig aandoen. Want **die deurlopende betoog** is altyd: 'n mens ontvang die Heilige Gees **nie voor maar eers ná die Doop, ja, soms eers nadat jy gelowig geword het!!** Daarom tog stel die Wederdoper die Doop uit **totdat jy** eers gelowig **kan** word! Hierdie erkenning strook nie met die doperse praktyke nie.

Maar genoeg om 'n idee te gee van die besondere soort polemieke van die mense. Dit maak alle argumentasie met hulle onmoontlik en ydel.

(c) Ek eindig met die bekende beeld deur dr. A. Kuyper indertyd gebruik, naamlik van die reservoir. Die toestand onder die Ou Bedeling kan vergelyk word by 'n dorpie waar elke huisgesin eie reënwater opvang. Ná verloop van tyd word die dorpie 'n stad met **waterleiding**: 'n reservoir word gebou, pype en krane word na elke woning aangelê. Eindelik breek die groot en plegtige dag aan waarop die **waterbak officieel in gebruik geneem word**. Nou vang niemand meer eie reënwater op nie, omdat daar 'n **gemeenskaplike vangbak** is vir al die inwoners.

Hierdie beeld verduidelik enigszins die verskil tussen Ou en Nuwe Bedeling. Voor Christus se koms is **elke** gelowige as 't ware apart begiftig met die gawe van die Heilige Gees. Maar ná sy koms in die vlees is Hy deur die Vader **tot Hoof**-(reservoir) van sy gemeente (liggaam) gestel (Ef. 1:22, 23). En **uit Hom**, as die Hoof, is die Heilige Gees (wat Hy sonder maat ontvang het) op die groot Pinksterdag Persoonlik uitgestort om sy **liggaam** te vervul, net soos al die stadspype met water gevul is by die plegtige ingebruikneming van so 'n reservoir. Nou weet ons, so 'n plegtigheid gebeur maar **eenmaal** in dieselfde stad — verrys nuwe huise later, dan vind daar **geen nuwe uitstorting** plaas nie, maar daar word alleen nuwe pype gelê om by die reeds bestaande aan te sluit. Dit is presies wat in die kerk van Christus gebeur met **nuwe bekeerlinge**. Die Heilige Gees **is eenmaal** uitgestort en woon Persoonlik in die gemeente. Kom daar 'n sondaar tot nuwe lewe en bekering, dan is dit 'n bewys dat God die Here ook sy **hart van 'n geloofspyp** (om dit so te noem) voorsien het, waardeur hy aansluiting met die Hoof, Christus, ontvang en nou ook besproei word met die waters van die Heilige Gees wat uit Christus alle gelowiges toevloei. Die beeld laat ons duidelik aanvoel hoe ongerymd dit is om maar elke keer van 'n nuwe **Geestesdoop of uitstorting** te spreek.

Daarom lees ons in Hebr. 11:39, 40 dat die O.T.-gelowiges die belofte nie verkry het nie, sodat hulle sonder ons nie volmaak sou word nie. Dit beteken dat die O.T.-gelowiges vir die geestelike volmaking wag, — wag totdat die Hoof, Christus, daar is en totdat uit Hom sy **liggaam** sou gebore word deur die **uitstorting** van die Gees op Pinkster. Maar toe is hulle deur die **geloof** ook in sy liggaam ingelyf om in **organiese verband** met Christus en sy gemeente te staan.

Mag die ondersoek van die Bybel die liefde tot die Bybel meer en meer by ons opwek. Want net met Gods Woord in hart en verstand kan ons die dwaalleer bestry. Dwaalleer wat meer en meer sal toeneem, hoe meer ons die einde benader. Die valse profete kom ook met God se Woord — ook met 'n "daar staan geskrywe", maar sonder om volle rekening te hou met die Gees en Skrifverband. Daarom is **behoorlike** Skrifstudie broodnodig, veral vir ons jongmense, sodat hulle die valse profete met 'n "daar staan ook geskrywe" kan ontmoet en verslaan.

DIE SPIRITISME.

(Ds. P. J. DE KLERK).

1. — Inleiding.

Die Spiritisme, ook wel Spiritualisme genoem, is 'n geestesstroming wat al baie oud is en kontak soek met die wêreld van die afgestorwenes. Reeds by die Babiloniërs en Egiptenaars tref ons dit aan. Ten tyde van Moses is dit reeds praktyk om die dooies te vra, soos die Spiritiste doen (vgl. Deut. 18). Oral waar 'n mens in die ou tyd en ook nou nog van fetisjisme, animisme en voorouerverering hoor, vind ons spiritistiese verskynsels. Heksery, towery en die sogenaamde godsoordele in die middel-eeue staan ook hiermee in verband.

Die nuwere Spiritisme, wat ons weer moet onderskei van Okkultisme (geheimleer), is net soos die Okkultisme 'n reaksie op die stofvergoding en verstandsaanbidding. Die lewe aan hierdie sy van die graf bevredig die mens nie. Hy dors maar altyd meer na 'n ander wêreld wat nie minder ryk is as hierdie een nie. Hierdie Spiritisme is egter niks anders as 'n nuwe vorm van bygeloof nie. Die godsdienstige mens soek bevrediging vir sy godsdienstige behoeftes en wanneer hy dit nie vind in die werklike openbaring van God in sy Woord nie, soek hy dit op die pad van bygeloof. Die godsdienstige behoefte neem dan die geheimsinnige kragte in die mens self, of buite hom in die natuur, in diens, wat hom dan in kontak kan bring met 'n bonatuurlike wêreld. Hierdie bygeloof is gevolglik niks anders as 'n bastervorm, 'n karikatuur, van die egte godsdienis nie.

2. — Geskiedenis.

Die hedendaagse Spiritisme dateer vanaf die jaar 1848. Soos by byna al die geestesstrominge en sektes, is die bakermat ook in hierdie geval Amerika. In 'n sekere dorpie, Hydesville, in die staat van New York, het 'n familie Fox gewoon. Hul twee dogters het op 'n sekere nag 'n geheimsinnige geklop in die muur van hul slaapkamer gehoor. Deur aan die verskillende soorte van kloppe elk 'n sekere letter van die alfabet te gee, het hulle spoedig in kontak met die "gees" gekom. Deur die moeder en die twee dogters as mediums (tussenpersone) te gebruik, het die klopgees verskeie nagte agtereën meegedeel dat hy die "gees" is van 'n afgestorwe koopman wat vyf jaar tevore vermoor is deur die vorige inwoner en in die kelder van die huis begrawe. Hulle het dadelik ondersoek ingestel en werklik ook die oorblyfsels van 'n lyk gevind. Dit het 'n baie groot opskudding verwek en die stoot gegee vir die moderne spiritistiese stroming wat veral ná die laaste wêreldoorlog verbasend opgang gemaak het.

Margareth, een van die dogters van die familie Fox, het egter in 1888 verklaar dat die kloppe in hul huis niks anders as bedrog was nie. Later het sy die bedrog voor 'n gehoor van 2,000 openbaar gemaak. Drie dokters het gedurende die seance (samekoms) op die platform verklaar dat sy die kloppe deur middel van die eerste lid van haar groottoon maak.

Maar nieteenstaande hierdie openbaring het die Spiritisme baie vinnig vooruit gegaan. Die geloof dat daar 'n lewe ná hierdie aardse lewe is en die moontlikheid om met die afgestorwene dierbares om te gaan, het weer nuwe hoop en lewe in die materialistiese lewe van die mens gebring. Hierby kom nog die menslike nuuskierigheid. Nog andere het hierin weer 'n goeie middel gesien om geld mee te maak. Gevolglik was daar 'n twee jaar later in Amerika 30,000 mediums, terwyl 'n twintig jaar later die getal aanhangers op tien miljoen geskat is. Vanaf Amerika het die Spiritisme hom oor die hele wêreld verbrei.

Baie mediums, o.a. die broeders Davenport en P. P. Home, is in Engeland aan bedrog skuldig bevind. Om al die bedrog in hierdie geestesstroming agter te kom, moet 'n mens die boek van Houdini: *"A Magician amongst the Spirits"* lees. Meer as een medium gebruik die Spiritisme om geld te maak. Maar daar het tog dikwels eenaardige dinge by seances (samekomstes) plaasgevind wat, 'n mens nie somaarso aan bedrog kan

toeskrywe nie. Die Spiritisme het dan ook spoedig ingang by geleerdes in Engeland gevind. Sielkundiges, wetenskaplikes en selfs teoloë het hul aandag aan die saak gaan gee, met die gevolg dat in Engeland in 1882 die "Society for Psychical Research" gestig is. Barrett, Meyers, Sir William Crookes, Sir Oliver Lodge, Henri Bergson en andere het dit behoorlik ondersoek.

Die wêreldoorlog veral het 'n groot stoot aan die Spiritisme gegee. Al die treurende vaders, moeders en kinders wou graag kontak hê met hul dierbare afgestorwenes. So het Sir Oliver Lodge gesels met sy seun Raymond wat gedurende die wêreldoorlog gesneeu het. In Engeland bestaan oor die 300 Spiritistiese verenigings.

Maar ook in ons land word in die groot stede, veral Johannesburg, spiritistiese verenigings gevind. Op baie dorpe en op die platteland word die Spiritisme meer beoefen as wat ons dink. In meer as een publieke biblioteek is baie boeke wat hierdie beweging propageer.

3. — Leer.

Die Spiritisme is in die eerste plek 'n bepaalde verklaring van allerlei okkulte (verborge) verskynsels, waarby 'n mens aanneem dat dit veroorsaak word deur geeste van afgestorwenes; in die tweede plek is dit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat berus op die kennis van die geestewêreld en wat die geeste meegedeel het. Die leer van die Spiritisme is egter nie so gemaklik te beskrywe nie, omdat daar so baie verskille voorkom. Die Spiritisme leer o.a. (1) "Dat die mens met 'n geestelike liggaam opstaan, nie op die jongste dag uit die graf nie, maar in die sterwensuur uit sy stoflike liggaam; die liggaam is vir goed aan ontbinding prysgegee; (2) dat daar talryke geeste-oorde of -sfeer is en dat die toestand in die sfeer baie verskil al na gelang van die reinheid van die bewoners. Daar bestaan sfere van duisternis en wroeging, maar daarheen daal vriendelike engele af om te red en te behou wie boetvaardig sy sonde bely. Elkeen wat hier teen die sedewet gesondig het, kom nie dadelik hiernamaals in die sfeer van Somerland nie. Die Somerland is die sfeer van volmaakte geluk, waar die sonde buitegesluit is en ook geen spoor van lyde meer is nie. Hierdie oorde is lande met heuwels en dale, berge, bosse, riviere, stede en buiteverblywe. Daar lewe mens gesellig, gelukkig en werksaam. Dat mens hiernamaals voor die troon van God sou juig en vir God lofliedere sal sing, sulke voorstellinge verwerp die Spiritisme as heeltemal onjuis te wees". (Ds. Beversluis in: *"Het gebied van het geheimzinnige"*.)

Op een punt stem die Spiritiste almal saam, naamlik dat die siele ná die dood voortlewe en met die lewendes in kontak kan tree. Behalwe sy sigbare liggaam het die mens — so beweer hulle — nog 'n "astraalliggaam" — die fyn stoflike werktuig vir die gees. Hierdie astraalliggaam het sy woning in ons vleeslike liggaam, maar dit kan hom daarvan losmaak, bv. in ons slaap. Dit gebeur egter vir goed wanneer ons sterwe en dan lewe die astrale liggaam voort in die astrale wêreld.

4. — Verskynsels en hul verklaring.

Die afgestorwe siele probeer egter in aanraking kom met hul dierbares op die aarde deur middel van mediums, dit is mense wat besonder vatbaar is vir indrukke van die geestewêreld. In die spiritistiese seance (samekoms) raak so 'n medium in 'n trance (hipnotiese of slaaptoestand) en dan sê of doen hy dinge waarvan hy later in sy bewuste toestand niks weet nie. As so 'n medium in 'n trance is, kan hy verskillende verskynsels in die lewe roep. Hy kan kloppe laat hoor sonder dat iemand van die aanwesiges dit veroorsaak; meubels laat verplaas en selfs in die lug laat hang sonder dat iemand dit aanraak; tussen twee leie wat op mekaar vasgebind is, laat skrywe; die medium word self in die lug opgehef (die sogenaamde lewitasie); vurige kole kan opgeneem word sonder dat dit die persoon brand; die hande of gesig of hele liggaam word gesien — die materialisasie van geeste waarvan selfs portrette geneem kan word; vrae word gevra en beantwoord, waarvan geeneen van die aanwesiges weet nie, ens.

Onder die meer geestelike verskynsels vind ons die clairvoyance of heldersienheid. As

'n medium in 'n trance is, kan hy dinge op 'n afstand sien, resiteer, voordragte hou, selfs oor godsdienstige onderwerpe, wat dan uit die onbewuste kom en waarvan hy in sy bewuste toestand nie weet nie.

Verder ondergaan die medium nog 'n gedaanteverwisseling (transfigurasië). In hierdie geval neem hy die gelaatstrekke, die liggaamshouding en selfs die stem van die afgestorwe persoon aan. In hierdie transfigurasië kan die toeskouers nie meer kontroleer of hulle met die medium of iemand anders te doen het nie.

Hoe moet ons nou hierdie verskynsels verklaar? By al die verskynsels het ons nie in die minste met die geeste van afgestorwenes te doen nie. Ons kan egter ook nie sê dat alles bedrog is nie. Bedrog speel in baie gevalle 'n groot rol, sodat selfs dr. Slade verklaar het dat al sy voorgegewe spiritistiese verskyninge bedrog was wat hy deur kunststreek verrig het (vgl. Houdini: *"A Magician amongst the Spirits"*, bls. 99). Houdini het dan ook volgehou dat Spiritisme niks anders as bedrog is nie. Maar tog het deur die "Society of Psychical Research" aan die lig gekom dat daar tog sekere verskynsels is wat wetenskaplik vasstaan. In baie gevalle is seker duiwelskunste te bespeur, maar ons kan al die verskynsels nie verklaar met die hipotese dat dit duiwelswerk is nie. Aan die ander kant mag ons die inwerking van die bese geeste nie onderskat nie. 'n Mens begewe jou in die Spiritisme en Okkultisme op 'n baie glibberige terrein, waar jy dikwels met die magte van die duisternis te doen het, maar ook met die verborge kragte van die onderbewussyn van die mens — 'n terrein wat nog grotendeels braak lê. Die Psigo-analise het vir ons al baie dinge aangaande hierdie verborge sielskragte van die mens geopenbaar. Uit die onderbewuste van die sielelewe kom verborge verskynsels op. Dis geen sieklike afwyking van die senuweelewe nie, maar nog onverklaarbare sielskragte. Daar is egter ook magte wat van buitekant op die mens inwerk. Dit kan duistere magte of magte van lig wees wat, afgeskei van die mens, en op onsigbare, wonderbaarlike manier op die mens inwerk, ten kwade of ten goede. Daarom waarsku die apostel ons ook om die geeste te beproef of hulle uit God is of uit die Bose.

Die mens staan egter gedurig bloot aan hierdie inwerking en sekere mense veral is meer ontvanklik vir so 'n inwerking. Dat daar deur die Spiritisme geen kontak met die geeste van die afgestorwenes gevind word nie, sal ons later aantoon. Hier wil ons net sê dat vir die meeste spiritistiese verskynsels 'n natuurlike verklaring moontlik is. Dis ook die opvatting van Ed. von Hartman, dr. Geesink, dr. Schofield, e.a. So vind ons bv. by tafelgeklop nie die verskynsel van geeste nie, maar is die mens self die oorsaak daarvan. Die mediums bewerk dit, bewus of onbewus. Die een skryf dit toe aan psigiese krag, die ander weer aan die senuweekrag van die medium. So het Crawford 'n medium op 'n skaal geplaas en haar versoek om 'n tafel in die lug te laat hang. Hy het toe opgemerk dat die gewig van die medium met soveel gestyg het as wat die tafel weeg. Hieruit blyk tog baie duidelik dat die medium die oorsaak daarvan is. So kan ook deur onwillekeurige spierbewegings kloppe plaasvind. Sodra so 'n medium in die trance kom, kan hy deur telepatie die gedagtes lees, waardeur gedagtes oorgedra of meegedeel word sonder tussenkoms van geeste. Dit kan selfs gebeur met die gedagtes wat in die onderbewuste van die toehoorders skuil.

Die Spiritisme leer verder dat die geeste deur middel van sogenaamde "controls" mededeling aan die mediums doen. Die geeste besit nie almal die vermoë om hulle aan die mense te openbaar nie. Net sekere geeste, wat "controls" genoem word, kan dit doen. Hulle is dan die mondstukke van die geeste, net soos die mediums by die seance weer die mondstuk is van die toehoorders. Maar dis net 'n uitvlug. "Dit word gesê dat in elk geval die veronderstelde gees-control niks anders is as die medium se eie onderbewuste gees nie" (Meyers: *Human Personality*). Deur telepatie kan ons ook baie dinge verklaar waardeur die medium mededelings doen van wat sy vroeër nie geweet het nie.

Verder is daar nog die sogenaamde gesigsbedrog (hallusinasie) en illusie, waardeur voorwerpe anders gesien word as hulle is.

So kan ons die meeste spiritistiese verskynsels deur die verborge sielskragte van die

mens verklaar.

Daar is egter nog 'n ander spiritistiese verskynsel wat verklaar moet word, naamlik die geesverskynings. Die Spiritisme beweer dat die afgestorwe geeste in waarneembare gestalte selfs gefotografeer kan word. Hierdie sogenaamde verstoffeliking van die geeste vind egter nooit sonder 'n medium plaas nie. Dit blyk uit al die gevalle dat die medium die oorsaak hiervan is. Dis dan ook nie die gees wat verskyn nie, maar die medium wat die gees te voorskyn laat kom. In al hierdie gevalle het ons ook maar weer te doen met die verborge kragte wat in die mens skuil. Met so 'n verstoffeliking van die gees gee die medium self 'n deel van sy eie organiese materie af. Deur hierdie materie, wat **ektoplasma** ('n soort witagtige massa) genoem word, verskyn dan sigbaar die gees van die afgestorwene. Dit het egter aan die lig gekom dat 'n mens deur hierdie ektoplasma sintuiglik waarneembare gestaltes kan laat ontstaan. Sekere mediums besit hierdie ektoplasma in groot mate. Wanneer so 'n medium ektoplasma uitgee, verloor hy gewig wat hy egter weer ná die seance terugkry. Hier is dus ook weer niks anders nie as dat die medium homself in die gedaante van die afgestorwene openbaar. Deur middel van clairvoyance (heldersienendheid) en telepatie (gedagtetelegrafie) kan die medium die gedagtes en onderbewuste van die toehoorders lees en weet hy presies hoe om die "geeste" te laat opkom. Die sogenaamde fotografie van die geeste is behoorlik ondersoek en het geblyk niks anders te wees nie as kamera-bedrog of blote manifestasies van die medium self.

Ook in die Bybel word van so 'n spiritistiese seance verhaal. **Die geval van Saul en die towerheks van Endor**

(1 Sam. 28). Hieruit blyk weer baie duidelik dat dit nie die gees van Samuel was wat te voorskyn gekom het nie, maar die medium (towerheks) wat die gees te voorskyn geroep het. Saul sien Samuel dan ook nie (vs. 14); die vrou sien hom wel maar verkeer in die trance (vs. 12) en sy sien hom soos hy daar in sy lewe as 'n ou man in 'n profetemantel gehul, uitgesien het (vs. 14). Die skrik van die towerheks het dan ook sy oorsaak nie daarin dat sy teen haar verwagting in Samuel werklik sien nie, maar hierin dat sy toe sy Samuel sien in haar hipnotiese toestand direk Saul herken en hom gevrees het, omdat koning Saul bevel gegee het dat al die towenaars en towerhekse doodgemaak moes word. Nadat Saul onder die indruk gebring is dat die geestelike wese uit die onderaardse opgekrom het en Samuel self verskyn — vir wie Saul wel hoor maar nie sien nie — spreek hy nou uit en deur die vrou as medium tot Saul en kondig hom die oordeel aan. Dit is dus hier geen bouse gees in die gedaante van Samuel nie, maar die towerheks self. Deur clairvoyance het die vrou haarself in die persoon van Samuel verplaas. As clairvoyante kon sy die dood van die beangste Saul voorspel.

As ons hierdie verklaring nie aanneemlik vind nie, wat verhinder ons dan om aan te neem dat die Here deur middel van die vrou Saul se uiteinde bekend gemaak het. Om egter uit die geval van Saul en die towerheks van Endor te besluit dat die geeste van die afgestorwenes aan die mense op aarde kan verskyn, is heeltemal nie geregverdig nie. Daar is niks in 1 Sam. 28 wat bokant die bekende verskynsels wat deur 'n medium in die lewe geroep word, uitgaan en nie op dieselfde manier verklaar is nie. Dis ook net so onbewysbaar dat die Heilige Skrif die moontlikheid van die oproep en verskyning van die dooies aanneem. Daar het wel deur wonders van God opwekkings van dooies plaasgevind, en die Heilige Skrif erken die duiwelse kragte en inwerkings wat die menslike vermoë te bo gaan, maar nêrens leer die Bybel die moontlikheid of werklikheid van 'n dodeverskyning nie. In die geval van Moses en Elia op die berg van verheerliking het ons te doen met 'n spesiale wonder van God. Wat Saul en die towerheks van Endor gedoen het, was sonde en 'n gruwel voor God (Deut. 18).

Laat ons nou hoor wat hierdie "geeste" vir ons van die ander wêreld meedeel. Die geeste is gewoonlik baie onwillig — so word aan ons vertel — om hul aardse name bekend te maak. Die ondervraer moet raai wie hulle is. Wanneer dit 'n familielid is, blyk dit dat die gees baie weet van die aardse persoon vir wie hy homself uitgee, maar tog maak hy dikwels foute wat niemand van die toehoorders op daardie oomblik besef nie, maar eers

later as dit nagegaan word, uitgevind word.

Die wonderlikste dinge word ons deur die geeste vertel van die verskillende oorde of sferes waarin hulle bly en wat dan meestal net 'n beeld is van die aardse. So het Sir A. Conan Doyle deur middel van sy vrou aan sy moeder in goeie Engels 'n brief laat skrywe, terwyl sy self nie in haar lewe Engels geken het nie. Sir Conan Doyle het homself toe uit die moeilikheid gered deur te beweer dat die gees van sy moeder in die geestewêreld gou Engels sou geleer het!

Die Spiritiste erken dat dit onmoontlik is om te bewys dat 'n gees die persoon is wat hy voorgee te wees.

Die mededeling van die geeste is egter net so onbetroubaar as die mediums. So praat bv. die geeste van elke land weer anders en het hulle ook weer 'n ander insig in die vraagstukke. Op die seances is oor God die volgende gesê: dat Hy 'n Persoon is; dat Hy onpersoonlik is; dat Hy Almagtig is; dat Hy deur die natuurwette beheers word; dat God alles is; dat daar geen God is nie; dat ons gode is. Ons vind dus onder die geeste panteïste, ateïste en moderniste.

Die naam van Jesus is selfs uit die gesangboek van die Spiritisme weggelaat, want elkeen is volgens hulle sy eie verlosser. Hulle het gevolglik Jesus nie nodig as Verlosser nie. Christus word meestal deur hulle beskou as 'n goeie medium wat tot die sesde sfeer van heiligheid geklim het. Daarom het ds. Huet, was self vyf jaar Spiritis in Holland was, gesê dat hy in die Spiritisme sy Heiland kwyt raak.

Volgens die Spiritisme is die toestand van die afgestorwe geeste 'n eindelose ontwikkelingsproses. So vertel Raymond aan sy vader, Sir Oliver Lodge, dat hy sy lewensberoep oorkant voortsit. Hy woon selfs lesings by. Sigare en whisky is daar ook te vind, en ook dans ontbreek nie.

Die "geeste" sê verder dat die siel van die mens ewig is; dat sy bestaan begin by die ontvangenis, by die geboorte, by die volwasse leeftyd, in die ouderdom; dat almal onsterflik is; dat niemand ontsterflik is nie; dat die siel materieel is; dat die siel immaterieel is. Die geeste sou daar ook trou, maar nie voortplant nie; hulle sou ook by mekaar kinders hê, ja selfs by mense; dat hulle nie meer in die vlees lewe nie; dat hulle wel in die vlees lewe; dat alle geeste goed is; dat ander geeste weer sleg is. Die geeste wil ons leer dat daar geen hoog of laag is nie, geen goed of kwaad is nie; dat moord reg is, lieg reg is, slawerny reg is, owerspel reg is, ja dat alles reg is, wat reg is.

Uit dit alles blyk maar al te duidelik dat ons hier glad nie met geeste te doen het nie, maar dat hierdie mededeling slegs van die mediums self afkomstig is deur middel van telepatie, clairvoyance, hipnose, ens. Daarom tref ons so 'n weerspreking van mekaar aan en selfs sulke godslastering. En dan wil die Spiritisme hom voordoen as 'n godsdiens, terwyl dit nie eens weet wat dit moet bely nie. Maar die hele sogenaamde godsdiens van die Spiritisme is niks anders as 'n godsdiens van die Teosowe nie. Dis niks anders as 'n vergeestelike algodedom nie. Die hel bestaan nie en die bose geeste ontwikkel tot goeies sodat eintlik alle mense salig word. Dis gevolglik 'n eg-menslike godsdiens waarin die verlossing in Christus wegval en die selfverlossing van die geeste geleer word. Daarom skryf Stainton Moses ook dat hy sy eie verlosser is.

Maar genoeg. Uit die voorgaande blyk duidelik dat die Spiritisme die fundamentele beginsels van die Christendom verloën en daarom 'n baie groot gevaar vir die kerk van Christus is.

5. — Gevare.

Aan die beoefening van Spiritisme is daar dan ook baie groot gevare verbind. In baie gevalle is dit die oorsaak van kranksinnigheid. Die Spiritiste erken self dat senuweeuitputting 'n baie groot gevaar is vir 'n suksesvolle medium. Daarom skryf Rev. P. J. Carmigan in "*Truth*" van 1923 dat daar in Engeland alleen meer as 30,000 kranksinniges was weens Spiritisme. Verder wys hy daarop dat God **nie** deur so 'n

godslasterlike manier werk nie.

Wie dan ook by die Spiritisme aansluit, moet vroeër of later met sy kerk breek. Die Christen wat hom gaan inlaat met die Spiritisme, raak langamerhand sy geloof in die waarhede van Gods Woord kwyt; hy het immers 'n nuwe Bybel, naamlik wat die geeste hom leer. Die godheid van Christus, die persoonlikheid van die Heilige Gees word geloën, die sondeval ontken, die versoeningswerk van Christus verwerp. So 'n dwaalleer wat op mededelings van "geeste" berus, werk uiters nadelig op die siel van 'n Christen in en is 'n groot geestelike gevaar. Hoe baie het gevolglik nie al die geloof van hul vaders en moeders verloën deur Spiritisme nie!

Hierby kom nog verder die morele en maatskaplike gevare. Baie antwoorde van die geeste is uiters immoreel. omdat baie mediums op sedelike gebied laag staan. Selfs word beweer dat daar in Amerika geen leer verkondig is met sulke noodlottige sedelike en maatskaplike gevolge as die Spiritisme nie. Baie mediums is dronkaards en lewe openlik in ontug; ander weer het selfmoord gepleeg.

6. — Die Spiritisme en die Bybel.

Die Heilige Skrif as die openbaring van God aan die mens kan alleen die nodige lig werp op die vraagstukke van die ewigheid. Die dwalende gevoelens oor die tussenstaat, d.w.s. tussen die dood en die oordeelsdag, is meestal van heidense oorsprong; soos o.a. die vaevuur, sieleslaap, sielsverhuising en allerlei spiritistiese verskynsels van afgestorwe siele.

Die Spiritisme wil dan ook sonder die Bybel antwoord gee op die vraag of daar ná die dood nog kontak is tussen die afgeskeie siele en die mense op aarde. Die teenswoordige verskynsels van Spiritisme, Okkultisme, Teosofie, telepatie, magnetisme, hipnotisme, ens., word dan as bewys hiervan aangevoer en toon miskien ook vir ons aan dat daar in die sogenaamde "nagkant" van die menslike natuur, kragte verskuil lê wat 'n meer onmiddellike rapport kan bewerk met 'n bo-sienlike wêreld en in elk geval die geloof aan sodanige rapport, sonder die hipotese van opsetlike bedrog, genoegsaam kan verklaar. Die Bybel skyn aan sulke verskynsels nie alle realiteit te ontsê nie (vgl. Gen. 41:8; Ex. 7:11; Deut. 18:1-2; Matt. 7:22, 24; 2 Thess. 2:9; 2 Tim. 3:8; Openb. 13:13-15). Maar tog wil die Ou en Nuwe Testament beslis met al hierdie verskynsels niks te doen hê nie. Dit staan prinsipiëel daarteenoor. Die Bybel erken of duld dit nie, maar verbied dit ten strengste (vgl. Lev. 19:26, 31; 20:27; Num. 23:23; Deut. 18:10, 11; Hand. 8:9, 13:6, 16:16, 19:13; Gal. 5:20; Openb. 21:8, 22:15). So kom ook die profete en apostels ten strengste daarteen op om op dieselfde lyn met die heidense waarsêers en towenaars geplaas te word. Daar mag partymaal, soos bv. in die verskyninge aan die aartsvaders, ooreenstemming in vorm wees, maar tog is daar verskil in wese.

Van een feit is ons seker en dit is dat die Spiritisme 'n pad bewandel wat deur die Heilige Skrif verbied is (Deut. 18:11). Tussen hierdie wêreld en die wêreld van die afgestorwe siele bestaan 'n kloof wat die mens nie kan en mag oorbrug nie. En indien die mens dit wel beproef, verval hy in bygeloof en word 'n prooi van die geeste wat hy opgeroep het. Van die spiritistiese verskynsels kan party sielkundig verklaar word, maar van die orige is dit glad nie seker of hulle aan die werking van die afgestorwenes, van duiwelse geeste of van verborge natuurkragte toe te skrywe is nie. Laat die Christen dus die Openbaring van die Heilige Skrif los, dan laat hy daarmee ook die vaste grond van sy geloof vaar.

Reeds in die Ou Testament word ons gewaarsku teen die omgang met geeste: "En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene of 'n gees van waarsê is, dan moet hulle sekerlik doodgemaak word. Hulle moet gestenig word. Hul bloedskuld is op hulle" (Lev. 20:27).

En verder: "Daar mag niemand by jou gevind word — wat met waarsêery, goëlerie of met verklaring van voortekens of towery omgaan, of wat met beswering omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra, of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg" (Deut. 18:10-11).

Dit wil hier egter nie sê dat dit moontlik is om die dooies te raadpleeg nie, maar dit wys hier slegs op die verkeerde duiwelse praktyk, net soos die Spiritiste in werklikheid nie die kontak met die afgestorwenes verkry nie, maar hulle daarvoor uitgee. Wie dan ook die lewende God verlaat, begeef hom gewoonlik tot verleidende geeste en leringe van die duiwels (1 Tim. 4:1). As Saul sy God verlaat, neem hy sy toevlug na die towerheks van Endor. Daarom lees ons ook: "En Saul het gesterwe weens ontrou wat hy teen die Here begaan het, weens die Woord van die Here wat hy nie gehou het nie; en ook omdat hy die gees van 'n afgestorwene inligting gevra het; maar die Here nie geraadpleeg het nie" (1 Kron. 10:13-14). So skrywe ds. Wisse ook: "Wie na 'n spiritistiese seance gaan, is eerder op pad na die hel as na die hemel".

Dawid het seker van die geval van Saul te Endor geweet. En tog roep hy uit in verband met die dood van sy kindjie: "Maar nou is hy dood . . . Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkom nie" (2 Sam. 12:23).

En die profeet Jesaja waarsku sy volk: "En as hulle vir julle sê: "Raadpleeg die geeste van die afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel — moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? moet vir die lewende die dode gevra word?" (Jes. 8:19).

So waarsku die Ou Testament ons teen die Spiritisme. Maar ons word ook in die Nuwe Testament vermaan om vervul te wees met die Heilige Gees. As 'n mens met ander geeste vervul is, is jy bejammerenswaardig. Ons lees dan ook van baie gevalle van duiwelbesetenheid. Van 'n Maria Magdalena het selfs baie duiwels uitgegaan en in die besetene van Gadara het legio ingevaar.

Ons Bybel leer vir ons dat wie in die Here sterwe, salig met Christus is (Openb. 14:13).

Volgens die Heilige Skrif vind daar dus by die dood 'n skeiding van siel en liggaam plaas. Siel en liggaam is ook ná die dood twee elemente. Maar nêrens lees ons in die Bybel dat die geeste van die afgestorwenes nog op die aarde kan verskyn en gemeenskap met die lewendes kan hê nie. Selfs die versoek van die ryk man in die hel aan Abraham om Lasarus na sy broers op die aarde te stuur, word met hierdie woorde afgewys: "Hulle het Moses en die profete, laat hulle na die luister" (Luk. 16:29). "As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan" (Luk. 16:31). So lees ons ook in Jesaja: "Want Abraham weet van ons nie, en Israel ken ons nie" (Jes. 63:16).

In die laaste van die lae sal Satan egter optree as 'n "master-medium". Hy sal dan groot wondertekens doen (Openb. 13:13-15). Daarom mag ons die mag van die Bose nie onderskat nie. Hoe nader ons aan die end van die wêreld sal kom, des te meer sal Satan gebruik gaan maak van die verborge kragte in die mens. Die mens wat dan nie meer in die diens van God sal wil wees nie, sal in die diens van die Bose staan. Satan spits hom altyd meer en meer daarop toe om die mens van God af te rokkel. In die Spiritisme sien ons die armoede en ellendigheid van die mens wat gaan kennis soek buite Gods Woord. So soek die dooies die dooies om kennis te verkry en hulle verkry net leuens. God is nie 'n God van die dooies nie, maar van die lewendes (2 Joh. 7:11).

7. — Slot.

Tot watter slotsom moet ons nou kom? Niemand sal ontken dat daar wel 'n geheimsinnige gemeenskap te verkry is met vir ons onbekende verskynsels wat hulle voordoen as gedaantes of stemme van oor die graf nie. Die hele heidenwêreld is vol van dergelike gerugte. Die Heilige Skrif erken nie slegs dat dit so voorgewend word nie, maar gee eerder grond aan die denkbeeld dat daar wel deeglik bese duiwelskunste by so 'n poging op die spel is, waaraan volstrek nie alle werklikheid ontsê mag word nie. Maar dis die hoë en gewigtige betekenis van Gods Woord (Deut. 18) dat dit teenoor al hierdie heidense en in die grond niks anders as duiwelskunste, die openbaring van Christus Jesus stel. Baie duidelik word in Deut. 18 deur die Here erken dat by die gevalle mens 'n dors in die hart is om in die onsekere toekoms in te kyk en met die oog deur te dring agter die gordyn wat die ewige van ons oog onttrek. Hierdie verlange of heimwee tref

ons aan by Israel en die heidene. Maar terwyl die heidene vir hierdie natuurlike dors bevrediging gaan soek in duiwelskunste, word dit aan Israel streng verbied en daarteenoor op die groot Profeet gewys wat die Here vir sy volk sal verwek. Hoe mooi staan dit nie daar geskrywe nie. "'n Profeet onder jou uit, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister" (Deut. 18:15).

Toe eeue later by die heilige Doop van Jesus en met sy verheerliking die stem van God uit die hemel weerklink: "Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom!!", toe is hierin vir die Christendom nog sterker as vir Israel alle waarsêery en duiwelskunste verbied en is die volk van die Here onder die nuwe verbond nog streng as Israel aan Christus as die enige Profeet gebind.

Wie dus nou weer die duiwelskunste laat herlewe, moet goed bedink dat hulle hiermee die Here Jesus Christus direk verloën en doen wat vir die Here 'n gruwel is. In 'n klein aantal jare het die Spiritisme egter so toegeneem dat vandag seker tienkeer soveel Christene tot die Spiritisme afval as wat daar heidene tot die Christendom bekeer word. Hul aantal is die grootste in Amerika en Engeland, waar selfs etlike bedienaars van die Woord aan die spiritistiese rigting behoort wat hulle ook aan hierdie sonde verslaaf het, sodat onder die hoëre kringe in meer as een land die dweepsug met hierdie duiwelskunste hand oor hand toeneem.

Ons moet die gevaar van die Spiritisme nie geringskat nie. Hoewel baie van die seances bedrog is, tog is die verskynsels te algemeen om enkel en alleen uit goëry verklaar te word. In meer as een opsig moet ons aanneem dat dieselfde onheilige magte wat vroeër by die heidense volke ongewone werkinge te voorskyn geroep het, ook nou weer losbars oor die Christelike kerk, waardeur die Naam van die Here steeds meer en meer misken word, die siele mislei word — 'n mag wat daarop uit is om die Christenvolke steeds verder van Christus te vervreem.

Dis 'n gevaar wat des te meer dreig omdat die Satan hom ook hier voordoen as 'n engel van die lig. Dan word so vroom beweerd dat die Spiritisme die geloof versterk omdat dit die bewys lewer van die bestaan van 'n wêreld aan die oorkant van die graf. Dan hoor ons van manne wat glad nie meer geglo het nie, maar nou weer deur die Spiritisme baie dinge in die Heilige Skrif met hartlike instemming bevestig. Selfs word beweerd dat die Spiritisme 'n deur-God-gewerkte wonder sou wees om ons ongelowige geslag weer tot die geloof terug te bring. Dis egter niks anders nie as almal valstrikke waarin reeds so baie siele gevang is. Dis die ou lis van die towerheks van Endor wat ons hier aantref. Wie die vastigheid van Gods Woord verlaat, verkeer in hierdie opsig in groot gevaar. So 'n mens het geen grond onder sy voete en geen steunpunt nie en is nou gelukkig dat die geeste van die afgestorwenes vir hom die langgesoekte steunpunt kom aanbied. Maar wie nog op die grondslag van Gods Woord staan, aarsel nie vir 'n oomblik nie, want ook hierdie bose verskynsel is vir hom duidelik in die Woord van God geteken. Dis vir hom onomwonde aangesê dat al sulke werkinge, hoe mooi dit ook al mag skyn, uit die Bose is. God verfoei dit as iemand van sy volk hom daarmee inlaat. Al wat die heidene van hierdie besweringe en waarsêery verwag, moet die Christen soek by sy Heiland en God.

Laat elke kind van die Here dus op sy hoede wees. Nie in die terugkeer van ons dooies om aan ons te kom verskyn nie, maar in die verskyning van Christus nadat Hy gesterf het, lê vir ons die openbaring van onse God en verder moet ons die dinge aan die oorkant van die graf nie nuuskierig ondersoek nie, maar tevrede wees met wat Gods Woord ons daaromtrent leer.

Volgens die Bybel weet ons dat die ontslapenes wat in Christus gesterf het, ook in die tussenstaat waar hulle hul liggame mis, tog nog na hul siele wakker, bewus en salig is in hul God. Ons weet dat hulle gemeenskap met hul Saligmaker beoefen. Die Openbaring van Johannes gee vir ons alle grond vir die veronderstelling dat die afgestorwe gelowiges ook sekere gemeenskap onderling beoefen. Maar verder is ons niks meer geopenbaar nie. In hoever hulle kennis dra van wat in die kerk van die Here op aarde voorval, bly vir ons 'n geheim en wel 'n geheim waarvan die ontsluiting vir ons selfs geen waarde sou hê nie, omdat hulle tog die liggame mis en dus geen instrument besit om enige werking

op ons te laat uitgaan nie. Alle aardse bande wat enkel aards was en bly en nie in Christus geheilig is nie, val weg met die dood van die kinders van die Here. Wie in Christus sterwe, breek in sy afsterwe met alle aardse bande wat buitekant Christus lê. Dit bestaan in ewigheid nie meer nie. Die vraag aangaande die weersien ontvang hierdeur 'n eenaardige beligting. Hulle egter wat die vraag stel, sondig die meeste deurdat hulle te aards van die hemel dink en hulle nie rekenskap gee van die feit hoe vir die geluksaligdes oorkant die graf geen ander gemeenskap as in Christus Jesus kan wees nie. Daar is in die hemel geen geslag, geen huwelik nie, maar hulle is soos die engele van God in die hemel.

Beperk ons nou die vraag tot die bande wat in Christus geheilig is, dan moet hier nog onderskeid gemaak word tussen die staat van die afgeskeie siele tot aan die wederopstanding en die staat van die verheerliktes ná die wederopstanding uit die dode. Vir sover elke weersien die gemeenskap met die persone in die liggaam veronderstel, kan daar dus van weersien nie sprake wees nie, voordat die dooies uit die graftes opgestaan het. Dan eers sal daar volle weersien en herkenning plaasvind. Maar dan 'n weersien van nie alleen die trouste en beste vriende wat ons in Christus op aarde besit het nie, maar ook van al Gods kinders; ook van hulle met wie ons op aarde slegs 'n swak gemeenskap beoefen het. In die tussenstaat daarenteë wat verloop van ons sterwe tot aan die wederkoms van die Here, vind 'n werklike weersien nie plaas nie, en kan alleen 'n innerlike sielsgemeenskap van die heiliges, net soos die engele gemeenskap met mekaar het. Uit die woorde van Jesus: "Hulle is soos engele van God in die hemel", mag ons aflei dat 'n soortgelyke gemeenskap en gemeenskaplike werksaamheid ook vir die siele van die afgestorwenes in die tussenstaat moontlik sal wees.

Die hoofsaak bly egter dat ons by al ons oordenkinge van die staat ná die dood, God die Here tot middelpunt van ons gedagtes kies en alle aardse bespiegeling laat vaar. Om Hom en sy heerlijkheid moet dit vir ons te doen wees. Tot aan die wederopstanding van die dode sal daar 'n enkel geestelike bestaan wees, 'n enkel geestelike genieting, 'n enkel geestelike werksaamheid en juis hiermee samehangend ook 'n enkel geestelike gemeenskap. Vir die een sal die tye eeue lank wees, vir die ander van korte duur, al na gelang die dag van die sterwe plaasgevind het. Maar vir ons besef sal die verskil wegval, net soos ons by ontwaking ons nouliks rekenskap kan gee hoelank ons geslaap het en eers op die oorlosie moet kyk hoe laat dit is. Slegs 'n drukkende herinnering van lange tydskuur het die kinders van God aan die oorkant van die graf in sover hulle sug en verlang na die wederkoms van die Here en die openbaring van sy heerlijkheid. Met die oog hierop roep hulle dan ook uit: "Hoelank!" en word vir hulle gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moet wag — totdat eenmaal die ewige môre aanbreek en ook oor hul graf die glorie van die Seun van die mens opgaan.

VRYMESSELARY.

(Dr. S. P. VAN DER WALT.)

U mag miskien vreemd opkyk om onder hedendaagse sektes ook die naam "Vrymesselary" te sien. Dit geskied egter nie by vergissing nie, want Vrymesselary is 'n godsdienstige sekte wat die kerk binnedring en eie godsdienstige stellings verkondig. Ons wil dit kortliks hier met u bespreek.

Inleiding.

Die naam "Vrymesselary" laat oombliklik dink aan die messelary as vak, met die woord "vry-" as voorvoegsel. Inderdaad het hierdie genootskap sy oorsprong by die messelaarsvak. Dit blyk uit sy simbole, waarvan almal ontleen is aan hierdie ambag, en waarvan ons in hierdie opstel 'n groep uiteen sal sit.

Vrymesselary het egter vandag niks meer met handewerk te doen nie, maar is 'n sogenaamde bespiegelende of etiese organisasie. Dit is 'n uitgesproke godsdienstige organisasie waarin manne met enige stand of beroep, enige godsdienst of taal, enige kleur opgeneem word. Die voorvoegsel "vry-" stel hierdie vereniging oop vir almal. Sy vryheid gee ruimte van beweging; dit gee opening vir enige rigting, selfs die mees uiteenlopende, om daarin opgeneem te word. Dit vermy alle beginselverskille en wil 'n ware spelonk van Adullam wees, waarin 'n veelgodedom gehuldig word. Die Mohammedaan en Jood, Christen en heiden, die Ooste en die Weste word hier saamverbind in 'n kleurlose vereniging wat hoofsaaklik vir selfbehoud, selfondersteuning opgerig word, en in die geheim altyd werksaam is om hierdie ideaal te verwesenlik.

So sê die kategismus van die "Blue Lodge": "We are not operative, but free and accepted or speculative masons." Al die werktuie van die messelaar word sedelike simbole vir die vrymesselaar. Die winkelhaak wat gebruik word om reguit lyne en hoeke te trek, is bv. vir die vrymesselaar die simbool van 'n eerlike en reguit lewenswyse. Die passer wat 'n suiwer sirkel trek, is die simbool om 'n sirkel van welwillendheid rondom die hele mensheid te trek.

Die Vrymesselary moet dus die mees etiese en die mees religieuse instelling wees. Pas nou die naam toe op die lewe, en wat vind u? Die messelaar is 'n vakman wat die steen reg lê en die muur waterpas optrek. Die gebou word 'n sieraad onder sy bekwame werkmanskap. En hieruit volg ook die taak van die vrymesselaar: hy moet homself en sy medemens geestelik vorm. 'n Geestelike struktuur moet hy optrek — deur eie vernuf, eie geregtigheid en eie optrede. 'n Nuwe orde moet op die aarde by die mense geskep word; alle seksionalisme moet uitgeskakel word; alle groepe moet oorbrug word. Wrywing en stryd, beginselverskille en diepe sielsoortuigings moet verdwyn. Sonde moet oorwin word. Dit alles deur: Vrymesselary as skone kuns. "Bou jouself" is die kreet. Fatsoeneer jou eie lewe volgens die bouplan van die vrymesselary en help mee om die maatskappy te fatsoeneer, totdat die hele sondige maatskappy wederbaar is tot 'n sondelose, pragtige struktuur — soos die mooi kunstige bouwerke.

Om dit te kan doen, moet die Vrymesselary 'n etiese en godsdienstige sienswyse daarop nahou, en die moet so beginselloos wees dat dit die nodige beweegruimte laat vir Jood en Griek, Mohammedaan en Boeddhis, Christen en heiden. Vandaar dan ook dat die Christus, die groot struikelblok vir die wat nie in Hom glo nie, opsy geskouer word. Daarom word die Christus nie bely nie en sy versoeningswerk nie erken nie. Die wederbaring mag nie geskied deur die kruis en versoeningsbloed van die Middelaar nie, maar op menslike, verstandelike, Vrymesselaarswyse. Die Naam van Christus word wel dikwels genoem, maar dan as mede-vrymesselaar. Was Hy dan nie die timmermans-seun van Nasaret nie?

Vandaar dat die Vrymesselary in openlike verset teen die Christus te staan kom. Hier staan die mens teenoor God, die menslike raad teenoor Gods Raad. die menslike bouwerk teenoor die goddelike heilswerk.

Ons taak sal eers wees om hierdie sake te bewys en die bewys is nie geneem uit ons eie denkbeeldige kennis van die Vrymesselary, soos wat deur hulle altyd beweeword nie, maar wel op grond van hul eie geskryfte en hulle eie blou kategismus. Met hierdie blou kategismus word alle nuwelinginge ingelei in die kennis van die Vrymesselary en dit word in alle losies gebruik. Dit is die bekende "Blue Lodge" wat bestaan in drie grade: die "Entered Apprentice" (E.A.), die "Fellow Craft" (F.C.) en die "Master Mason" (M.M.). Hierdie grade is die basis waarop die hele Vrymesselaarsgebou rus en is in rangorde van laer na hoër.

Ons kan dus die Vrymesselary nie verkeerd beoordeel as ons as uitgangspunt neem die "Blue Lodge", waarop die res gegrondves is nie. En daarvoor besit ons betroubare informasie, offisiële stukke wat nie weerlê kan word nie. Al is die stukke nie voluit geskrywe nie, sodat net 'n gedeelte van die letters van sommige woorde daar staan, tog kan hulle gelees word met 'n weinig hulp en voorligting. Hierdie voorligting is gegee deur 'n persoon wat self 'n Vrymesselaar was en toe die beweging op grond van Christelike, Calvinistiese beginsels vaarwel gesê het. Dit loënstraf tegelykertyd die bewering dat lidmaatskap van die Vrymesselary nie opgesê kan word nie.

Ons wil nou agtereenvolgens nagaan :—

- I. Die geskiedenis van Vrymesselary, soos deur hulself vertel.
- II. Sy tipiek en simboliek, waardeur dit 'n etiese en religieuse vereniging wil wees om die mensheid te hervorm en te wederbaar.
- III. Sy leer oor God, die Heilige Skrif en die Godsdienst.
- IV. Slotsom.

I. Die geskiedenis van Vrymesselary

Wat die geskiedenis van die Vrymesselary betref, wil hulself teruggaan na die deinsige verlede om so te kenne te gee dat dit kan roem op 'n eeue-oue instelling. By die intreding tot die Losie vertel die Meester aan die persoon dat die Vrymesselary ouer as die "Golden Fleece" van die bekende legende uit die Odusseus-tydperk en ouer as die Romeinse arend uit die tydperk van die Romeinse Caesar-tydperk is. Die gebruike en gewoontes kom ooreen met die oud-Egiptiese. Daardie ou filosowe wou nie hulle geheime aan die gewone massa bekendstel nie en het dit geheim gehou deur hiërogliewe te gebruik en tekens of simbole. Hierdie tekens of simbole was alleen bekend by 'n sekere ingewyde groep, gewoonlik priesters of magi wat onder eed gestaan het om dit nooit te openbaar nie.

Verskeie geskiedskrywers van die Vrymesselary wil egter nog verder terug. Daar word beweeword dat Salomo die eerste stigter was en Oliver spreek selfs van die bestaan van die Vrymesselary voor die skepping van die wêreld. Hierdie laaste wil daarmee te kenne gee dat die heelal op Vrymesselaarswyse tot stand gekom het. Want aan die E.A. (eerste graad) word vertel dat die losie op drie sterk pilare rus: wysheid, krag en skoonheid. Wysheid: om te beplan; Krag: om te steun en Skoonheid: om te verfraai. Die heelal is die tempel van die God wat die Vrymesselaars dien. Wysheid, krag en skoonheid is rondom Gods troon as pilare van sy werke. Die drie groot pilare wat 'n Vrymesselaarslosie stut is simbole van daardie goddelike eienskappe.

Lei nou hieruit af wat u wil, maar u kom tot die konklusie dat God volgens die Vrymesselaarsplan die heelal geskep het. Ons vra die vraag: Sou hiermee beweeword dat God bekend was met die Vrymesselaarsplan en dit 'n volmaakte plan geag het? Of sou hiermee beweeword dat God ook Vrymesselaar is?

Dat so 'n mening nie van alle grond ontbloot is nie, blyk duidelik hieruit dat die Vrymesselary die hemel noem die "Grand Lodge" en God die "Grand Architect of the Universe". Uit hierdie Vrymesselaarsbenaminge blyk duidelik dat nie teruggedeins word vir heiligskenis nie. Sulke name vind ons nergens elders en word nie deur die Heilige Skrif aan die hand gedoen nie.

Van hierdie dinge maak die Vrymesselary gebruik om die geskiedenis van die organisasie so ver moontlik terug te skuif na die verre verlede. Dit word gedoen met die een oogmerk, om van die deinsige verlede gebruik te maak om so 'n waas van geheimsinnigheid daarom heen te weef en sodoende die nuuskierigheid te prikkel. Daarmee word gelok tot toetrede om sy getalle te vergroot en sy inkomste te vermeerder.

Die werklike Vrymesselaarsgeskiedenis is tog te prosaïes in vergelyking met hierdie oudheidsrelaas. Dit het tog maar ontstaan uit manne van die messelaarsvak wat altyd saamgewerk, in dieselfde omgewing gewoon het en hulle eie belange wou behartig deur 'n eie organisasie. Dit het min of meer toe gegaan soos met ons huidige organisasies. Vroeër was aan sulke ambagte ook iets spesiaals verbind. Die haarkappers bv. hang nog vandag 'n kleurryke bord uit, wat vroeër 'n simbool was. Sulke barbierswinkels was plekke waar die publiek, terwyl hulle wag, die politieke vraagstukke van die land bespreek het. Hulle was dus, benewens haarkapperswinkels, ook parlamentshuise in die klein.

Die messelaar is die man van die daad; om hom is iets geheimsinnigs. Hy lyk ru en vuil—en tog is hy 'n kunstenaar. Om hierdie skone kuns te beskerm en eerlikheid aan te kweek, het messelaars 'n gilde gevorm. Hieruit is die losie gebore.

Wat jaartalle betref, eers in 1717 word die stigting van die Vrymesselary te Londen vermeld. Hier is dit nou nie 'n vakbond nie, maar word dit 'n oop vereniging met messelaarsimbole.

Om skriftuurlike gronde aan te voer, is uit die lug gegryp. Om Salomo as eerste Vrymesselaar te noem, is verdigting. Dit kan nie bewys word nie. 'n Mens sou netsowel kan beweer dat Salomo die eerste "Boy Scout" was en die Koningin van Sheba die eerste "Girl Guide."

II. Sy tipiek en simboliek

Oor die tipiek en simboliek van die Vrymesselary val veelmeer te sê. Elke graad het sy eie simbole en almal is ontleen aan die bouwak. Almal het 'n etiese strekking en dui aan hoe ons moet handel. Ons gee hier die simbole van die eerste drie grade en maak nie aanspraak op volledigheid nie.

Vir die eerste graad (E.A.) is daar die 24-duim meetstok, die hamer en die beitel. Die 24-duim meetstok herinner ons aan die 24 ure van die dag en die 24 ure moet ons gebruik vir die regte doeleindes, nl. gebed, arbeid, verfrissing en slaap. Die hamer se sedelike strekking is: vaardigheid sonder inspanning baat nie. Die beitel leer dat aanhouer wen. Soos die beitel die ruwe en harde materiaal ná aanhoudende arbeid verfraai, so moet ons deur volharding die gewoonte van deug, verstand en reinheid van siel kweek. Uit die drietal leer ons die les: kennis gegrond op akkuraatheid. gesteun deur arbeid en aangevuur deur volharding, sal alle moeilikhede oorwin, alle onkunde verwyder van sy natuurlike duisterheid en sal vreugde op die lewensweg bring.

Vir die tweede graad (F.C.) is die simbole: die winkelhaak, die waterpas en die skietlood. Die winkelhaak leer ons om ons handelinge te reguleer en ons gedrag te harmonieer met die beginsels van deug en sedelikheid. Die waterpas toon ons dat ons van dieselfde stam is en dieselfde natuur het. Ons het almal ook dieselfde hoop. En al is daar op aarde meester bo meester, tog mag ons nooit vergeet dat die dood ons almal gelyk sal maak nie en al wat dan sal bly is: deug en goedheid. Die skietlood waarsku ons om altyd opreg te wees en ons vooroordele en emosies altyd te laat aanpas by die eise van ons pligte. Dus: Die winkelhaak leer sedelikheid, die waterpas gelykheid en die skietlood opregtheid.

Vir die derde graad is daar ook drie simbole: die "skirret", potlood en passer. Eersgenoemde dui aan daardie reguit handelwyse wat die Vrymesselaar moet nacom, soos dit op sy wapen neergelê is. Die wapen van die Vrymesselaar word genoem die V.S.L. en bestaan uit die winkelhaak met die passer bo-op. Die betekenis van hierdie

twee simbole het ons reeds hierbo uiteengesit. Die potlood waarsku dat ons woorde en dade opgeteken word deur God, aan wie ons verantwoording sal moet gee. Die passer herinner ons aan Gods onpartydige regverdigheid.

Hierdie simboliek kan ons uitbrei en vertienvoudig. Want alles rus op simbole: die vorm van die losie, die meublement, die ornamente en juwele. Ons noem dit nie alles nie, omdat uit die genoemdes alreeds duidelik blyk dat alles 'n sekere betekenis het en die vrymesselaar moet herinner aan sy vrymesselaarspligte.

Wat die losie self betref, nog 'n paar woorde. Die losie loop van Oos na Wes en is langwerpig. As daar vergadering gehou word, staan die Meester of Voorsitter in die Ooste, omdat die son daar opkom wat die aarde met sy lig verlig. Verder vind ons 'n hele aantal ampsdraers wat herinner aan die kerklike ampte. Daar is die regterhand van die "Worshipful Master" die penningmeester en aan sy linkerhand die sekretaris. Voor aan sy regterhand staan die senior "Deacon". In die Suidekant staan die junior "Warden" en in die Weste die senior "Warden". Die junior "Deacon" staan in die Suid-Weste van die losie. In die middel staan 'n altaar met 'n oop Bybel daarop en bo-op die Bybel die winkelhaak en passer, terwyl rondom heen drie kerse brand. Buitekant die deur staan die poortwagter wat die deur gesluit hou en alleen op Vrymesselaarsteken toegang verleen.

Ons woon nou 'n Vrymesselaarsamekoms by en wat sien ons? Die Vrymesselaarsteken word deur elkeen gegee en die deur gaan oop. Binnegekom neem elkeen sy plek in en voordat die verrigtinge aanvang, word nogeens ondersoek of dit almal Vrymesselaars is wat daar teenwoordig is.

In 'n ander vertrek word iemand voorberei om ingelyf te word in die eerste graad. Hy word ontklee tot op die noodsaaklikste klere; 'n ou broek word hom aangetrek en die linkerbroekspyp opgerol tot bokant die knie, terwyl sy linkerarm en bors ontbloot word. 'n Tou word om sy nek geplaas. By inlywing in die tweede graad word die regterbeen en die regterarm en bors ontbloot, terwyl die tou twee keer rondom sy regterskouer gedraai word. In die derde graad word altwee bene en die hele bolyf ontbloot en die tou drie keer om die middel gedraai.

Die junior "Deacon" gaan uit om hom in te bring en klop aan die deur. Die senior "Deacon" gaan om te verneem wat daar is. Die antwoord is : Mnr. X wat nog altyd in die donker was en nou vra om in die lig gebring te word.

As hy inkom staan hy voor de senior "Deacon" wat met 'n skerp passerpunt op sy bors druk om hom te herinner dat niks wat hy sien of hoor ooit buite vertel mag word nie.

Nou volg die volgende stappe: die kandidaat wat ontvang is, word beveel om neer te kniel, sodat vir hom gebid kan word. Hy is nog steeds geblinddoek, want so het hy ingekom, met die strop om sy nek. Die Meester bid vir hom en aanbid God as die Groot Argitek van die heelal. Merkwaardig dat Christus se Naam nie genoem word nie. Daarna stap die Meester na die kandidaat toe en vra hom: op wie vertrou jy? Hy moet dus eers belydenis doen. Sal hy nou die Christus bely? Nee, dis nie toegelaat nie! Indien hy sou sê dat hy op God vertrou deur Jesus Christus, word die vraag maar weer herhaal. Sy antwoord moet wees: op God, die algemene Godheid, waarmee die Jood, die Mohammedaan en enigeen kan saamstem.

Hierna word die kandidaat opgerig en oorgelaat aan die senior "Deacon" om hom te begelei. Hy moet nou op 'n pelgrimstog gaan, rondom die losie. Hy is ingelei deur die deur wat in die Weste staan. Hy het neergekniel in die Noorde. Van die Noorde word hy nou gelei na die Ooste, waar die Meester staan, om na die Suide en die Weste en dan weer terug na die Ooste. Voor elkeen van die ampsdraers wat in die Ooste, Suide en Weste staan, doen hy telkens weer dieselfde belydenis.

Die simboliek is hier duidelik. Die son gaan in die Weste onder. Die kandidaat het gesê dat hy lig soek. Hy kom daarom van sononder se kant af. In die middel van die losie is die son op sy hoogste en in die Ooste kom dit op. Daarom eindig sy pelgrimstog voor die

Meester in die Ooste. Vandaar kom die lig van die Vrymesselary.

In die tweede graad word die kandidaat tweekeer om die losie gelei en in die derde graad geskied dit driekeer.

Nou kom die volgende seremonie: die van inswering. Voor die altaar met die oop Bybel moet hy op 'n sekere manier neerkniel, met sy linkerhand onder die Bybel en die regterhand op die winkelhaak en passer. Hy is nog steeds geblinddoek met die tou om sy nek. Hy word gewaarsku dat daar geen kans is om te ontvlug nie, daar hy opgehang en ook met 'n swaard deurboor kan word. Die eed word hom voorgelees wat hy moet nasê en daarna volg 'n kort gebed.

Hierdie eed is so gruwelik — en word by hoër grade al gruweliker — dat enige Christen daar 'n afsku van het. Ons gee 'n paar van die ede hier weer om hulle in hul gruwelike karakter bekend te stel.

Die eed van die eerste graad lui: dat al die geheime wat aan hom geopenbaar sal word deur hom verberg sal word, nie vertel, geskryf of hoe ook al bekend gestel sal word nie, dat hy nie deel sal hê aan die inlywing van kreupeles, siekes, ens. as vrymesselaars nie, dat hy die reëls sal eerbiedig. "To all these points I solemnly swear fidelity, without evasion, equivocation or any mental reservation in me whatsoever, coming under no less a penalty than the ancient one of having my throat cut from ear to ear, my tongue torn out by the roots and buried in the rough sands of the sea, at low water mark where the tide ebbs and flows twice in twenty-four hours, should I in the least knowingly or wittingly violate or transgress this my Entered Apprentice obligation. So help me God and keep me steadfast." (Vertaling: Ek sweer plegtig trou aan al hierdie sake, sonder enige uitvlug of enige voorbehoud in my binneste, en roep die straf in, die ou straf, wat niks minder is as dat my keel van oor tot oor afgesny, my tong tot aan die wortels uitgeskeur en begrawe word in die sand van die see in die laagwater. waar die water tweekeer in 24 uur eb en vloei, as ek in die minste willens of wetens dit sou verbreek of hierdie eerste eed van my sou oortree. Mag God my daartoe help en my standvastig bewaar.)

Die eed van die tweede graad lui omtrent dieselfde as die eerste, net die straf wat ingeroep word verskil. Dit lui: "...binding myself under no less penalty than that of having my left breast torn open, my heart plucked from thence and given to the beasts of the field and the birds of the air as a prey" (Vertaling: Ek ag my gebonde, met geen mindere straf as hierdie: dat my linkerbors oopgeskeur word en my hart uitgepluk word en aan die wilde diere gegee word en aan die roofvoëls as roof.")

Die eed van die derde graad lui: "...binding myself under no less penalty than that of having my body severed in twain, my bowels torn from thence and burned to ashes and these scattered to the four winds of heaven, that no more remembrance might be had among men or masons of so vile a wretch as I should be." (Vertaling: ek bind my met geen mindere straf as hierdie: my liggaam sal in twee gesny word en my ingewande uitgeskeur en verbrand word tot as en gestrooi na die vier winde van die hemel, sodat geen herinnering tussen mense of vrymesselaars mag wees nie, van 'n ellendige skurk soos ek sou wees nie.")

Ons kan nog meer van hierdie gruwelike ede gee om aan te toon dat ons hier te doen het met goddelose daade en heidense gebruike. Hoe hoër die grade gaan, des te gruweliker word die ede. Ook die uitsonderings word minder totdat die vrymesselaar beloof om sy mede-vrymesselaar in alle omstandighede te beskerm. Hoe kan so iets binne 'n staat toegelaat word?

Indien hierdie gevalle voor vrymesselaars gelê word, dan verkry ons die antwoord dat dit maar 'n aloue gebruik en 'n ou vorm is, maar dit het geen waarde nie. Maar is ons in die aflê van 'n eed dan so ligsinnig, dat ons Gods hulp inroep, selfs om die ou vorm? Is die eed dan 'n blote formaliteit? Kan die Christen vrymoedigheid hê om van die Naam van sy God 'n blote formaliteit te maak?

En het u verder opgelet dat die eed afgeneem word nog voordat die kandidaat weet wat van hom verwag word? Hy is nog altyd geblinddoek. Hy weet nog niks waarvoor hy moet sweer nie. Hy moet sweer om iets nie te vertel nie, maar wat dit is, weet hy nie. Hy moet nie net altyd die waarheid vertel nie, maar soms word van hom verwag om sy mede-vrymesselaar te beskerm selfs as hy dinge doen wat teen die Wet van God indruis. Kan met vrymoedigheid so gesweer word? Dit is, om die minste te sê, godslasterlik.

Ons gaan egter voort na die volgende seremonie, die vierde. Nog knielende voor die altaar en die oop Bybel, nader die Meester die kandidaat en vra: wat begeer jy die meeste? Die antwoord is: lig. Die Meester kwoteer uit Gods Woord waar God die Skeppingswoord gespreek het: "Laat daar lig wees!" Onmiddellik word die blinddoek van sy oë weggetrek en die saal se ligte aangeslaan. Die vrymesselaars stamp op die grond en gee die skyn asof hierdie lig nou geformeer is.

Verder word aan die kandidaat meegedeel dat dit slegs die materiële lig is, maar vrymesselary het ander ligte. Daar is drie grotes en twee klein ligte. Die drie groot ligte is die Bybel, die winkelhaak en die passer. Die drie groot ligte sou egter in die duisternis bly — want die hele kamer is donker — was dit nie vir die kleinere ligte, wat hier verteenwoordig is deur die drie brandende kerse. Hulle stel voor die son, die maan en die Meester van die losie.

Nou volg die volgende seremonie: die van toekenning van die geheime kentekens. Die Meester gee die handdruk en die wagwoord van die graad.

Hierop volg die laaste seremonie: die van oorhandiging van die leervoorskoot wat alle vrymesselaars moet dra in vergadering en wat by elke graad verskillend is.

Wanneer die Meestersgraad nou behaal is, word die kandidaat as vrymesselaar geag. Die twee voorafgaande grade is inleidend. In die messelaarsambag sou hulle wees: die van ingeboekte leerlinge, die van halfgeskoolde werksman, en dan die geskoolde messelaar.

Uit hierdie simboliek en tipiek, wat hier nog gladnie ten volle weergee is nie (want elke graad het nog sy eie implemente as sedelike simbole en die losie het nog sy meublement en juwele ens.) wil ons die volgende aflei betreffende:—

III. Die leer oor God, Gods Woord en die godsdiens.

Hierdie drie sake is so nou aan mekaar verbind dat hulle saam behandel moet word. Almal weet dat God, Gods openbaring en die diens van God met mekaar verband hou.

Dit laat dan ook telkens duidelik uitkom wie God vir ons is. Wat neem ons aan as Gods openbaring: die natuur? of die gewete van die mens? of Gods Woord? Watter een van hierdie genoemde drie ons verkies, sal al dadelik sê watter Godsbegrip ons huldig. Dit sal wees 'n natuurgod, 'n vermenslikte ervaringsgod of die ware God.

Ondersoek ons die vrymesselary aangaande sy Godsbegrip dan kom ons tot die verbasende resultaat dat dit 'n God erken, maar die God is nie die God van die Skrifte nie. Hoe kan dit ook anders, waar aan hierdie heidense altaar saam met mekaar Boeddhis, Mohammedaan, heiden, Jood, Christen (selfs predikante), panteïs, deïs, ateïs aanbid. Watter soort godheid moet nou hier aanbid word? Geen wonder dat die Naam van hierdie God in die algemeen aangedui word as: "Grand Architect of the universe." Geen wonder dat 'n drie-enige God nie aanbid kan word nie en dat nooit gehoor word van Vader, Seun en H. Gees nie. So iets is tog onbekend by die Jood, Mohammedaan en heiden. Geen wonder dat die Naam van Jesus Christus moedswillig uitgelaat word, selfs op plekke waar skriftekste gebruik word, waarin sy Naam wel voorkom. Ons verwys in hierdie verband na Skrifgedeeltes soos die volgende: by die opening van die vergadering moet 2 Thess. 3:6-17 gelees word. Maar in die Vrymesselaars-boek staan: "Ons beveel julle, broeders, dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel . . ." terwyl in die Skrif staan: "Ons beveel julle, broeders, in die naam van onse Here Jesus Christus...". Ook in vs. 12 van dieselfde gedeelte word die Naam van Jesus Christus uitgelaat. Dieselfde gebeur by 'n ander Skrifgedeelte wat gewoonlik voorgelees word.

nl.: 1 Petrus 2:1-17. In die vyfde vers lees ons: "en laat julle ook soos lewende stene opbou, soos 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus". Die Vrymesselaars hou op by "welgevallig is", en skakel die woorde "deur Jesus Christus" uit.

Maar verder: nie alleen word die drie-enige God van die Skrifte op hierdie wyse geloën nie, maar dit is tog duidelik dat 'n pantheon ingevoer word, 'n algodendom. Nie een van die ander gode mag uitgeskakel word nie en die Christen is verplig om afgode saam met sy mede-vrymesselaarbroers te aanbid. Wie voor die vrymesselaar se altaar neerkniel, kan tog nie daar die God van sy belydenis aanbid nie, want hy is hier één met alle belydenisse, één met belyders van Mohammed ens. Hierteen waarsku die apostel Paulus in 2 Kor. 6:14-18: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Belial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle ai, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."

Maar voorts: hierdie algemene Naam vir God "Grand Architect of the universe" (Groot Argitek van die heelal) is nie so onskuldig as wat dit miskien skyn nie. Hier word God geloën as Skepper, as Onderhouer, as Verbondsgod, as Vader. Die argitek beplan slegs die bouwerk, en die uitvoering word oorgelaat aan die boumeester. As God nou net die heelal beplan het en as sodanig aanbid moet word, dan word hiermee ook die God van die Christendom geloën. Die Godsbegrip is wat ons noem deïsties. Die Deïsme sê egter iets meer. Dit beweer dat God alles geskape het en toe Homself teruggetrek het, terwyl die aarde nou verloop volgens die ingeskape wette van die Here. Maar hier het ons 'n Deïsme wat selfs die skeppingsdaad van God loën. God het slegs beplan. Wie moet dan nou die werk uitvoer?

Hierop antwoord die Vrymesselary onomwonde: dit is die taak van die Vrymesselary. Dit wil ek nou bewys.

Net soos die **boumeester** die plan van die argitek neem en daarvolgens die gebou voltooi, so neem die Meester in die Vrymesselary Gods plan en elke vrymesselaar word opgeroep om uitvoering te gee aan hierdie bouplan. Die Meester van die Vrymesselary en dus die Vrymesselary as sodanig is dus die skeppers. Hulle moet messel aan die gebou van die heelal, aan die sedelike gebou van die mensheid. Daarom word telkens 1 Petrus 2 voorgelees. Maar net: dit geskied nie deur Jesus Christus en die werking van die H. Gees nie, maar op Vrymesselaarswyse. Die Vrymesselary gebruik daarvoor die beeld van die bouwerk aan koning Salomo se tempel. Die drie hooffigure hier was, volgens hulle: Salomo, Hiram, koning van Tirus, en Hiram Abiff, die argitek van die tempel. Die Vrymesselary neem ook hierdie drie persone aan as die drie hooffigure in die Vrymesselary. Hulle simboliseer die drie hoofdeugde: wysheid, krag en skoonheid.

Maar nou eers die Vrymesselaarstorie om te verstaan hoe hierdie rigting homself in die plek van God stel.

By die bou van Salomo se tempel — so vertel hulle — was daar 'n sameswering van 15 tweedegraadsvrymesselaars (F.C.) teen Hiram Abiff, die argitek. Hulle wou die Meestersgraad se geheim te wete kom, en dit besit die argitek alleen. Uiteindelik het 12 van hulle uitgedraai, maar drie van hulle was beslis om die meestersgeheim te wete te kom. Op 'n gegewe oomblik het hulle Hiram Abiff vermoor, hom eers weggesteek onder die puin van die gebou en later begrawe.

Nou volg 'n soektog na die dooie liggaam van Hiram Abiff. Uiteindelik word dit gevind onder 'n akasiaboom. Die liggaam is hiervandaan verwyder en so na aan die Allerheiligste van die tempel begrawe as wat die Israelitiese wet dit toelaat.

Met die dood van Hiram Abiff was die Meestersgraad se geheime woord ook verlore. Daarom, so lui die storie verder, het Salomo opdrag gegee dat die liggaam van Hiram Abiff naarstiglik deursoek moet word vir die geheime woord. Hulle kon dit egter nie vind nie, en het maar tydelik een aangeneem totdat die woord weer eendag gevind word.

By die toetrede tot die Meestersgraad word dan 'n interessante seremonie afgespeel in verband met die dood van Hiram Abiff. Die kandidaat stel die oorlede Hiram voor; die ander vrymesselaars gaan soek na die dooie liggaam, vind dit en veins selfs dat hulle vir hom bid. Middelerwyl word die kandidaat in 'n doodskis gelê of in doodsklere toegebind. Dan tree die Meester toe en met 'n greep wat genoem word "lions paw," word die persoon opgerig en die Meester gee die vyf punte van kameraadskap oor aan die kandidaat. Hulle is: hand in hand, voet teen voet, knie teen knie, bors teen bors en die mond teen die oor. Die woord van die meestervrymesselaars mag immers nie hardop gespreek word nie; dit kan alleen in die oor gefluister word. Die woord is: Mah-ha-bone. Dit is die woord wat verlore gegaan het met die dood van Hiram Abiff en hierdie woord word voorlopig gegee, totdat die regte woord gevind is.

Waarom so 'n eerbied vir hierdie woord dat dit net gefluister mag word? Omdat dit die God van die Vrymesselary is. Dit blyk as ons na die verdere grade gaan. Die ganse vrymesselary is, volgens hulle, die soektog na die verlore naam. Dit is soos die wetenskap soek na waarheid en soos die vrome soek na verlossing. In die Royal Arch-grad word die woord eindelijk en laaste gevind en dan kom die vrymesselaar in volkome gemeenskap met God. Die verlore Naam is: JAOBULON. Daar word gesê dat hierdie woord saamgestel is uit vier tale: Chaldeeus, Hebreeus, Siries en Egipties. Die woord is, soos gesien kan word. saamgestel uit die letters J.B.O. Nou word dit verklaar: J, is die Chaldeeuse naam vir God. Dit is ook 'n Hebreeuse woord met die betekenis: Ek is en sal wees. B. is 'n Siriese woord wat beteken: Here. O. is 'n Egiptiese woord, verkry in die Woord ON in die Osiris-mite.

Dus: JAOBULON is die Vrymesselaarsgodheid. Wat meer is, dit is 'n versamelnaam uit verskillende godhede. JAO is in der waarheid die Griekse woord vir JEHOWA, BUL is 'n ander naam vir BAÄL, die afgod van wie die Skrif so baie spreek, en ON is die naam vir die songod in die Egiptiese mitologie. Dus het ons in die Vrymesselary 'n heidense afgodery. Vrymesselary sal openbaar wie God is, stel homself in die plek van Gods openbaring in Sy Woord.

Hieruit volg nou: wat dink die Vrymesselary van die Skrif? Ja, daar word uit die Bybel gelees, met verdraaiing, soos ons aangetoon het. Die Bybel lê ook oop in elke losie. Bo-op die Bybel lê die winkelhaak en passer. Vra u die Vrymesselaarshandboeke wat die Skrif in die losie is, dan verkry u die antwoord dat dit 'n stuk "furniture" is. Hulle werk met simbole. Die winkelhaak is 'n simbool en die Bybel is 'n simbool. Is dit al erg, dit is nog nie die ergste nie. Die winkelhaak en die passer is in alle lande die twee groot ligte vir die vrymesselaars, maar in Mohammedaanse kringe vind u die Koran in die plek van die Bybel. M.a.w. die Bybel verkry selfs 'n tweede plek onder die tekens van die vrymesselaars. Wat nog meer is: die Bybel skyn nie by eie lig nie, maar moet deur iets anders verlig word. Die Bybel is een van die groot ligte, maar die kleinere ligte moet dit verlig, anders bly dit onsigbaar. Die kleinere ligte, waarby die Woord van God sigbaar moet word, is die son, die maan en die Meester van die losie. Ook die MEESTER. Vrymesselaarsmeesters sal ons leer hoe om die Bybel te sien. Maar daarom verkeer die hele wêreld ook in die duister vir die Vrymesselaars. Daarom moet die kandidaat by sy intrede ook sê: ek is een wat tot sover in die duister was, maar begeer om nou tot die lig te kom. Maar wat 'n donker lig! Dis nie Gods lig wat oor ons opgaan in Jesus Christus nie, maar die heidense skynsel van 'n godslasterlike, half-Egiptiese en Baälskynsel.

Wie twyfel dan nog dat ons hier met godsdienste te doen het? Dit is nie maar 'n onderlinge hulporganisasie, soos dikwels beweerd word nie. Dit is godsdienst. Dit is 'n sekere God wat aanbid word op 'n sekere wyse, met al die seremonies, met alle ampsdraers, half leunende op Gods Woord, maar volkome rustende op die menslike gevonde winkelhaak en passer wat die plek van die Bybel volkome in beslag neem. Die Vrymesselary spreek

ook van die wedergeboorte, as iemand tot lig kom in die organisasie. As iemand sterwe, word gesê dat hy oorgeplaas is na die "Grand Lodge" (die hemel), op geen ander grond as dat hy 'n goeie vrymesselaar was.

En wat is die eis van hierdie godsdiens? Hier sien ons nou die menslike verlossingsleer. In elke losie is daar 'n punt binne 'n sirkel. Die sirkel word van Noord na Suid deur twee raaklyne gesny en bo-op die sirkel lê die rol van die H. Wet, waarop weer die Jakobsleer rus wat tot aan die hemel toe reik. Die punt stel die individuele vrymesselaar voor en die sirkel die grens van sy pligte. Binne hierdie sirkel kan die vrymesselaar nie sondig nie, want sodra hy rondom die sirkel gaan, raak hy aan die twee lyne, wat Moses en Salomo voorstel en moet hy ook aan die H. Wet raak.

Hier sien ons die uiterste fariseïsme wat beweer dat 'n sondige mens, sonder die hulp van die drie-enige God, in staat kan wees om nie te sondig nie. Die mens moet homself dus wederbaar, self bou. Daar moet dus nog iets goeds in die mens wees. Dit moet net ontwikkel word. Deur te handel volgens die winkelhaak en die passer kan die mens 'n deugsame, onsondige, opregte mens wees. Van Christus se Middelaarskap en kruisverdienste kom niks tereg nie.

Die Vrymesselary vergeet dat die wet van God nie deur ons onderhou kan word nie, want, "ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (H. Kateg. vr. 5 en Rom. 3:10, 20, 23). Dan val al hierdie pragtige menslike voornemens in duie en word niks anders as mensverheerliking nie. Die weg na die hemel is tog bepaald nie via die sirkel van eie pligsvervulling deur die aanraking met Moses, Salomo en die rol van die Wet nie. Maar: niemand sal tot God kom nie dan deur Jesus Christus.

IV. Slotsom :—

Gewoonlik word gesê dat die Vrymesselary nogtans goed doen, omdat dit 'n liefdadigheidsorganisasie is vir onderlinge hulpbetoon.

Maar sluit ons daarby aan om liefdadigheid te betoon of om liefdadigheid te ontvang? Gewoonlik die laaste en dit is tog nie die edelste van motiewe nie.

Maar selfs dan: die gelde vir aansluiting (£25) en die jaarlikse donasies vir weduwees en wese en subskripsies, sal 'n mens in staat stel om 'n goeie lewensversekering uit te neem. En lewensversekering is tog geen liefdadigheid nie!

Ons konklusies sal wees: Die Vrymesselaarsgod is nie die God van die Skrifte nie, maar 'n verbastering van heidense, humanistiese en mitiese leengoed.

Die godsdiens is desgelyks. Dit ontken die sonde; dit ontken ook die Middelaar wat die sonde weggeneem het; dit voer tot 'n fariseïstiese wetsonderhouding en 'n menslike goeie-werke-leer i.p.v. die goddelike heilsleer.

Die Woord van God is nie reël van geloof en lewe nie, maar beklee 'n minderwaardige plek. Die Vrymesselaar lees uit die boek van die natuur.

Wat die voorgewende geskiedenis van die Vrymesselary betref: sy beroep op gedeeltes uit Gods Woord en Salomo se tempelbou is skone versinsel en gee die skyn asof die Skrif nie heilsgeskiedenis gee nie, maar die geskiedenis van die Vrymesselary. Terloops mag hier verwys word na die feit dat in Amerika ook vroue-losies ontstaan het. Dit bestaan in 5 grade, as volg genoem: 1. Jefta se dogter, 2. Ruth. 3. Esther, 4. Martha en 5. Electa. Ook hier word die Skrif diensbaar gestel aan die Vrymesselary.

Gesien dit alles: kan 'n Christen aan hierdie instelling behoort? Kan predikante daaraan behoort? Kan gelowiges beweer: dit maak niks aan my saligheid nie? Dit is tog duidelik 'n Christusontkennende en 'n godloënende organisasie.

DIE OXFORD-GROEP.

(Dr. P. J. S. DE KLERK).

Die Oxford-Groep word ook genoem die Groepbeweging. Die vader van hierdie beweging is Frank Buchman, wat stam uit 'n Duits-Switserse geslag. Hy is in 1878 gebore te Pennsburg in die staat Pennsylvania. In 1920 het hy teruggekeer na Engeland en in 1921 het hy te Cambridge sy eerste "houseparty" gehou. Hy het 'n opskudding verwek onder die studente. Veral in Oxford het sy "houseparties" ingang gevind. Dit het gelei tot die vestiging van die bekende Oxford-Groep. Naas Buchman is die beweegkragte van hierdie rigting Sherry Day en S. M. Shoemaker. Russell getuig in sy boek "Alleen voor Zondaars" (bl. 43): "Ze vormt geen vereeniging, want er bestaat geen lidmaatschap, geen bepaalde sekte, want ze sluit niemand uit, ze voert geen nieuwe actie, zet eenvoudig het werk voort der eerste Christengemeente, ze sticht geen kerk, maar stuurt aan op innerlijke gemeenschap van alle bestaande kerken." Die Groep wil "de innerlijke kerk in alle bestaande kerken zijn tot verdieping van het geestelijk leven in het lichaam van Christus."

Hoofbeginsels is: (1) Leiding van die Heilige Gees in die sg. stille tyd, (2) deel (share) in die sin van belydenis en getuienis, (3) verandering (life changers), (4) absolute oorgawe aan God, (5) geloof en gebed ens.

Dit spyt ons dat ons die artikel oor die Oxford-Groep nie ontvang het vir publikasie nie. Om enigsins daarvoor vergoeding te doen, neem ek 'n kort artikel van my oor uit "Die Bondsblad" van November 1934:

By alle waardering vir die goeie elemente in die Oxford-Groep is die gevare tog van so 'n aard, dat ons ons jongmense beslis moet afraai om daarmee iets te doen te hê. Ons raad is: soek in u kerk wat u goed vind in die Oxford-Groep en belewe dit. Dis juis mense wat hulle godsdienis nog nooit in hulle kerke belewe het, wat saam met die Groep gaan. Ons eerste beswaar is teen die leerstellige grondslag van die Groep.

Ons lees van die vader van die Groep nl. Buchman, dat hy hom nie om dogma bekommer nie. Daar is selfs Geref. jongmense al, wat 'n walg aan alle dogmas het, waarom, weet ons nie. 'n Mens se godsdienis kan tog nie in die lug hang nie.

Geen mens op aarde is dogmaloos nie, selfs nie die Groep nie. Alleen, dis nie in orde met hulle dogmatiek nie. Hulle praat baie van Christus, maar die versoening deur Christus staan te veel op die agtergrond. Die gevolg hiervan is, dat die Groep-mense meer praat oor die navolging van Christus as oor sy voldoening van ons sondes. In sy nuwe boek "Een ding weet ik" sê Russell: "Ek glo nie, dat die versoening die toorn van 'n bese God uitgewis het nie, want daar was geen toorn om te stil nie. God haat die sonde, maar nie die zondaars nie." Watter growwe dwaling kry ons nie hier nie!

'n Ander gevaar is die standpunt, wat die Groep inneem teen die Woord van God. Rev. Chavasse skrywe hieroor: "Die Bybel kondig hulle aan as 'n goeie hulpmiddel vir die geloofslewe, meer nie." In die s.g. "houseparties" word daar meer nadruk gelê op die belang van die subjektiewe ervaring in geestelike sake as op die groot gewig van die objektiewe heilsfeite, soos die H. Skrif ons hulle openbaar. 'n Ander gevaar is dat hulle op die heiligmaking baie sterker die nadruk lê as op die regverdigmaking. Die regverdigmaking is tog die beginsel van die heiligmaking. Hier neem die mens 'n te grote en Christus 'n te kleine plek in.

Sterk nadruk word daar gelê op die wil, en daardeur ontkom hulle nie aan die gevaar van werkheiligheid nie. Hulle verwag te veel van die mens, en hulle vergeet, dat die mens dood is in sondes en misdade. Aan die goeie werke word also meer 'n verdienstelike karakter gegee.

En die gevolg is dat die Groep uitkom by die groot gevaar van perfeksionisme, volmaaktheid. So 'n perfeksionisme is net die dood van alle geestelike groei. En hoevele van die Groep beweer nie, dat hulle reeds hierdie volmaaktheid kan bereik en bereik

het?

En wat is die "verandering" waarvan hulle gedurig praat, meer as bekering van sonde tot deug? Die meeste stel hulle tevrede met 'n oppervlakkige sondekennis. 'n Ware droefheid tot God oor die sonde is daar so weinig.

En hoe gaan dit met wat hulle noem "deel" (share)? Nergens lees ons in Gods Woord, dat ons al ons sonde moet openbaar voor die ore van ons medemens nie. Jesus het die plek daarvoor aangewys, nl. die binnekamer. Dit kan selfs verleidelik inwerk op ander as hulle al die sondeverhale moet aanhoor. En wat die s.g. "leiding" betref, is die Groep op 'n gevaarlike terrein. In my naaste omgewing gebeur dit, dat volgelinge van die Groep elke more 'n stille half uurtjie neersit, en almal kry dan 'n blanke blad papier, waarop hulle moet neerskrywe wat die H. Gees hulle ingee, wat hulle die dag moet doen. Hier word die leiding van die H. Gees losgemaak van die Woord van God. Ons glo ook aan die leiding van die H. Gees. Jesus self het gesê, dat die H. Gees ons in alle waarheid sal lei. Maar Jesus het daarby gevoeg: "U Woord is die Waarheid." 'n Leiding van die H. Gees los van die Woord van God ken Gods Woord nie.

Is dit nie verre gaande om in stilheid af te wag, watter leiding die H. Gees my sal gee, waarheen ek moet gaan, en wat ek daar moet doen? So 'n "leiding" is niks anders as auto-sugstie nie.

Die groep verwar die algemene bestier van Gods voorsienigheid met die besondere leiding van die H. Gees. Russell gebruik dan ook **leiding** en **voorsienigheid** as sinonieme begrippe. Lees maar "Eén ding weet ik" bl. 329. Niemand sal ontken, dat Gods leiding telkens in ons lewe openbaar word nie, maar God het vir ons Sy geopenbaarde wil in Sy Woord gegee. Dis kostelik om in die môrevroeg 'n stille halfuur in die gemeenskap met die Here deur te bring, maar dan moet dit wees deur bepeinsing van Sy Woord, en nie 'n lydelike afwagting van 'n ingewing wat ons moet kry. Dit behoort tuis op die erf van die wederdopers. Die groot fout hier van die Groep is dus dat hulle geen onderskeid maak tussen Gods algemene bestuur en sy besondere leiding nie.

Verder wil ons nog net weer daarop wys, dat ons dit nie eens is met hulle wyse van bely en getuie (share) nie. Ons kry hier 'n soort van verkapte Roomse biegestelsel. Ds. Buffinga skrywe hieroor: "Men zij toch niet blind voor wat de psychologie ons leert, dat te 'deelen' voor sommigen kan betekenen het opwekken van een latente (verborge) perverse (verkeerde) neiging om met z'n zonden te koop te lopen. En er naar te luisteren kan stimuleeren het subtiële toegeven aan verkeerde, zondige nieuwsgierigheid." ("Beproeft de Geesten" bl. 62.) Ons Bybel leer ons nie, dat aan hulle self ontdekte sondaars met hulle sondes na die mense moet gaan nie. Spurgeon vra in 'n preek: "Het die tollenaar ooit daaraan gedink om na die priester te gaan en sy sonde te bely? Nee, sy sondes was te swaar 'n las op sy konsensie, en sy krankheid was van so 'n aard, dat niemand as die almachtige medisyn-meester dit kan genees nie." Ons moet getuie, en ook vir mekaar die misdade bely, sê Jakobus. Maar dit moet persoonlike, intieme gesprekke wees. Dit gaan nie om in grotere geselskappe die intiemste sondes uit te stal nie. "Verborgene zonden kunnen zoo gemeengoed worden. En ze zullen spotlust opwekken van grove naturen." Nee, liewers dan met die sondes in die binnekamer voor Gods aangesig. Hoe dikwels gebeur dit nie dat eenselfde sonde so herhaaldelik bely word. Daardeur verloor so 'n sonde vir ons eie bewussyn sy ernstige karakter. Dan wil vele interessant wees met hulle belydenis van sondes. Die sensasiesug sit immers diep in die hart van elke mens. En so word hier dikwels onwaaragtigheid gekweek, deurdat baie slegs hulle mededelings doen om in geestelike opsig iets te wil skyn. Die sug om meer te wil skyn as wat mens is, is daar orals. Let maar eens fyn op in so 'n "houseparty" en oortuig uself.

En dan sê ons Bybel nergens vir ons dat ons al ons sondes met naam en bynaam moet opnoem as ons hulle bely nie. Lees Fil. 3:14 wat Paulus hiervan sê. Laat elkeen liewers vir homself kla by God oor sy sondes.

En tenslotte, die Oxford-Groep is 'n geestelike stroming, wat langs die kerk heenvloei,

hoewel dit graag die kerk in sy "opwekking" wil betrek. Die kerk moet seker leer van elke godsdienstige beweging, wat die mense uit hulle ingesonkenheid oproep tot 'n lewende geloof. Maar die kerk mag nooit sy eie hoë roeping daarby uit die oog verloor nie. Christus het aan Sy kerk Sy Woord toevertrou. As die kerk nou by die Oxford-Groep lewe moet gaan soek vir sy lidmate, dan verklaar hy homself daardeur bankrot. Tereg merk Ds. Buffinga op: "Bij de Groep-beweging ontbreekt ongetwijfeld te veel het kerkelijk besef. Op de "houseparties" is men meer bezig met de eigen bevinding dan met de prediking des Evangelies." Van die heerlike waarde van die sakramente hoor mens byna nooit iets by die Groep nie. Geen debat, geen bespreking oor enige geloofsonderwerp word op die "houseparties" toegelaat nie.

Ons oortuiging is, dat die Groep soos elke "revival" (opwekking) geen blywende krag het nie. Dis 'n mode godsdienst veral onder die intellektueles by wie die kerklike besef afgestomp het. En ons twyfel of die Groep die regte liggaam is om daardie besef weer aan te kweek.

Hierdie bruisende stroom sal spoedig versand. Dit kan nie anders nie. Die Calvinisme leer ons dat ons eie geloof nie die belangrikste is nie. Die belangrikste is nie wat ek belewe nie, maar wat God in hierdie wêreld doen en hoe Hy tot sy eer kom. Ook hier moet ons die geeste beproef. Die Groep is 'n gevaar omdat hy geen belydenisgrondslag het nie, en die lewe word tog beheers deur die leer. Die ervaring het geleer, dat weinige mense deur die Groep terug gebring is na die kerk.